Ferdi Barnard and MI:
THIS IS HOW THE STORY BROKE

* Amnestie, 10

VryeWeekblad

20 - 26 NOVEMBER 1992 R3,00(BTW INGESLUIT)

FW se grootste nagmerrie word waar

Die sluise van korrupsie en die veiligheids-magte se bandeloosheid is oopgedraai

DOREEN MORRIS:
Van arm werkersagtergrond tot glansmeisie

GOËLARY:
meer as net bangmaakstories, sê wetenskaplikes

AKUPUNKTUUR:
Prik jouself reg

INHOUD N° 201

5 - 6 FW de Klerk se skip is besig om te sink, sê Max du Preez en Ivor Powell. Hulle gee 'n dag-tot-dag verslag van wat alles skeefgeloop het en vra wat dan nog moet gebeur voordat FW die sinkende skip verlaat.

7 - 8 Op 30 Oktober vanjaar het *Vrye Weekblad* die grusame verhaal van **Joao Alberto Cuna** gepubliseer. Die Goldstone-kommissie het die storie opgevolg en só die Ferdi Barnard-katnes ontdek. Maandagnag ná die onthullings van regter Richard Goldstone oor MI se geheime geknoei, is daar druk gewerk om lêers te vernietig, vertel 'n gewese MI-offisier aan Ina van der Linde

20 - 21 Doreen Morris is bekend as mede-aanbieder van M-Net se *Revue Plus.* Sy vertel vir Pearlie Joubert hoekom sy nog nooit soos 'n token darkie gevoel het nie.

27 - 28 Voorwerpe wat sonder meer deur die lug vlieg, lepels wat buig sonder dat iemand daaraan raak, mense wat beweer hulle kan ander se gedagtes lees... Ina van der Linde soek na verklarings vir die onverklaarbare.

35 Charl Blignaut het dié week na Coenie de Villiers,

Nataniël, Jennifer Ferguson en Amampondo gaan kyk en dink, van fallusse tot funk, lyk die industrie nogal OK.

AKTUEEL
6 Vier teoloë sê genoeg is genoeg
7 Nuwe vrae oor Goldstone, MI, Cuna en die Derde Mag
9 Further adventures of General Coverup
10 Africa Watch addresses an open letter to FW de Klerk
12 KwaNdebele: "Die konkelaars sit elders"
13 SA homosexuality laws: depraved and repugnant to nature
14 The Dominicans - a thorn in Rome's side?

ANALYSIS
11 It takes more than an amnesty to kill the past

INTERNASIONAAL
18 US blacks making steady political progress
Die dooies begin getuig in El Salvador
19 Die einde van Superman?
Amerikaners kikker begrafnisse met video's op
Die vervolging van Christene in Soedan

MENSE
15 An interview with the DP's Andile Mzaidume
17 Daisy de Melker se briewe

GESONDHEID
24 & 25 Prik jou reg, sê Esma Anderson

OMGEWING
26 Afrika se aasvoëls

RUBRIEKE & MENINGS
3 Vrydagoggend saam met Max du Preez
4 Briewe van ons lesers
11 Brolloks
16 Andrea Vinassa skryf uit Amerika
29 Tim Sandham se Sportrubriek
Fanie Olivier oor Stoffel van der Merwe en die Springbokafrigter
32 Plant 'n Boom & Nettie Pikeur
33 Elmari Rautenbach oor dié week se TV

BOEKE & FIKSIE
22 & 23 Sampie Terreblanche bespreek *Oor Grense Heen*
23 *Mammie! Derrah-hulle Het Gemarch* deur Leonard Koza

KUNS & VERMAAK
30 Jerry Mofokeng en Mary Slack - nuwe gesigte by die Markteater
31 Kendell Geers takes a look at new art shows by Alan Alborough and Ian Waldeck
34 Henning Viljoen is optimisties oor die Nasionale Simfonie Orkes se derde seisoen
Arnold Blumer resenseer *Die Tou*
36 Christi van der Westhuizen bekyk eeu-oue fassinasies
37 Roger Young on blonde lesbo's and the perpetuation of stereotypes
40 Charl Blignaut reviews *Matador*

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).

WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:
Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.
POSADRES: Posbus 177, Newtown 2113.
TELEFOON: (011) 836-2151
FAKS: 838- 5901.

PRETORIA-KANTOOR (012) 83-4879.

REDAKTEUR: Max du Preez
ASSISTENT-REDAKTEURS: Andrea Vinassa, Ina van der Linde, Ivor Powell
POLITIEKE KORRESPONDENT: Hennie Serfontein
SUB-REDAKTEUR: Ryk Hattingh
KOPIEREDAKTEUR: Johannes Bruwer
WAARNEMENDE KUNSREDAKTEUR: Charl Blignaut
ONTWERP: Anton Sassenberg
VERSLAGGEWERS: Christelle Terreblanche, Pearlie Joubert, Esma Anderson, Wally Mbhele
OMGEWINGSKONSULTANT: Tienie du Plessis
REDAKSIE-ASSISTENT: Christi van der Westhuizen
FOTOREDAKTEUR: Sally Shorkend

FINANSIËLE BESTUURDER: Mark Beare
BESTUURDER (BEMARKING EN ADVERTENSIES): Lilie van der Walt
ASSISTENT FINANSIËLE BESTUURDER: Louwrins Potgieter
KANTOOR-ASSISTENTE: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu

so sê hulle

"Die moreel van die veiligheidsmagte is baie laag. Elke ou keer nou net vir homself - tot op ministeriële vlak."
FERDIE BARNARD, *gewese lid van MI en die Burgerlike Samewerkingsburo.*

"Sy (Daisy de Melker) was die lelikste vrou wat ek nog ooit gesien het. Hoe sy twee mans kon kry, gaan my verstand te bowe."
Advokaat ISSY MAISELS (QC), *wat betrokke was in Daisy de Melker se verhoor, en wat nou ná 62 jaar as advokaat aftree.*

"I have worked all my life for peaceful change in this country but, of course, if I am forced to lead my people through the dark water, I will be there."
Chief Minister MANGOSUTHU BUTHELEZI *on the violent power struggle between Inkatha and the ANC.*

"If it is time (to fight), well, we'll have to face it, to save this country from being led by the Communist man."
Zulu King GOODWILL ZWELETHINI, *presumably referring to Nelson Mandela and the ongoing political violence.*

"Dit is ironies dat vrede nou sy eie krisis meegebring het."
JEFF SELLERS *van die Amerikaanse liefdadigheidsorganisasie World Vision oor die voedingskrisis wat ontstaan het nadat Mosambiekse vlugtelinge teruggekeer het met die aankondiging van die skietstaking tussen regeringsmagte en Renamo.*

Dov Fedler in The Star

het jy geweet?

Meer as 600 tydskrifte word in Suid-Afrika gepubliseer - drie finansiële weekblaaie inkluis. Daar is vyf landwye dagkoerante (drie Engels, twee Afrikaans) en vyf landwye Sondagkoerante. Naas die nasionale koerante is daar 22 dagkoerante (16 Engels en 6 Afrikaans), 175 weekblaaie (meestal tweetalig) en 39 koerante wat tweeweekliks of maandeliks gepubliseer word.

Die soogdier met die langste draagtyd is die Asiatiese olifant - van bevrugting tot die geboorte van die olifantjie duur gemiddeld 645 dae.

Die ergste treinongeluk tot dusver was die ontsporing van 'n passasierstrein by Modane in Frankryk op 12 Desember 1917 - 543 mense is dood. Drie ander treinongelukke het meer as 500 mense se lewens gekos: op 16 Januarie 1944 is 500 dood in Leon in Spanje; op 2 Maart 1944 is 521 mense dood by Salerno in Italië en op 6 Junie 1981 is meer as 500 mense dood by Bihar in Indië.

vrydagoggend
met max du preez

Leer by die bure

EK het die laaste tyd 'n ding aangeleer wat ek eintlik al aan die begin van my joernalistieke loopbaan moes aangeleer het: ek lúíster na mense. En nou begin selfs mense wat ek altyd gedink het vervelig was, vir my interessant word (nou ja, darem ook nie almal nie.)

Ek sit byvoorbeeld dié week in 'n geselskap waar daar heelparty mense uit Zimbabwe en Zambië is. Ons praat oor dié en daai, maar uiteindelik wil hulle net oor een ding praat: watse soort "civil society" (burgergemeenskap?) daar in Suid-Afrika is en wat die toekoms daarvan is.

Want, sê hulle uit eie ervaring, dié is uiters noodsaaklik vir die groei van 'n stabiele, gesonde gemeenskap - wie en wat ook al die regering is.

En ek dink by myself: ons in Suid-Afrika het so 'n obsessie oor magspolitiek en raspolitiek dat ons min tyd het vir nadenke - en handeling - oor dié sake wat uiteindelik sal sorg dat ons 'n gesonde nasie gaan wees.

'n Baie knap jong Suid-Afrikaner in dieselfde geselskap, swart van vel, het onlangs twee kabinetsministers ontmoet. Hy het hulle dom, ongesofistikeerd en ontoeganklik gevind: "Ek het hulle só gekyk en besef hulle sou nie een 'n kans gehad het om tot die leierskap van ons studente-organisasie verkies te word nie."

En hy wou by my weet hoe dit moontlik is dat sulke mense in die regering aangestel kon word. Ek ken die twee ministers, en hy is reg. Maar eers toe ek probeer om te verduidelik hoe hulle in dié magtige posisies beland het, het ek self besef hoe absurd ons laaste paar regerings was en hoe bloedskennig Afrikaner-nasionalisme geword het.

DIESELFDE KÊREL vertel vir die besoekers uit die buurstate dat hulle onderskat hoeveel hulle geraak gaan word deur wat in Suid-Afrika aan die gebeur is. En hy vertel 'n ding wat ek nie geweet het nie: in heelwat van Suid-Afrika se townships is groot groepe mense uit Mosambiek, Zimbabwe en Zambië besig om saam te drom - sommige in huise, ander in plakkershutte. Omdat hulle meestal werkloos en meestal onwettige immigrante is, is hulle maklike prooi vir elemente van die veiligheidsmagte om te misbruik. So is dit bekend, sê die man, dat immigrante uit buurstate hoofsaaklik vir die geweld in townships soos Soweto en Alexandra verantwoordelik is. En dié immigrante word al meer ongewild by die ander inwoners.

Daar is 'n ander kant van dié immigrante-saak ook, sê 'n man. Byvoorbeeld: daar is heelwat swart mediese dokters uit die buurstate wat na Suid-Afrika immigreer. Anders as swart Suid-Afrikaanse dokters, is hulle bereid om op afgeleë plekkies soos in die verre Noord-Transvaal te gaan werk. Vir hulle is dit steeds 'n verbetering, want hulle kan hier beter leef en selfs Mercedesse koop, wat hulle in Zimbabwe nie kan nie. En Suid-Afrika het die voordeel van goeie mediese dienste aan plattelandse swart gemeenskappe.

DIE BESOEKERS vra my uit oor die huidige situasie in Suid-Afrika, en ek begin vertel van die laaste paar weke se swere van korrupsie wat oopgebars het en die dramas om die ongedissiplineerdheid van die veiligheidsmagte.

Maar na 'n paar minute kom ek agter hulle is verveeld. En die rede is doodgewoon: selfs waar hulle in ons buurstate sit het hulle al dié dinge eintlik geweet. "Sekerlik is dié goed nie vir julle 'n verrassing nie," sê 'n vrou. "Hoe kon 'n mens anders 'n stelsel soos apartheid aan die gang hou sonder dat daar grootskeepse morele en materiële korrupsie gaan wees?"

En, voeg 'n man met 'n glimlag by, die mense van die buurstate dink nie meer regeringskorrupsie is interessant nie, want hulle lewe al jare lank elke dag daarmee saam.

MAAR AL die besoekers uit die buurstate stem heelhartig saam met 'n Suid-Afrikaner wat aan hulle sê die eerste demokratiese verkiesing behoort nie te bepaal hoe die eerste regering gaan lyk nie. Die koppe knik op en af as hy sê die eerste regering sal 'n regering moet wees waarin alle sterk belangegroepe verteenwoordig moet wees: "Dit sal seker deur die ANC oorheers word, maar Buthelezi moet daar wees en die PAC moet daar wees en De Klerk moet daar wees en as die weermag Magnus Malan as hulle leier sien, moet ons hom ook in die regering insluit. Anders gaan daar groepe en magte wees wat vervreem en bedreig gaan voel, en dan is destabilisasie ons voorland." Ja, sê die besoekers, dis 'n les wat ons ook geleer het.

'n Ouerige vrou kyk die Suid-Afrikaner so aan en sê: "Ek hoop nie jy het politieke ambisies nie. Jy lyk na 'n goeie, slim jong man. Die politiek van Suid-Afrika in die volgende paar jaar gaan met mense soos jy mors. As jy politieke ambisies het, sit dit op die ys vir so 'n paar jaar. As die eerste regering erg in die knyp is - so 'n jaar of wat voor julle tweede verkiesing - is dit die regte tyd om betrokke te raak."

As ek die politiek om my so bekyk, klink dit vir my na uitstekende raad.

BRIEWE

US BEVOLK IN HUL KOPPE

BROER MATIE VAN VREDEHOEK SKRYF:

Aan alle mense wat gedink het dat die vervanging van Broer Mike met Broer Andreas in Matieland net meer van dieselfde beteken: dink weer. Dinge woel hier onder in die Kaap, en ons universiteit is besig om sy (sic, nie waar nie) rekenaarstelsels "om te skakel na 'n geïntegreerde intydse stelsel". In tyd waarmee, sal julle miskien vra. In tyd met die nuwe Suid-Afrika natuurlik. Derhalwe merk ek in die nuwe registrasievorms wat vanoggend in my posbus beland het, dat die burokrate nie meer belangstel om te weet of ek blank, nie-blank of anderskleurig is nie.

Ras, soos almal natuurlik weet, is egter iets heeltemal anders as volk, en 'n volk is mos darem iets om op trots te wees, of hoe? Nou sit ek egter met 'n dilemma, want uit die lys van 37 bevolkingsgroepe wat die universiteit goedgunstelik aan my verskaf het, kan ek nie die regte een vind nie. Ek het myself nog nooit regtig as 'n "Afrikaner" beskou nie, en 'n "Brit/Engelsman" was ek definitief nog nooit nie.

Ter wille van die geselligheid gee ek sommer die hele lysie: Afrikaner, Angolees, Asiaat, Belg, Brit/Engelsman, Damara, Duitser, Fransman, Griek, Griekwa, Herero, Indiër, Japanees, Kleurling, Koreaan, Maleier, Mosambieker, Ndebele, Nederlander, Noord-Sotho, Onbekend, Ovambo, Portugees, Rehoboth Baster, Shangaan, Sjinees, Skot, Suid-Sotho, Swazi, Switser, Tsonga, Venda, Xhosa, Zambiër, Zimbabwiër, Zoeloe.

Aan alle Suid-Afrikaners, Engelsvroue en ander mense wat graag volgende jaar in Stellenbosch wou gaan wegkruip, maar nou nie meer kwalifiseer nie: soek saam met my 'n ander universiteit, of vat 'n kans en lieg julle self by "onbekend" in!

JOE ONGELUKKIG OOR FOTO'S

A BOSMAN VAN DIE PROKUREURSFIRMA HAVINGA & KRUGER VAN PRETORIA SKRYF:

Insake mnr Joe Verster. Ons instruksies is dat u koerant volhard met die plasing van foto's en/of kunstenaarsketse en/of afbeeldings van ons kliënt waardeur sy identiteit ontbloot word.

Voornoemde is natuurlik in stryd met 'n hofbevel deur sy Edele Regter Stegmann waarin die openbaarmaking van mnr Verster se identiteit verbied word. Ons instruksies is om u vriendelik te versoek om nie weer 'n foto of soortgelyke sketse van mnr Verster te plaas nie. Indien u sou volhard is ons instruksies om sodanige uitgawe van die koerant met 'n dringende interdik te verbied. U sal natuurlik ook aanspreeklik gehou word vir die koste van so 'n aansoek.

Ons instruksies is dus om u te versoek om ons te voorsien van 'n skriftelike onderneming om nie weer 'n foto of soortgelyke skets van mnr Verster te plaas nie. Ons instruksies is ook om u daarop te wys dat ons kliënt moontlik gevolgskade mag ly as gevolg van die ontbloting van sy identiteit waarvoor hy u verantwoordelik gaan hou.

(Tot die bevel opgehef is, sal ons nie weer Verster se foto gebruik nie. Ons het nie geld vir 'n hofgeding nie - dit het mos deesdae die doeltreffendste manier van sensuur geword. Maar ons sluk baie swaar aan die regter se "bevel". Watter reg het Verster met sy posisie en sy geskiedenis op gesigloosheid? Almal weet hoe lyk Staal Burger en Ferdi Barnard en Eddie Webb en Chris Hani en Joe Slovo - almal mense wat ook baie vyande het - maar niemand gee hulle dié vreemde soort beskerming nie. - Red.)

WEEK SOOS IN "WEAK"

TIM HUISAMEN VAN GRAHAMSTAD SKRYF:

Wie is Roger Young en Kendell Geers en waarom beoefen hulle die filmkritiek? Op bladsy 37 (*VWB* 12 - 19 Nov) is daar 'n studentikose, seksistiese, "biosin" oor eersgenoemde en dit laat weer eens die vrae "wie" en "waarom" met groter weersin en woede ontstaan. En: wáár het hy sy clichés aangeleer - by die "roof"/"underground cinema", as "dogsbody" in die filmbedryf, by die "large-breasted waitresses" of sommer uit slegte en verouderde lees- en kykgewoontes?

Enige kritikus wat kan sê: "Eastwood was at the forefront of mythologising the West and now is at the forefront of demythologising it" (bladsy 40), weet niks van mites nie, nog minder van Westerns en totaal niks van die subgenre Spaghetti Westerns nie.

Enige kritikus wat soos Kendell Geers kan sê: "*Midnight Clear* lacks the disturbingly violent and therefore effective scenes that give films like *Platoon* their punch" (p 40), moet nou kies of hy/sy eers 'n kursus in logika of eers 'n sielkundige moet kry. Laat staan nog die geskiedenis, die semiotiek of die estetika van film gaan bestudeer.

In 'n onlangse artikel in *Stilet* (3:1, Maart 1991, p 99) het ek Andrea Vinassa as een van die knapste kritici in Suid-Afrika beskryf. Ek staan nog net-net daarby.

Wat is *Vrye Weekblad* en waarom bestaan hy nog? Tussen jul saaie "politically correct" kaf en vreemde kritiek is daar 'n aanbod aan voornemende intekenaars om dié joernaal tuis afgelewer te kry. Dit is kielierig om te sien dié uitnodiging is slegs aan die elitistiese wit voorstede van Johannesburg en Kaapstad en hul wit aanhangsels in die PWV-gebied en die Boland gerig.

Wie is Max du Preez en waarom probeer hy nog? *Vrye Weekblad* was 'n goeie en dappere begin, maar is nou nóg radikaal "vry", nóg krities voldoende, slegs maar net "week" in die Engelse sin van "weak". Maar miskien moet ek 'n blad voor my mond hou en nie sê nie: "Mnr Du Preez, dit sit nie in u of u blad se broek om die pas vol te hou nie; op die oomblik is julle maar slegs 'also runs'."

Raak asseblief ontslae van Roger Young! Dit sal die ballas so 'n bietjie afskud en miskien kan daar 'n bietjie floue vaart in die *VWB* kom.

(Klagtes oor huisaflewering moet asb gerig word aan Times Media Ltd - Tel: 011-836 8315 - wat dit namens VWB hanteer. - Red.)

STATISTIESE DROGREDENASIE

PJD LOURENS VAN QUELLERINA SKRYF:

Enigiets onder die son kan met statistiek bewys word. As 'n mens byvoorbeeld die aantal Suid-Afrikaanse prokureurs per jaar sedert 1900 met die aantal boemelaars sou korreleer, sou die korrelasie bes moontlik positief kon wees. Maar dit sou nog nie beteken dat daar 'n verband tussen dié twee beroepe bestaan nie.

Om uit die feit dat gewelddadige misdade toegeneem het sedert die doodstraf opgehef is, af te lei dat die doodstraf 'n doeltreffende afskrikmiddel is, is gewoon 'n drogredenasie. 'n Mens kan net geldige afleidings uit statistiek maak as jy alle getuienis tot jou beskikking in ag neem, in die geval van die doodstraf die getuienis wêreldwyd dat dié straf nie misdadigers afskrik nie.

Misdaad is die gevolg van sosio-ekonomiese faktore, veral armoede. As mense tereg bekommerd voel oor misdaad in Suid-Afrika, moet hulle sorg dat armoede, werkloosheid en ongeletterdheid beveg word, dat behoorlike behuising, mediese dienste en onderwys aan almal voorsien word. Jy slaan nie 'n perd wat smag van dors omdat hy 'n teug water neem nie.

As ons dié land nog verder in die afgrond wil stort, moet ons nou Hooggeregshof toe hol en die staat dwing om massas mense tereg te stel. Misdadigers sal nog meer desperaat word, die hele beskaafde wêreld sal ons met afgryse aanstaar. En hoe ons met ons gewetes gaan saamleef, weet ek nie.

HANDS OFF POWELL!

MUZIKAWUBONGWA KHUMALO OF GRAHAMSTOWN WRITES:

I am a regular reader of the excellent *Vrye Weekblad*.

I write in response to the two letters in which Ivor Powell comes under unfair attack (*VWB*, 6-12 Nov).

I am least interested in the complexities of the arguments of Frieda Hattingh and Warren Siebrits against Powell. I have re-read Powell's reflections on the Fred Page issue and found nil distortions.

Those who question the intellectuality of Powell, in my view, reflect their own intellectual incompetence. It is not in my nature to eulogize individuals - least of all journalists - but these attacks on my favourite have infuriated me to the degree where I couldn't but defend Powell against such uninformed and wild invasions on his character.

To Powell I must say: Your reaction was dominated by anger, which I understand. But you shouldn't have reacted yourself; you should have allowed us readers to judge, as I do today.

Say what you like about Ivor Powell, but he, Max du Preez, Hennie Serfontein and Philip van Niekerk (of the *Weekly Mail)* remain the best journalists in this country. They have revolutionalised journalism and accorded it with the status it deserves.

The alternative to Ivor Powell and his inspiring journalism, is Ken Owen and his insipid, verkrampte journalistic lot.

Isn't it high time we all said: Hands off Ivor Powell!

EK IS ÓÓK WOEDEND

BW VAN JOHANNESBURG SKRYF:

Na aanleiding van Herman Lategan van Groenpunt se brief (*VWB* 12-19 Nov), wil ek net sê dit is nie alle Christene wat besluit het om nie *The Last Temptation of Christ* te gaan kyk nie.

Ek glo in God en ek sou baie graag *The Last Temptation* wou gaan sien.

En ek is óók woedend vir die mense wat besluit het ons mag dit nie kyk nie. En dit was nie net die "Christene" wat dit besluit het nie, maar ook die selfsugtige ouer garde van Suider-Afrika, ons resensente.

En moet nie so "brag" omdat jy nie in God glo nie, hou dit eerder vir jouself. Dis goed dat jy nie aan 'n kerk behoort of glo nie, maar God, skaam jou.

Briewe korter as 300 woorde geniet voorkeur.

Rig briewe aan:
Die Brieweredakteur VWB
Posbus 177 Newtown 2113

Die sluise word oopgetrek
Die skip sink en die rotte spring...

Dit was 'n patetiese gesig: 'n senior minister, Roelf Meyer, wat op nasionale TV stamelend erken dat sy amptenare vir hom gelieg en sy opdragte geïgnoreer het, en dat hy 'n generaal na sy kantoor ontbied het om antwoorde te kry, maar dat dié duidelik nie vir hom die antwoorde gegee het nie. Maar dit was maar 'n klein blik op die totale wanorde in regeringskringe noudat die sluise oopgetrek word oor die laaste jare se ongelooflike korrupsie in byna elke staatsdepartement en die flagrante minagting van politieke gesag deur die generaals van die polisie en die weermag. Dit is maar net die begin - die vloedwater kom eers in die volgende paar weke. **MAX DU PREEZ** en **IVOR POWELL** kyk na die grootste nagmerrie van FW de Klerk se lewe

LOOP 'n mens deesdae ná middernag deur die strate van Pretoria, so gaan die storie, hoor jy net twee geluide: die geknars van snippermasjiene en die gewoer van kopieermasjiene. Dié storie het die laaste week baie waar geword. Nog nooit was daar so 'n geskarrel in die bekende en geheime geboue en kluise van die polisie, die weermag en die Nasionale Intelligensiediens soos ná regter Richard Goldstone se bom Maandag oor geheime MI-aktiwiteite nie.

Die paranoia in die veiligheidsmagte loop só dik dat huidige en gewese offisiere en senior amptenare tou staan by koerantkantore en selfs by die ANC om hul departemente se vuil wasgoed te was en hul kollegas in die rug te steek - in die hoop dat hulle nie vervolg gaan word wanneer 'n nuwe regering oorgeneem het nie.

VWB het verskeie verslae gehoor dié week van hoe vragte dossiere en geheime lêers verbrand en versnipper word uit vrees dat die Goldstone-vlammetjie 'n verwoestende veldbrand word wat nog méér van die donker geheime van die militêre en polisie-establishment gaan onthul.

Soos 'n gewese MI-offisier aan 'n *VWB*-verslaggewer opmerk: "Die woord Neuremberg-verhore is nou skielik op almal se lippe."

Die drama van die laaste week - eintlik het dit al met Inkathagate en Boipatong begin - gaan ongetwyfeld die binnelandse en internasionale aansien en geloofwaardigheid van die De Klerk-regering ernstig ondermyn.

En wanneer die regering en die Nasionale Party in die volgende maand en vroeg volgende jaar weer om die



onderhandelingstafel gaan sit, gaan hulle in 'n baie swakker posisie wees as tot nou.

Selfs van De Klerk se beste vriende in die Weste is besig om die druk op hom op te laai: maak skoon, tree op.

Maar daar is ook 'n bietjie simpatie met De Klerk self. Die meeste van die ondinge wat nou op die lappe kom, is gebore tydens die berugte bewind van PW Botha en die Totale Aanslag-era.

Aan die ander kant, De Klerk was 'n lid van Botha se kabinet en is dus mede-verantwoordelik. Boonop sit hy met 'n hele paar ministers in sy kabinet wat destyds met die geboorte van dié monsters vroedvrou gespeel het.

En, belangriker nog: De Klerk het die laaste twee jaar byna niks daadwerkliks gedoen om die korrupsie in sy administrasie oop te vlek en skoon te maak nie, en - ondanks die waarskuwingsligte wat van sy eerste ampsdag geflikker het - telkens sy hande in onskuld gewas oor die wetteloosheid, ongedissiplineerdheid en arrogansie van sy veiligheidsmagte. Heelwat van die skandale wat nou uitkom, het in werklikheid tydens sy ampstermyn gebeur.

De Klerk kan die huidige krisis oorleef, maar dan sal hy baie eerliker en met heelwat meer waagmoed moet optree as tot nou. As hy en sy regering gaan aanhou om te probeer toesmeer, gaan hy binne enkele maande op sy knieë wees.

HIER IS VAN DIE BOMME wat die De Klerk-regering die laaste tyd getref het:

* 17 Junie: 42 mense word brutaal in Boipatong vermoor ná 'n aanval deur IVP-ondersteuners van die nabygeleë KwaMadala Hostel. Hoewel die polisie vooraf gewaarsku is, het dit hulle meer as sewe ure geneem om te reageer. Bandopnames wat deur die polisie gemaak is, is as gevolg van hul eie lompheid en onkunde uitgevee.

Die internasionale protes wat volg, het president De Klerk gedwing om internasionale monitors toe te laat om die geweld in Suid-Afrika te ondersoek.

* 26 Julie: Die Staatspatoloog, dr Jonathan Gluckman, laat bars 'n bom met 'n verslag waarin hy beweer dat 90 persent van sterfgevalle in aanhouding toegeskryf kan word aan die SAP. "My indruk," sê Gluckman, "is dat die polisie heeltemal buite beheer is. Hulle doen wat hulle wil."

* Die Britse polisieman, dr Peter Waddington, wat ingebring is om die Boipatong-ondersoek te moniteer, bring die polisie se geloofwaardigheid verder in gedrang met sy aantyging dat hulle uiters onbevoeg is en nie die mees grondliggende prosedures in polisiëring volg nie.

* Laat Augustus: te midde van voortdurende sterftes in aanhouding en

verdere beskuldigings van polisie-onbevoegdheid as dit kom by ondersoeke, kondig De Klerk aan dat 13 polisie-generaals aftree en dat die polisiemag geherstruktureer word. Die sleutelpersoneel in die staatsveiligheidstruktuur word egter nie deur die veranderinge geraak nie.

* 7 September: 23 deelnemers aan 'n ANC-opmars teen die regime van Oupa Gqozo word deur die Ciskeise weermag afgemaai. Die Ciskeise soldate was onder bevel van gesekondeerde soldate van die SAW, en ten spyte van aansprake deur die SAW dat dit nie beheer het oor wat in "onafhanklike state" gebeur nie, het die voorval, gekoppel aan die Boipatong-slagting, gelei tot 'n merkbare afname in De Klerk se internasionale en plaaslike geloofwaardigheid. Dit het ook gelei tot 'n vervreemding van voormalige tuisland-bondgenote en 'n verdere stremming geplaas op sy federale alliansie.

* 29 September: Na onderhandelinge vir vier maande gestaak is, word De Klerk deur 'n toenemend weerspannige ANC gedwing om op sleutelpunte toegewings te maak. Dit sluit in die vrylating van oorblywende politieke gevangenes van die ANC en die omheining van die hostelle. De Klerk verloor hierdeur die inisiatief in die onderhandelingsproses, en boet aansienlike steun in onder sy eie ondersteuners wat meen dat hy onder druk geswig het.

* 12 Oktober: die lank uitgestelde ondersoek na die moord op die apartheid-aktivis, dr David Webster, begin in Johannesburg. Kragtige getuienis word gelewer dat ondersoekspanne wat in 1989 vir die Harmse-kommissie opgetree het, inderdaad as 'n verbloeming gedien het vir sekere BSB-aktiwiteite; dat bevele deur top-offisiere gegee is om politieke opponenete te vermoor; en dat die BSB onder bevel van die afdeling Militêre Inligting 'n stelselmatige veldtog van destabilisasie teen Swapo gevoer het in die aanloop tot die verkiesing vir onafhanklikheid van Namibia. Getuienis is ook gelei dat daar direkte BSB-betrokkenheid in die Webster- en die Anton Lubowski-moord was. Daarby kom nog die onopgeloste raaisel oor die Goniwe-moorde in die Oos-Kaap en bewerings dat hoogstaande politici en veiligheidsmanne soos Joffel van der Westhuizen, voormalige hoof van Militêre Inligting, daarby betrokke was.

* In reaksie op getuienis rondom die BSB se rol in Militêre Intelligensie, bevestig die Minister van Verdediging, Gene Louw, dat die SAW die afhandeling van BSB-sake finansier - maar beskryf dit as 'n kontrak met 'n burgerlike organisasie. In dieselfde week word getuienis deur genl Eddie Webb oor bedrywighede van die BSB, stopgesit omrede die openbaarmaking onder veiligheidswetgewing onwettig sou wees.

* Tydens die kort parlementsitting in Oktober, word De Klerk gedwing om die magte van die Presidentsraad te gebruik om voorgestelde wetgewing deur te voer wat algemene amnestie verleen aan lede van die veiligheidsmagte wat misdade in die naam van apartheid gepleeg het. Dié skuif word deur die ANC verwerp en het gelei tot 'n storm rondom die kop van De Klerk.

* Die voortgesette ondersoek na die dood van die menseregte-kampvegter advokaat Bheki Mlangeni, wat vermoor is met 'n bom in 'n bandspeler, het oorvleuel met die onthulling deur Scotland Yard van 'n beweerde sluipmoord-poging op die voormalige Vlakplaas-agent Dirk Coetzee wat glo deur MI beveel is. Sterk getuienis is aan die ondersoek voorgelê wat daarop dui dat die veiligheidsmagte by die moord betrokke was.

* Die onlangs uitgereikte De Meyer-verslag oor Lebowa en Parsons-verslag oor KwaNdebele wys dat die instandhouding van die tuislandstelsel die Suid-Afrikaanse belastingbetaler miljarde rande kos aan wanadministrasie en korrupsie. Nog 'n kan wurms vir die regering.

Die uitreiking van die verslae is voorafgegaan deur die skielike bedanking van die NP se Sekretaris-generaal en voormalige minister van Ontwikkelingshulp, Stoffel van der Merwe. Sy voorganger, dr Gerrit Viljoen, het vroeër vanjaar bedank - soos Van der Merwe weens "uitputting".

* Hoewel hy hom in Angola as vredemaker voorgehou het, is die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, tot persona non grata verklaar ten midde van bewerings van voortgesette Suid-Afrikaanse militêre en logistieke ondersteuning aan die rebellebeweging Unita.

* 30 Oktober: Die Mosambiekse vlugteling Joao Cuna vertel aan *Vrye Weekblad* hy is deur lede van die veiligheidsmagte betaal om deel te neem aan 'n slagting van ANC-lede in Natal in April vanjaar. Cuna se getuienis lei na 'n ondersoek deur die Goldstone-kommissie - wat op sy beurt lei na die onthulling dié week van die SA Weermag se betrokkenheid by voortgesette geheime operasies gemik op die destabilisering van die ANC. Daar is ook onthul dat die BSB-agent Ferdi Barnard, 'n gevonniste moordenaar, in diens geneem is om planne te beraam om die ANC se militêre vleuel, Umkontho we Sizwe, in diskrediet te bring. Die regering se aanstelling van 'n interne ondersoek en weiering om die Goldstone-kommissie wyer magte te gee het die regering se geloofwaardigheid nie juis versterk nie.

En nou het die regering voor 'n ramp te staan gekom, ingehok deur bewerings van derde mag-optredes, van vuilspel in buurgebiede, interne korrupsie en 'n stel tuislandregerings wat 'n al hoe groter verleentheid word. En deur toenemende druk uit die buite- en die binneland om sy veiligheidsmagte te ontbind en die proses te versnel om 'n tussentydse regering tot stand te bring.

'Kom ons bid vir die regering se val'

'Genoeg is genoeg,' sê vier teoloë van die departement Sendingwetenskap aan Unisa in 'n brief aan *VWB*, almal gelegitimeerde dominees van die NG Kerk-familie. Die brief was te laat vir die brieweblad, maar omdat dit so aktueel is, plaas ons dit hier

ONS wil graag die aandag vestig op die volgende sorgwekkende ontwikkelinge van die laaste tyd:

* Grootskaalse wanbestuur en korrupsie in Lebowa, wat die belastingbetalers eweneens meer as R1 miljard uit die sak gejaag het.

Dié korrupsie en wanadministrasie moet gesien word teen die agtergrond van 'n verarmende Suid-Afrika waar miljoene mense in krotte moet woon omdat "geld vir behoorlike behuising nie beskikbaar is nie". Dit moet ook gesien word teen die agtergrond van 'n geweldige kostekrisis in die onderwys wat byvoorbeeld tersiêre onderwys omtrent onbekostigbaar maak.

Verder wil ons ook die aandag vestig op:

1. Die bestaan en klaarblyklike voortbestaan van moordbendes onder die dekmantel van die polisie en weermag, en die betrokkenheid hierby van ten minste sommige hoë offisiere.
2. Openlike leuens wat deur offisiere en ampsdraers vertel word voor geregtelike kommissies en in verklarings oor die omgerymdhede.
3. Die klaarblyklike betrokkenheid van offisiere in pogings om die politieke teenstanders van die regering te destabiliseer.

Dié gebeure moet gesien word teen die agtergrond van voortslepende geweld in ons land, waarvoor die regering juis sy politieke teenstanders blameer.

In die lig hiervan herinner ons aan Johannes Calvyn se standpunt dat Christene onder verpligting staan om hulle te verset teen 'n owerheidsbestel wat in ongeregtigheid regeer en daardeur tot 'n rowerbende verval. Hierdie standpunt is bevestig in die NG Kerk se dokument "Kerk en Samelewing" (par. 296), wat verklaar dat dit "die Christen se plig is om hom(haar) te verset teen onchistelike wette en staatspraktyke".

In die lig hiervan wil ons ons medechristene oproep om, na die voorbeeld van Christene in Oos-Duitsland, saam met ons deel te neem aan die kragtigste vorm van nie-geweldadige verset, naamlik gebed. In besonder wil ons oproep tot gebed vir die val van die huidige regering, wat in die lig van die openbarings van die afgelope tyd, alle aansprake op legitimiteit verloor het.

Nico Smith, Klippies Kritzinger, PWillem Saayman, Nico Botha.

Hier is die man wat die **Ferdi-katnes** laat oopvlek het

OP 30 Oktober vanjaar het *Vrye Weekblad* dié voorblad-berig gedra: die grusame verhaal van Joao Alberto Cuna, 'n droster uit die Mosambiekse weermag, wat in opdrag van lede van die veiligheidsmagte en teen betaling 'n huis vol ANC-aktiviste buite Durban gaan platskiet het.

Reg van die begin van *VWB* se ondersoek af is die Goldstone-kommissie se ondersoekspan volledig ingelig en toegang tot Cuna gegee.

Geen enkele koerant, radio- of televisiestasie in Suid-Afrika het aan *VWB* se storie geraak of dit opgevolg nie. *VWB* het selfs 'n opsomming van die berig en 'n foto van Cuna vooraf aan 'n koerant verskaf - wat dit nie gebruik het nie.

Die Suid-Afrikaanse Polisie se enigste kommentaar was dat die man wat in die berig geïdentifiseer is as die polisieman wat as Cuna se skakel met die moordplanne gedien het, nie 'n polisieman is nie en dat die saak na Goldstone verwys is.

Daarna was daar 'n groot stilte.

Maandag dié week bars die bom. Regter Goldstone sê die berugte Ferdi Barnard was eintlik 'n werknemer van Militêre Intelligensie in beheer van 'n eenheid wat die ANC moes ondermyn.

Regter Goldstone het die SAP bedank vir die "getuie wat die SAP na die kommissie gebring het" wat tot die ontdekkings gelei het.

En toe kom die regte storie uit. Die Goldstone-kommissie se Paul Pretorius sê hulle het *VWB* se storie opgevolg en só die katnes ontdek.

Cuna het aan *VWB* vertel dat hy op pad na die moorde in Durban by die Hotel Hilton in Pietermaritzburg oornag het. Die Goldstone-ondersoekers het gaan vasstel dat dit waar was, en gevind dat daar met 'n kredietkaart daarvoor betaal is wat aan 'n maatskappy behoort wat 'n front vir MI is. Dit lei toe tot Ferdi Barnard en sy eenheid.

Ons vind dit uiters jammer dat regter Goldstone dit nie oor sy hart kon kry om erkenning te gee aan *VWB* vir die werk wat hy gedoen het nie, maar alle krediet aan die SAP gegee het. *VWB* het die getuie aan Goldstone oorhandig, nie die SAP nie. *VWB* se verslaggewer wat aan die onthullings gewerk het, Pearlie Joubert, het uit haar pad gegaan om met die Goldstone-mense saam te werk.

Dit is nie dat ons geprys wil word nie - dis vir ons genoeg om die storie te kon onthul.

MAAR DIT IS SO dat *VWB* en ander koerante die laaste paar jaar 'n groter bydrae as die polisie of enige ander staatsagentskap gelewer het tot die oopvlekking van skandale, die onwettige optrede van die BSB, die moordbende-aktiwiteite van die polisie en die aanblaas van geweld. Om die waarheid te sê, in *VWB* se geval het die polisie in byna elke geval hard probeer om die onthullings dood te smoor.

VWB en ander koerante loop geweldige hoë risiko's om dié soort beriggewing te plaas - fisieke risiko's én geldelike risiko's. Een van die sleutelmense in die Cuna-verhaal het *VWB* juis dié week weens beweerde laster vir R20 000 gedagvaar. *VWB* is die laaste drie jaar al vir meer as R2,5 miljoen weens beweerde laster gedagvaar as 'n regstreekse uitvloeisel van onthullings oor onwettige aktiwiteite van die veiligheidsmagte. Ons was nog elke keer reg, maar intussen het dit die armste koerant in Suid-Afrika meer as R1 miljoen aan regskoste gekos.

Ons vertrou regter Goldstone en sy kommissie. Ons glo dié kommissie is die enigste manier waarop ons agter die waarheid in ons land gaan kom.

Maar die regter en sy personeel se vreemde verhouding met die pers - selfs met *VWB* tydens die ondersoek na die Cuna-beweringe - laat 'n slegte smaak in die mond.

Koerante is die regter en sy kommissie se beste bondgenote in sy soeke na die waarheid.

Maar is dit hoe bondgenote behandel word? - *Die Redakteur*

Nuwe vrae

oor Goldstone, MI, Cuna en die Derde Mag

JOAO ALBERTO CUNA het drie weke gelede in *Vrye Weekblad* vertel hy is deur 'n man wat hom aan Cuna en aan *VWB* se verslaggewer as 'n polisieman van John Vorster-plein voorgestel het, na 'n gebou in Pretoria gebring waar hy "mense in bruin uniforms" gesien het en waar hy die opdrag gekry het om die moorde in Durban te gaan pleeg.

Cuna se reis na Durban om te gaan moor, het regstreeks gelei tot die Goldstone-kommissie se ontdekking van 'n geheime basis van Militêre Intelligensie. Tydens die deursoek van dié gebou is op die lêers afgekom wat vandeesweek deur Goldstone bekend gemaak is.

Die polisie ontken dat die man wat hom as 'n polisieman voorgestel het, 'n ▶

Koverte Insameling het toe nie net ingesamel nie...

Maandagnag ná die onthullings van regter Richard Goldstone oor MI se geheime geknoei is daar druk gewerk om lêers te vernietig, vertel 'n gewese MI-offisier aan **INA VAN DER LINDE**

DIE duister wêreld van spioenasie en teen-spioenasie - eens 'n romantiese en opwindende loopbaan vir 'n gewese Militêre Intelligensie-man - het dié week met die onthullings van regter Richard Goldstone suur geword. Só suur dat hy besluit het om met *VWB* te praat terwyl hy die hele tyd angstig rondkyk en duidelike tekens toon van min slaap.

Hoekom is hy bang? "Ek het 'n vrou en kinders, jy weet. As hulle ontdek ek het met jou gepraat gaan hulle vergeldend optree." Wie is "hulle"? Die BSB natuurlik, en sy oud-werkgewer. Maar veral die BSB, wat ontbind het, maar wie se manne nog steeds soos met die Webster-verhoor ander kan intimideer en groot sterk manne gedurig oor hulle skouers laat kyk.

Soos dié groot, sterk man wat nie sy naam, telefoon, werkplek of adres wil gee nie. Wat natuurlik sy inligting volgens joernalistieke vereistes onbetroubaar kan maak, want waar kontroleer ons sy verhaal?

"Ek is banger vir die BSB as vir die ANC," sê hy tydens 'n gesprek van 'n anderhalf uur in 'n restaurant. Ferdi Barnard is miskien nie langer daar nie, maar die ander nege BSB-manne werk steeds daar. Hulle werk almal buite, want hulle mag nie naby die kantoor kom nie.

Hoekom wil hy met ons praat? Omdat dinge in sy afdeling, Koverte Insameling, sleg begin skeefloop het ná manne soos Ferdi Barnard en nog nege ander oud BSB-manne in die afdeling as hanteerders aangestel is. Dit het daartoe gelei dat hy in Mei bedank het.

"Dit was baie moeilik om daarna werk te kry. As werknemers sien daar staan Militêre Intelligensie op jou CV, wil hulle niks verder met jou te make hê nie." Hy wil nie sê waar hy nou werk nie.

"EK NEEM DIE MENSE wat die manne in ons maatskappy aangestel het, erg kwalik," sê hy. "As mens vir so 'n organisasie werk, is jy deurentyd bewus van die moontlikheid van Nuremberg-verhore. Ons was nooit betrokke by die uithaal van mense soos Lubowski of Webster nie. Ons taak was suiwer die insameling van inligting oor militêre aangeleenthede in die buiteland. Ons het nie magte gehad om binnelands te opereer nie.

"Vroeër kon ek nog vir myself sê dat ek nooit mense doodgemaak het nie, maar van laasjaar af toe Ferdi-hulle by ons betrokke geraak het, het dit ons hele maatskappy verdag gemaak. Dis soos 'n ou wat gevang word dat hy met sy skoolbaadjie aan rook. Die hele skool se naam word gat gemaak. Ons MI-ouens het begin voel dat die ouens daar bo nie weet wat aangaan nie en nie omgee wat van ons word nie."

Weet hy van enige opdragte wat ná die aanstelling van die BSB-manne uitgevoer is wat volgens hom buite die organisasie se magte was? Nee, sê hy, maar daar was allerlei gerugte wat die ronde begin doen het. Meer wil hy nie sê nie.

Maar hy het tog inligting ingesamel wat gelei het tot sekere optredes deur MI teen voormalige ANC-lede? "Ek het al daaraan gedink. Soos inligting wat ons verskaf het oor Albie Sachs in Mosambiek. En toe ek later hoor hy het amper gegroet...".

Maar om by Naas te leen: Cowboys don't cry. "Dit was oorlog en ons moes onskuldige mense beskerm wat deur MK-insypelaars opgeblaas is".

Hy praat nie van "afdeling" nie, maar van "ons maatskappy".

ELKE AFDELING WAT ondergronds werk, stig 'n maatskappy wat as dekmantel dien sodat hul bedrywighede nie na die SA Weermag herlei kan word nie. Dis sy "maatskappy" met die hoofkantoor êrens in 'n kantoorblok in die ooste van Pretoria waar vyf lêers deur die Goldstone-kommissie verwyder is, sê hy. Gevra oor die adres van die gebou, skud hy net sy kop en kyk anderpad. So ook as ons vra vir name van die BSB-manne wat nog daar sit.

En die name van die maatskappy? Daar is twee, sê hy, en gee die name. Een is geregistreer as 'n invoer-uitvoer maatskappy. Hy sê die direkteur van albei is ene brigadier JJ Botha. En die man onder wie hy gewerk het, is 'n kol At Nel, 'n boesemvriend van die bevelvoerder van Vlakplaas, Eugene de Kock, waar die sogenaamde Askari's (oud ANC-soldate) opgelei is om vir die Polisie te werk. Dis ook hier waar Leon Flores gewerk het wat deur die Britse polisie gevang is toe gestuur is om 'n "sideline-job" (glo vir De Kock) te gaan doen om "inligting" oor Dirk Coetzee te bekom, sê hy.

Maar dis nie genl Witkop Badenhorst wat, soos beweer word, vir Ferdi en die ander BSB-manne aangestel het nie. Dis genl Joep Joubert, gewese bevelvoerder van Spesmagte wat die BSB beheer het, sê die man. Joubert is later aangestel as adjudant vir die Hoof van Staf: Inligting, net onder genl Joffel van der Westhuizen.

Badenhorst word nou gebruik as sondebok vir die aanstelling van die BSB-manne, meen hy, terwyl die ander skotvry daarvan afkom.

Maandagnag ná die Goldstone-verklaring dat Barnard tot Desember laasjaar vir MI gewerk het, is die hele nag gewerk om leêrs te skuif. Wat is in die lêers wat geskuif is? Dis hoofsaaklik gedoen om mense wat vir die "maatskappy" werk, te beskerm. Daar is verskeie hooggeplaasde ANC-mense wat deur MI betaal word, en wat beskerm moet word, sê hy.

"Geld kan enigeen koop. Die oomblik dat ons sy handtekening het dat hy geld ontvang het vir inligting, is hy vas." Dis 'n wrede wêreld, 'n wêreld waarmee hy vir eers klaar is, sê die man.

---

polisieman is of was. Dié man het *VWB* ook vandeesweek vir R20 000 gedagvaar omdat hy sê hy is belaster. *VWB* gaan die saak beveg - as dit voortgaan.

Uit die nuwe feite lyk dit asof die operasie om Cuna en twee ander mans die anonieme moorde in Durban te gaan laat pleeg, dus nie 'n polisie-inisiatief was nie, maar 'n operasie van MI.

MAAR DIE Goldstone-onthullings laat meer vrae ontstaan as wat dit beantwoord.

- Cuna sê hy en twee ander mans, een van hulle wit, het met klapmusse oor hul gesigte die mense in die huis buite Durban doodgeskiet. Op pad weg het hulle ook mense by 'n taxi-staanplek doodgeskiet.
  Cuna se storie van waar hy geslaap het en dat hy in die diens van 'n agent van die veiligheidsmagte was, is sover waar bewys.
  Waarom ondersoek die polisie nie nou sy bewerings oor die moorde nie? As daar ooit 'n bewys was dat daar 'n Derde Mag is wat die geweld aanblaas, dan is dit Cuna se storie. Wat doen die Goldstone-kommissie aan dié bewerings? By navraag sê die kommissie se woordvoerders hulle wil nie oor die saak praat nie.
- Ferdi Barnard het tydens 'n perskonferensie gesê hy was wel by MI, maar sy voorstelle vir 'n veldtog teen die ANC is nie goedgekeur nie. Maar as hy opgespoor is via die maatskappy wat vir Cuna se verblyf in die Hotel Hilton betaal het, beteken dit tog seker dat sy eenheid vir Cuna se moordsending verantwoordelik was?
- Cuna vertel dat hy 'n "groot, vet wit man" in die gebou in Pretoria ontmoet het (wat nou lyk of dit 'n MI-gebou kan wees) en dat die man hom geld aangebied het om hom by die ANC aan te sluit en op ANC-aktiviste te spioeneer. Is dit steeds een van MI se aktiwiteite?
- Wie was die ses wit mans wat vir Cuna in 'n kamer in die Hotel Johannesburg Sun ontmoet het waar die moordplanne uitgewerk is? Probeer iemand uitvind wie hulle was? Cuna sê hy sal die mense herken as hy hulle weer sien. Was Ferdi Barnard dalk een van hulle?

'Up to 40% of MK work for security forces'

The Military Intelligence undercover task group whose secret mission was supposed to discredit the ANC's military wing, Umkhonto we Sizwe, may have played a deadly hand in bringing the Vaal townships to the edge of ruin, writes **WALLY MBHELE.**

THIS view was expressed by ANC officials to *Vrye Weekblad* this week in the wake of the Goldstone Commission's revelations that the SADF employed the notorious former Civil Co-operation Bureau agent Ferdi Barnard for the most part of last year to lead a secret task unit which "was to concentrate on the involvement of MK in crime and its relationship with criminal syndicates".

For that purpose, said Goldstone, MK members were to be secretly used to infiltrate the criminal elements, and where such criminals could not be recruited they would be criminally compromised.

In fact, ANC officials say, the Vaal triangle serves as an illustration of such tactics being put into play - for the spectre of that plot is already rearing its ugly head there.

The Goldstone disclosures come at the heels of a widespread outcry over disillusioned MK soldiers who in the face of poverty have hi-jacked the SDU's in the Vaal and turned them into notorious gangs - systematically terrorising the community, waging war with certain ANC members and officials, and also among themselves.

So we see these revolutionary tides of modern thought rocking the boat of an outdated orthodoxy. And, as happened on the Sea of Galilee almost two thousand years ago, once again we find our Apostles frightened in the surge of the raging storm.

But what have our learned doctors to say in response to this attitude of Rome? Says Father Spruyt: "It goes especially against us Dominicans, because we feel that standing for the truth means that one has the right to research and think critically. This leads to dialogue - and that's healthy in the Church."

Father Nolan's response, however, comes a little more candidly: "I think Rome must allow discussion. I think they have to let people debate things and not treat them as naughty children - telling them what they can or cannot say. This is a situation of fiddling while Rome burns - while there are people suffering, while people are starving. While such exploitation exists we are having trivial arguments about what *Ministry* really means or not, or what this has meant in that age. We get involved in trivialities while there are very serious world problems that we should rather be looking at."

WITH THE institutional Church under fire from some of its most renowned teachers, evidently the higher Catholic echelons will take more caution before trusting these "naughty" theologians, whether Dominican or otherwise, with any responsibility of defending the Faith as they did in the centuries past. As the "trial" of Schillebeeckx has revealed and as indeed was shown in the more recent case of a Brazilian Franciscan priest, the renowned liberation theologist Leonardo Boff, clearly certain members of the Church government have caught from their secular contemporaries the disease of paranoia, suspecting that their once unchallenged power-base is now under threat.



Father Albert Nolan, Dominican theologian



Father Carel Spruyt, Head of the Dominican Order in South Africa

Pic: SALLY SHORKEND

'DP needs a change of face'

The past weekend saw a new Democratic Party for a new South Africa, the leader, Zach de Beer said. One of the novelties was a more non-racial membership attending the National Congress in Johannesburg. **CHRISTELLE TERREBLANCHE** speaks to one of the new black National Council members and chairman of the recently established Soweto branch of the DP, Andile Mzaidume, 40, about the dynamics set to transform the party during the transition to democracy

What is your background?
I was born and bred in Soweto. But in 1965 I was sent to school in Swaziland, to Waterford Mhlaba. My mother worked as general secretary of the YWCA in South Africa and when she died the Americans put up a trust fund for our education. After matric I could not get acceptance from any university in South Africa, because I did not have Afrikaans as a matric subject. I wrote Afrikaans four times, but failed each time. Maybe it was my attitude.

Why?
When I finished school in Swaziland in 1970, I came back. My father used to have a small firm in Brakpan, so I went there quite often to help. One day when I was in town, one of my younger brothers and I walked down the main street. Four or five white guys came from the opposite direction and wouldn't let us pass. We had to move off the pavement. Ever since that day I had an attitude towards Afrikaans and Afrikaners. Later, in the eighties, I was a computer consultant in Windhoek and mostly had contact with Afrikaans people. That changed my attitude.

Where did your political interest and awareness start?
I suppose in Swaziland. My headmaster was head of a non-racial school in South Africa, which was closed down. So he started Waterford in Swaziland. But I only really became colour conscious when I returned to South Africa.

Did you then join a political party?
Not really. But Winnie Mandela is my cousin, and in the middle seventies we saw a lot of each other and she tried to influence me. But even at that early age I believed - maybe because of the influences I had - that the ANC way was not neccesarily the right way.

Why?
The option for the armed struggle. I never actually believed that violence was a way to resolve anything. It can never be justified in any way.

So you have been politically inactive until now?
Yes. When I got back from Swaziland, I started a youth group, the Leonardo Youth Club. I believed we had a role to play in improving ourselves. One of my members became an Azapo leader, but he has died.

That sounds like Black Conciousness?
Not really. But the group eventually split up because many of them joined BC movements and some went to university. That was in 1973. Then I started teaching at a local high school. I tried to motivate students to take an interest in themselves and their own longterm future. But then I came to realize there are too many problems in the education system. After that I joined IBM as a computer consultant.

Why did you decide on the DP?
I believe in the same principles as the party. Unfortunately, the way that they work is still a problem.

It seemed from what you said at the congress and the amendments you proposed that you would like to change the party's image from that of a white rich man's party to a more socially and grassroots involved party. Is that the problem?
Yes. I think if the DP is going to make an impact among black people, they have to be aware of what black people are. Unfortunately the majority of DP members live in the white suburbs and are totally insulated from what happens to black people in the townships.
One thing that I pointed out was that over a period of about 12 weeks in Dobsonville the sewers were spilling out into the streets. For them it is inconceivable that something like that could go on for 12 weeks. But these are the realities of Soweto. You can never be sure whether your child will get to school, whether there will be school or whether he will get home.
Now, until such time as people in the DP concern themselves with the problems that concern their people I don't think they have a future.

But you have nevertheless joined them.
I joined them because I want them to get involved in the concerns of Soweto.

How? And why are they the suitable vehicle?
The DP has quite a number of the captains of industry. Recently a letter in a newspaper criticized blacks for joining the DP for their white liberalism. Yes, I agree, most of the DP members have benefitted from the apartheid legislation of the past. But then I also believe the onus is on me to say that to them and tell them that I as a black person am not really interested in the wealth they accumulated. But in return I expect you to favour me with an opportunity to bring myself up to your level. That would be halfway to the future.

It was highlighted at the congress that in your drive towards new membership, DP people in the townships have been experiencing intimidation, even from the ANC. How bad is that?
The day on which the DP branch in Soweto was formed, in August, we had photographs taken which appeared in a newspaper. Some of us have had visits ever since from people we don't know and their bottom line is that we are going against the struggle. But they won't tell us who sent them and what we should do instead. The threats are very subtle. They don't say what will happen to you. But we know it is standard procedure that we could be shot in the street one day, or have your home petrol bombed. Other regions experienced the same.

At the congress there seemed to be a bit of tension beneath the surface as to whether the DP should go for

power politics or continue its role as mediator and facilitator. How do you see the future?
If the DP wants to have a future, it has to go all out. Quite honestly, I would be happy if I could see them in the next government. That is of course realistically a little out of reach. But the people who are going to get the black vote will be those who concern themselves with the black problems on the ground.

Does the DP have potential support among black people?
A lot. But because of the intimidation people are scared to come out into the open. I suppose that is one of our jobs. We have to be seen by the people as active, concerned and a factor in future politics.

At the congress it was said: "We are not a nation, we are being torn apart." This implies that the DP should accept ethnicity and it is the basis of an argument for federalism, which the DP is strongly in favour of. Do you agree?
You know, at this point in time, I don't think black people are really concerned about how the country gets divided up. I think it must be emphasized that blacks on the whole are sick and tired of the violence and would like to see for starters that this is brought to an end. Somebody has to be seen as not contributing to the violence - and I think that is where the DP is strong.

So you are saying that the DP can in fact mobilize for power politics and be a major mediator in ending the violence? That it is not a contradiction?
Yes. One of the things that I hope to achieve in Soweto is to be in a position to work with the other groups who have the same goals and values. The problems usually come in when you sit down to discuss the details of for instance economic policy. The DP's policy papers contain just about everything that could be asked for, they are great. But what do they mean to the man in the street? Absolutely nothing. As good as it is that they exist, there has to be a means to bring this right down to the people. Then, if the DP wants to be an influential force, they have to be aware of what is happening on the ground and what needs exist. And then a balance has to be found.

The DP has emphasized that it is a liberal democratic party, although some tension has always existed because some members feel that it should be rather more social democratic. It seems that the new membership might tip that scale over, especially regarding economic policy?
Yes, definitely. The way that I see it is that they will have to play a role in supporting the creation of small business, if they believe that the free market is the remedy for this country's economy. That would imply affirmative action. Until now, we have been denied the opportunity to prove ourselves and we are asking for that opportunity. Otherwise it would mean that white business people fear they will lose control over the economy. At the end of the day the DP's influence will depend on its support. It means they have to put their money where their mouths are.

What are your special interests in politics?
Economics and local government.

At the congress it was obvious that the DP's culture has changed during the past year. What was your impression?
Well, one thing that will still have to happen is that the face of the DP will have to change, quite rapidly, to be more representative. The new black members, like myself, maybe did not know what to expect this time, so we could have been better prepared. But next time we will be able to make a bigger impact.

Brief uit Amerika

tussen ontbering en vooruitgang

ANDREA VINASSA skryf uit *El Paso,* een dorp met twee gesigte

DAAR is in Amerika ook 'n Sun City - El Paso (ofte wel El Paso Del Norte soos die Spaanse conquistadors dit in 1558 genoem het) lê aan die grens van Mexiko en Texas, net langs die grens van Nieu-Mexiko. Hier het Billy the Kid en John Wesley Harding, Texas se beroemdste gunslinger, uitgehang. Regte egte Wild West.

El Paso is egter nie die soort plek waar 'n mens kom vakansie hou nie. Dis woestynwêreld en glad nie so mooi soos Namibia nie. Ek is hier omdat 'n vriend van my 'n skoolprogram begin vir minderbevoorregte kinders van duskant en oorkant die grens. Die Grens. Die Rio Grande, wat glad nie meer so grand is nie sedert die water vir die derduisende industrieë gebruik word. Die grens dra skrikwekkende simboliese betekenis vir die mense aan albei kante.

Die Rio Grande is die grens tussen die Noorde en die Suide, tussen rykdom en armoede, tussen droom en werklikheid, tussen toekoms en verlede, tussen tradisie en kulturele anonimiteit, tussen eerste en derde wêreld. Die "Bridge of the Americas" is die mensgemaakte betonweg tussen ontbering en vooruitgang. In die tweelingdorpe van El Paso en Juaréz voel 'n mens die skeiding - dis amper soos Johannesburg en Soweto of Pretoria en Mamelodi. Een dorp met twee gesigte. El Paso en Juaréz is ewe ver van die twee oseane, en El Paso is belangrik omdat dit die stad sal wees wat die vinnigste sal groei as die North American Free Trade Agreement (NAFTA) van stapel gestuur word.

El Paso is 'n industriële monster - dit lyk nogal soos Randburg met die fast food restaurante en groot winkels wat in Amerika en Suid-Afrika presies dieselfde lyk. 'n Moeras van neon en plastiek en wit cowboy-hoede.

Hier in El Paso is dit heelwat makliker om die grens oor te steek as by San Diego, waar onwettige immigrasie en dwelmsmokkelary op groot skaal voorkom. In 1991 is 1 077 000 mense by dié grenspos gevang. Die meeste was Mexikane en is teruggestuur. Na die land van 15 verskillende soorte Tequilas en die lui Sombrero-stereotipe.

Ek en my blonde Amerikaanse vriend het die grens met gemak en 25c oorgesteek en aan die ander kant het dit soos 'n ander wêreld gevoel - die skyn van vrolikheid was nogal dun. Die desperaatheid het vlak gelê, maar ons het soos toeriste die straatmusiek geniet - in Me-hi-co is almal musikante. Dis nie die kleurryke, harmonieuse plek van die toergidse nie.

Dit was nogal vreesaanjaend om te lieg om die grens terug VSA toe oor te steek. "What country do you belong to?" het 'n verveelde grenswag my gevra."America," het ek in my beste Britse aksent gelieg en geril. Wie wil nou sukkel met beuselagtighede?

IN EL PASO is die vraag in elke toerisme-brosjure of Pancho Villa (die guerrilla-cum-generaal van die Mexikaanse Vryheidsoorlog) 'n held of 'n terroris, 'n revolusionêre leier of renegaat was? Die antwoord is: Wie weet, maar hy was 'n seksis. Hy het tientalle vroue in die staat van Chihauhau gehad en is op 20 Julie 1923 met dertien koeëls doodgeskiet - hy was op pad na een van sy minnaresse...

Hoewel El Paso deel van die Bible Belt is, is dit oorwegend Katolieke gemeenskappe. Ek het vir die eerste keer in vyf jaar Sondagoggend Mass bygewoon - dit het my illusies oor die tradisie-vaste Latyns-Amerikaners verder afgetakel. Die enigste tradisie te bespeur was die "Abortion Kills Babies" op 'n billboard buite die kerk. Moderne kitaarliedjies is gesing en die priester se uitrusting was van crimplene. Nou ja.

Daar is nog oorblyfsels van die Katolieke Kerk se imperialistiese verlede - die Mission Trail bestaan uit die vyf Spaanse kerke wat meer as 400 jaar gelede gebou is. Ondanks protesoptogte deur afstammelinge van die distrik se oorspronklike inboorlinge, het El Paso se biskop die aankoms van Christopher Columbus gevier. "The church commemorated this historic anniversary because of its significance as the beginning of the evangelisation of the Americas," sê die Rio Grande Catholic, die kerk se koerantjie.

ANDERKANT DIE GRENS het ek gegryp na kitsch metafore om die vervelige landskap te beskryf - die derduisende advertensies op pale lyk nogal soos kruise, 'n soort massakruisiging van tradisie en identiteit ter wille van 'n TV en 'n VCR.

En tog verstaan mens dat die Mexikane smag na die juwele van die Noorde. Hul tuisdorpe raak al hoe armer, en is oorvol met desperate arbeiders.

Met NAFTA gee die VSA toe dat die grens nie meer 'n buffer is tussen die stabiele en die chaotiese nie. Mexiko se probleme het nou Amerika s'n geword en albei regerings hoop die ekonomiese integrasie sal 'n meer welvarende Mexiko skep.

Daar woon 85 miljoen mense in die land - meestal arm en jonk: 'n bron van uitbuitbare en goedkoop arbeid. Sou NAFTA ingestel word, bekommer Amerikaanse vakbonde hulle oor werkverliese. Maar dit gebeur alreeds. Talle klere- en motormaatskappye het al die goedkoopste arbeid ter wêreld benut.

Die minimumloon in El Paso is $5 per huur, terwyl dit in Juaréz $5 per úúr is. Geen wonder El Paso se werknemers is agterdogtig jeens die NAFTA nie. "15 000 garment workers could lose their jobs in a day," sê een.

Mexiko probeer deur middel van die maquiladoras (of maquilas) ekonomiese groei stimuleer. Hulle is buitelandse fabrieke aan die grens wat hoofsaaklik gebruik maak van jong vroue. Angswekkende stories word vertel oor hoe die vroue veral in die monteer van elektroniese ware uitgebuit word en afgedank word as hulle oë ingee.

El Paso se hoofnywerheid is militêre toebehore. Ons het op 'n voetslaanpad afgekom waaroor ons gewaarsku is dat daar moontlik landmyne mag wees wat nog nie ontplof is nie.

Die kommerwekkendste aspek van NAFTA is ongereguleerde industriële besoedeling. Mexiko se omgewingswette verskil nie van die VSA s'n nie, maar hulle word om voor die hand liggende redes nie tot uitvoering gebring nie.

DIE GESKIEDKUNDIGE verhouding van Mexiko en Amerika word gekenmerk deur wantroue en valsheid. In die 1880s is Mexikane ingevoer om op die spoorweë en die myne te werk. Hulle is as tydelike werkers beskou en meestal is mans ingevoer - klink bekend, nè?

In 1920 het meer as 'n halfmiljoen aangeland. Die Amerikaners het hulle begin bekommer oor die gevolge van dié immigrasie en in 1924 die berugte Border Patrol gestig. Tydens die Depressie het die Mexikane huis toe gevlug, maar hulle is in die Tweede Wêreldoorlog weer ingevoer.

Teen 1954 het sake 'n lelike koers ingeslaan. Met Operation Wetback is Mexikane opgespoor en gedeporteer. In 1978 het die eertydse CIA-hoof William Colby gesê "Mexiko is 'n groter bedreiging vir die VSA as die Sowjet-Unie." Sy oplossing was om die Mexikaanse ekonomie op te bou. (In die jare sewentig was die land nogal ryk - daar is baie olie.) Maar die jare tagtig het 'n insinking in die ekonomie meegebring en nou is dit nie net trekarbeiders wat die grens oorsteek nie, maar ook vroue en kinders. Amerika se ghetto steek sy kop nou te ver uit. Uiteindelik word die VSA gedwing om in te gryp - weifelend en met allerlei voorbehoude. Maar ek twyfel of daar ooit weer in die strate van Tijuana gedans sal word.

Die dors

Foto: SALLY SHORKEND

CHRIS LESSING was in die jare twintig 'n gevangene in die Johannesburgse Fort toe die moordenares **Daisy de Melker** daar aangehou is. Daar het hy van haar briewe gelees...

Dié toneel sou drie lewens kos:

Die ma en haar twee dogtertjies wag vir 'n bus. Ousus, sewe, drink koeldrank uit 'n bottel. Kleinsus, drie, wil ook proe. Maar ousus tart haar:

"Wê, dis myne. Jy kry niks."

Ousus hardloop weg. Sy gaan staan agter 'n lamppaal en steek haar tong uit. Sy suig vermakerig aan die koeldrankbottel.

Kleinsus kerm.

Ousus sluk die laaste bietjie koeldrank weg. Sy gooi die leë bottel op die sypaadjie neer en glimlag vir kleinsus.

"Wê."

Kleinsus stamp haar voetjie op die sement. Haar gesiggie vertrek van die hartseer.

"Ma!" skree sy verwytend.

Maar ma sê niks en sien niks. Sy dink aan haar man wat sy werk verloor het. Hy lê dronk by die huis.

Wanneer die bus stilhou, boender sy die twee kinders in, soos skape wat moet kraal toe.

Kleinsus kerm nog aanhoudend. Sy kyk deur die venster na die leë koeldrankbottel. Sy kyk na haar ma.

Ma sit stil. Sy dink aan die dronk man tuis en die leë broodblik.

Kleinsus kyk na die buspassasiers. Hulle sien, maar sê niks.

Iets gaan dood in kleinsus.

DERTIG JAAR later is kleinsus mooi groot. Sy koop haar eie koeldrank. Waar kry sy die geld?

Sy vra niks van ousus nie. Sy trou 'n man en verassureer sy lewe. Sy gee hom kos. Soms kla hy 'n bietjie oor die pyn in sy maag.

"Maagsere," sê die dokter.

Kleinsus sê niks. Onnosele vent.

Bietjies, bietjies gooi sy die gif in die kos.

HAAR TWEEDE man kla van die pyn in sy maag.

"Maagsere," sê die dokter.

Kleinsus sê niks. Sy koop vir haar 'n koeldrank.

Dié man hou nie so lank nie. Hy is minder bestand teen arseen.

Kleinsus dra swart asof dit 'n trourok is. Rus in vrede, liewe man.

HAAR DOGTER se man begin kla oor sy maag. Kleinsus dra swart by die graf.

Die dokter skrik wakker. Die polisie skrik wakker.

Hof toe met kleinsus.

MOORD? Julle is van jul sinne af. Moord? Op my eie mans? Op my liefste dogter se man? Ons is 'n hegte familie. Ons woon saam in een huis.

KLEINSUS kry advokaat Morris, die beste in die land. Sy kan hom bekostig.

Advokaat Morris verwar die dokters. Advokaat Morris verwar die aanklaers.

Kleinsus drink 'n koeldrank.

Maar die regter bly onversteurd.

•

EK HET DESTYDS 'n vonnis van drie jaar in die mansafdeling van die Johannesburgse Fort uitgedien en in die sipier se kantoor gewerk. Soggens het ek in die sipier se koerant gelees van haar verhoor en die slim advokaat se kwinkslae om die getuies te verwar.

Ek het van die briewe gelees wat sy uit die fort aan haar dierbare weduwee-dogter geskryf het.

Sy het niks geskryf oor die saak nie. Sy het g'n enkele woord geskryf oor die moontlikheid dat sy dalk onskuldig bevind kon word nie. Sy het niks geskryf oor berou of skuldgevoel nie. Sy het net geskryf sy hoop sy sal gou tuis wees.

Sy het geskryf oor die koeldrank. Die bottel op die sypaadjie en die ongeleste dors.

Dit was in die laat-twintigerjare. Haar naam was Daisy de Melker. Sy is in die vroue-afdeling van die fort aangehou.

SY IS skuldig bevind aan die moord op haar man, onskuldig aan die moord op haar dogter se man. Die regter het haar ter dood veroordeel.

Sy was te ontdaan om na die galg te loop. Hulle moes haar op 'n stoel vasmaak en aandra.

Net voor die teregstelling het die Biskop van Pretoria haar besoek en die laaste sakramente bedien. Kwytskelding van al haar sondes.

Toe hy uitkom, wou hy nie sê wat sy aan hom gesê het nie.

Daisy de Melker was die voorlaaste vrou wat aan die galg dood is. Die laaste een was 'n mev Van der Merwe. Wat haar misdaad was, het my ontgaan.

Daar is vertel dat Jan Smuts, destyds minister van Justisie, Daisy de Melker se doodsvonnis met 'n glimlag geteken het. Maar toe hy mev Van der Merwe s'n teken, het sy hand gebewe en die sweet op sy voorkop uitgebars. Dit was die laaste twee lasbriewe om die "Judicial Hanging" van vroue te bekragtig.

Sover ek weet, is geen vrou sedertdien opgehang nie.

EN WAT doen ons, die verligte beskawing? Ousus skeep nog vir kleinsus af en kleinsus behou nog haar haat. Ouboet Kain maak nog vir kleinboet Abel vrek omdat pa en ma meer van kleinboet hou.

Kleinsus sal vandag nie meer hang nie - daarvoor het die sweet op Jan Smuts se voorkop gesorg. Maar ouboet moet hardloop vir sy lewe, want die ganse mensdom is nog agter sy bloed aan.

Wraak is die samelewing se kos.

Ons het oor 'n honderd duisend polisiemanne, 'n groter weermag, talle bewaarders, 'n veiligheidspolisiemag, 'n halfmiljoen predikante, talle liefdadigheidsorganisasies.

Hulle is daar om ouboet en kleinsus in hul pasoppens te hou, of reg te foeter as dit moet.

Regter en wetsoortreder word deur dieselfde dryfveer gedryf: die drang na veiligheid, die rustigheid van die baarmoeder.

Die wêreld wentel voort. Ons bestudeer die wetenskappe, die medisyne, die teologie. Ons bestudeer nie die liefde nie.

Ma dink aan ander dinge. Pa soek vrede in die bottel, of iets anders.

KONFERENSIE OOR
NASIONALE GESONDHEIDBELEID

6 tot 11 Desember 1992

"Hervorming in die Gesondheidsektor vir Primêre Gesondheidsorg"

Die ondoeltreffende, gefragmenteerde gesondheidsorgstelsel, ontoeganklik vir die meeste Suid-Afrikaners, vereis ingrypende hervormings. Die National Progressive Primary Health Care Network (NPPHCN) en die South African Health and Social Services Organisation (SAHSSO) hou 'n Konferensie oor Hervormings in die Gesondheidsektor en Primêre Gesondheidsorg vanaf 6 tot 11 Desember 1992.

'n Terugvoersessie vir alle belangstellendes sal op Vrydag 11 Desember 1992 gehou word.

Die NPPHCN is, soos die SAHSSO, 'n gemeenskapsgegronde gesondheidsorg-organisasie. Laasgenoemde het tot stand gekom na die amalgamering van die volgende vyf organisasies: OASSSA (Organisation for Appropriate Social Services for South Africa), HWS (Health Workers' Society), OMEGA (Overseas Medical Graduates Association), SAHWCO (Southern African Health Workers' Congress) en NAMDA (National Medical and Dental Association).

Vir verdere inligting en 'n uitnodiging tot die

Finale Terugvoersessie

op Vrydag 11 Desember 1992, Markteater, Johannesburg, skakel asseblief vir Judi Fortuin by (011) 403-4444 nie later nie as Vrydag 4 Desember.

US blacks making steady political progress

WASHINGTON - Since the first black big city mayor was elected 25 years ago, black politicians have been winning more and more at the ballot box, in congressional as well as mayoral races.

Battles over civil rights were at their height when Carl Burton Stokes, a Democrat, was elected mayor of Cleveland, Ohio on November 13, 1967. He served eight years before being beaten by a white Republican, but his example remained.

Today 21 US cities with populations over 100 000 have black mayors: David Dinkins in New York, the biggest US city, Sharon Pratt Kelly of Washington, DC, Coleman Young in Detroit and Sidney Barthelemy in New Orleans.

In the South, where racial problems are the sharpest, the first black mayor, Maynard Jackson in Atlanta, Georgia, was elected in 1974. He is still mayor, although he left office for several years and ceded his post to another black, former UN ambassador Andrew Young.

In the early 1980's, the Washington-based Joint Center of Political Studies predicted that the number of black mayors would grow at the same pace that blacks moved into big cities.

Middle-class whites fled the cities for the suburbs in the 70's and 80's, leaving urban areas dominated by minorities and progressive whites, says Steven Smith, a Political Science professor at the University of Minnesota and member of the Brookings Institution.

In some cities, blacks became the majorities. And where they did not, like in Los Angeles and New York, they "gained control" of the local Democratic Party organization and can impose their candidates, says Smith.

Another reason blacks have begun to dominate local politics, says Smith, is the "substantial effort on the part of local Democratic parties and black groups to recruit black people for elected offices".

These efforts have also paid off in Congress. The November 3 vote saw the first black woman elected to the Senate, Democrat Carol Moseley Braun of Illinois.

In the House of Representatives, the number of blacks went from 27 to 39, an increase of nearly 45 percent.

That means the lower chamber is nine percent black, a record and not far below the percentage of blacks in the US population - 12 percent. And blacks won in several states - Alabama, Florida, North and South Carolina and Virginia - for the first time since the reconstruction period following the Civil War.

Most had some experience in local politics and had already held local posts.

They were also helped by redistricting following the 1990 census, some of which led to districts which heavily gerrymandered to elect minority representatives.

- JEAN LUC BARDET (AFP)

Twee verwonde meisies in Lobito, Angola. Regeringsaanvalle op 'n Unita-magsbasis het minstens 23 mense gedood en talle verwond. (Foto: AP)

Die dooies begin getuig

'n Menseslagting waarin ouers en kinders eensklaps uit hul huise gepluk en vermoor word. Die skrikbewind van 'n bataljon wat opgelei is om "insurgensie" genadeloos te onderdruk en die vyand se "kollaborateurs" te elimineer. 'n Verhaal wat ontstellend bekend klink, ontvou hom nou in El Salvador. **CARLOS MARIO MARQUEZ** doen verslag

EL MOZOTE, El Salvador - Elf jaar ná die bloedbad waarin meer as 'n duisend van dié dorpie se inwoners in 1981 vermoor is, het die dooies dié week uit hul massagrafte begin opstaan om getuienis te lewer teen hul moordenaars.

Die oorblyfsels van meer as honderd kinders en vyf grootmense is al opgegrawe deur forensiese deskundiges.

Hul moordenaars, sê een van die enkele oorlewendes van die slagting, die 50-jarige Rufina Amaya, is soldate van El Salvador se berugte Atlacatl-Bataljon - 'n eenheid teen insurgensie wat deur die Amerikaanse weermag opgelei is.

Dié bataljon word in Januarie ontbind kragtens die Vredesakkoord waarmee die 12 jaar lange burgeroorlog in El Salvador in Januarie vanjaar beëindig is. Die opgrawings word nou inderhaas gedoen om genoeg getuienis in te samel om die soldate te vervolg voor hulle gedemobiliseer word. Regsoptrede teen die bataljon is op 26 Oktober verlede jaar begin.

Amaya, wat dié week met trane in haar oë om die oopgemaakte massagrafte gedwaal het, sê die bataljon het drie dae lank - 11 tot 13 Desember, 1981 - 'n orgie van geweld teen die dorpenaars volgehou. Haar vier kinders - die jongste 8 maande, die oudste 9 jaar - is almal vermoor.

"Hulle het eensklaps hier aangekom en gesê hulle gaan ons 'n 'les leer' oor die prys wat mense moet betaal wat met linksgesinde guerrillas saamwerk," sê Amaya.

"Hulle het almal uit hul huise gejaag en aangekeer - die mans in een ry, die vroue in 'n ander ry.

"Hulle het die kinders uit ons arms gepluk en in daardie huis aangehou - dit was my vriend Alfredo Marquez se huis." Sy wys na 'n verkrummelende bouval. "Later het hulle die kinders in die klooster gaan vermoor. Dit was die verskriklikste - al daardie kinders wat dood is."

AMAYA IS OOK uit haar huis gesleep. Die soldate moes eers worstel om haar baba uit haar arms te ruk. Toe hulle haar in die ry vroue boender, beland sy heel agter.

Uit angs oor haar baba het sy snikkend op die grond neergeval. Toe die soldate haar vir eers daar los, het sy naby Marquez se huis weggekruip. Voor sy die dorp uit kon vlug, het die skietery begin.

"Ek kon sien hoe hulle die mans langs die kerk laat aantree en hulle begin doodmaak."

Amaya sê sy het toe weggehardloop en ses dae sonder kos en water in 'n grot gaan skuil - te bang om te roer. Drie dae lank het sy die geweervuur en die gille gehoor. "Die verwondes wat gekerm het, is met bajonette stilgemaak."

Eers toe sy goed seker was die soldate is weg, het sy die grot verlaat. In 1982 is sy in 'n vlugtelingekamp in Honduras opgeneem. In 1990 het sy teruggekeer na El Salvador om haar grusame verhaal te gaan vertel aan die Rooms-Katolieke Kerk se Menseregte-kantoor in San Salvador.

Die ondersoek na die massamoord geskied nou kragtens die Vredesakkoord, waarin ooreengekom is dat ondersoek ingestel sal word na skendings van menseregte tydens die burgeroorloog waarin meer as 70 000 mense dood is - die meeste burgerlikes.

"Die massa-grafte wat ons reeds opgegrawe het, bied reeds genoeg bewysstukke om die regter in staat te stel om lede van die Atlacatl-Bataljon as getuies in te roep," sê 'n woordvoerder van die Menseregte-kantoor.

AMPTELIK IS NIEMAND nog weens die massa-moord aangekla nie. Die direkteur van die regering se Forensiese Mediese Instituut, Juan Mateo, het verlede week nog gesê die dorpenaars kon dalk in die kruisvuur van 'n veldslag gesterf het.

Maar die forensieke antropoloog Luis Fonderbrider, een van die Argentynse kundiges wat die opgrawings in opdrag van die VVO dophou, sê dié week daar is beslis geen teken van 'n veldslag op die toneel van die tragedie nie.

"Talle van die slagoffers is van bo geskiet terwyl hulle op die grond gelê het - die koeëls lê onder hulle beendere."

"Daar was geen geveg nie," sê Amaya. "Die soldate het in uniform opgedaag, met geverfde gesigte. Hulle het gespog hulle is van die Atlacatl-Battaljon en hulle gaan ons doodmaak. Van hulle het selfs hul name aan die huise se mure geverf voor hulle weg is." - AFP



Superman, een van die helde van ons era, se gewildheid is besig om af te neem. Dit het het sy uitgewers laat besluit om hom dood te maak. Maar, soos alle helde wat hulle sout werd is, sal hy die dood oorwin en terugkeer om die mensdom teen die bose te beskerm en, veral, toesien dat die strokiesprent weer verkoop.
JEAN LOUIS PANY doen verslag

Superman
tydelik na die ewige

NEW YORK - Volgende Woensdag loop Superman sy rieme styf.
Superman, wat reeds 54 jaar as strokiesheld oorleef het, word volgende Woensdag deur Doomsday, 'n gespierde booswig, van die gras af gemaak. Supermankenners meen egter dis 'n plan van die uitgewers, Time-Warner, om iets te probeer doen aan dié strokiesprent se swak verkope die afgelope ruk.

Hoewel die superheld doodgemaak word in die strokiesprent wat volgende Woensdag verskyn, is Superman-volgelinge vol vertroue dat hy weer in 'n latere uitgawe sal opstaan.

Superman het die afgelope paar jaar gesukkel om sy man te staan in die $600 miljoen strokiesboekindustrie, met mededingers soos Spiderman en The Incredible Hulk. 'n Verdere terugslag vir dié held was Rocky, Rambo, Terminator en ander selluliethelde.

Daarom het Time-Warner aangekondig dat hulle bereid is om hulle held van die planeet Krypton op te offer. Om dié bloedige affêre uit te voer het hulle Doomsday, 'n gespierde, bebaarde booswig geskep.

Dié foefie is blykbaar reeds besig om resultate te toon: boekhandelaars wêreldwyd het hul bestellings vir die betrokke strokiesprent tot vyf keer verhoog. Martha Thomases, segspersoon van Superman-strokiesprente, sê daar word verwag dat ten minste een miljoen kopieë van die strokiesprent gaan verkoop. Die prys: $2,50 in plaas van die normale $1,25.

Maar kopers van dié uitgawe kry darem ook 'n rouband, 'n poster, twee herdenkingseëls en 'n afskrif van die huldeblyk in die *National Planet Newspaper* - waar Superman se alterego, Clark Kent, werk.

Maar dit beteken nie die einde van die strokiesprent nie. Herinneringe sal dit aan gang hou tot minstens Maart volgende jaar. Daarna sal Superman - soos Bobby Ewing in Dallas - op een of ander manier uit die dode opstaan.

"Ons weet mos nie regtig wat die dood vir 'n Kryptoniet beteken nie," sê die hoofredakteur van Superman, Mike Carlin.

Superman se vriendin, Lois Lane, word ook deur Doomsday getref, maar dit is nog nie bekend of sy ook uit die dood gaan opstaan nie. - AFP

Video's van die dooies
In Amerika word begrafnisse deesdae opgekikker met 'n video van die oorledene, skryf
SEBASTIAN SMITH

WASHINGTON - Begrafnisondernemers in die VSA bied nou meer aan die oorlewendes van 'n gestorwe geliefde as doodskiste en swart roubande: video-opnames.

Die National Music Service (NMS) doen goeie sake met hul sogenaamde huldeblyk-programme - 'n videobiografie van die oorledene, kompleet met strelende musiek en skouspelagtige tonele waarna begrafnisgangers by die begrafnis kyk, en dan huis toe neem.

Familielede stuur foto's of videomateriaal van die oorledene per spoedpos aan die onderneming se ateljees in Spokane, Washington, waar dit met natuurtonele vermeng en van 'n klankbaan voorsien word (die oorlewendes kan self die musiek kies).

Die voltooide produk word dan weer per spoedpos aan die begrafnisondermers teruggestuur waar dit aan die hartseer oorlewendes gewys word.

In sommige gevalle is die tyd so min dat die video via satelliet na die betrokke begrafnisondernemer gesein word.

By Angelus-begrafnisondernemers in Los Angeles versamel roubeklaers in 'n moderne kapel - "gebou vir klank" - om na die high-tech huldeblyk op 'n skerm van vier meter te kyk, sê begrafnisondernemer Keith Washington.

Die video's, wat veral konsentreer op die oorledene se ligter, snaakser oomblikke, laat die mense gewoonlik "skater en hande klap", sê hy.

By Jones, Rich & Hutchins in Portland, Maine, huil die begrafnisgangers gewoonlik tydens die vertonings, sê 'n segspersoon van dié ondernemer.

Harpmusiek, die oorledene wat uit die wolke na onder loer of uit die see na bo rys, en asembenemende sonsondergange is glo baie gewild. - AFP

Storm in Soedan oor vervolging van **Christene**

NAIROBI - 'n Grootse storm is aan die opbou in Soedan oor die militêre junta van luit-genl Omar Hassan El-Beshir se beweerde vervolging van Christene, en ondanks herhaalde ontkennings deur die junta, het Amerika gesê hy gaan ingryp.

Volgens inligting uit die suide van Soedan sentreer dié krisis rondom die onlangse aanstelling van die Anglikaanse biskop Gabriel Roric as minister van buitelandse sake.

Die Anglikaans en Rooms-Katolieke biskoppe is woedend oor Roric se aanstelling en hulle beskuldig hom daarvan dat hy die Christen-gemeenskap in die rug steek deur die fundamentalistiese regering te steun in hul volgehoue vervolging van die Christene.

Hulle sê Roric, wat twee maande gelede aangestel is, probeer om die beeld van die militêre junta tuis en in die buiteland te herstel.

Verlede maand het 'n kollega van Roric, Anglikaanse biskop Nathaniel Garang, hom skerp aangeval en gesê sy optrede is "misleidend".

"Dit is onverstaanbaar dat 'n Christen-biskop hom vrywillig sal skaar agter 'n Islamitiese regering, wat openlik die Islamitisering van die wêreld verkondig en aktief betrokke is by sowel die vervolging en doodmaak van Christene as ernstige menseregte-vergype teen Afrikane van allerlei gelowe," sê Garang.

Soedan se Katolieke biskoppe het twee gesante, biskoppe Taban Paride en Macram Max, na die Vatikaan gestuur om die pous se aandag op die probleem te vestig.

Dié besoek het gelei tot 'n sterk bewoorde reaksie van die Vatikaan waarin die pous die optrede van die Soedanese junta veroordeel.

Die twee biskoppe het die VSA ook besoek en heelwat steun en simpatie onder Christene aangewakker. Na 'n ontmoeting met die assistent-staatsekretaris vir politieke sake, Arnold Kanter, het hy gesê: Die Amerikaanse regering sal saam met andere werk om die Khartoum-regime in kennis te stel dat hy geïsoleer gaan word as hy nie sy menseregtebeleid en godsdienstige verdraagsaamheid regstel nie."

Hoewel Roric steeds hartlik ontvang word in sekere Afrika-state, veral Nairobi, het Christenorganisasies in Afrika hul mes vir hom in. Hy is onlangs verbied om die Afrika Konferensie vir Kerke in Zimbabwe by te woon. - AFP

ek's 'n hippie wat te laat gebore is

sê **Doreen Morris** aan **PEARLIE JOUBERT**

Hoe en waar het jy grootgeword?
Ek's een van vier kinders. My ma het vir jare lank gewerk as 'n bediende en ek, om ekstra geld te maak, het dit ook gedoen toe ek jonger was. My pa het trokke bestuur. My ma en pa het nie veel skoolopleiding nie, maar albei van hulle het baie savvy. Hulle was streng en gelowig, Sewendaagse Adventiste soos ek ook vandag is. Ons het in die slum-gebied in Elsiesrivier gewoon. Ons het hard geleer en na laerskool is ons na private skole gestuur. My ma was 'n baie streng, kwaai vrou, maar ook baie nice. Die bure het altyd naweke geparty en gefuif en ons was aan die eenkant deel daarvan maar aan die anderkant ook nie. Ek's niks skaam of spyt oor my herkoms nie.

In 1984 was die land aan die brand en toe begin jy by die SAUK werk wat aand na aand die NP se propaganda uitgesaai het. Het jy, 'n swart Suid-Afrikaner, nie skuldig gevoel nie?
Dit was interessant. Ek het my fair share van hate-mail gekry. Die SAUK het 'n gesonde benadering gehad. Hulle het van die begin af geweet dat dit negatiewe reaksie sal uitlok en het my 100 persent gesteun. Dit was vir my van die begin af net 'n betrekking. Ek is 'n burger van die land en ek het soveel reg op die werk soos enigiemand anders - ek het daardie werk op meriete gekry.

Het jy nooit soos die SAUK se token darkie gevoel nie?
Nee man, mense sê nou nog vir my dat ek doen wat ek doen omdat ek 'n token is, sê nou nog dat ek net Mej Wêreld aanbied omdat ek die token swarte is. Ek word saam met my wit kollegas onderwerp - in witte, witte Suid-Afrika - aan presies dieselfde toetse. In die bedryf waarin ek is, is 75 persent van die mense wit en die res swart. Ek is in my beroep omdat ek van die beste resultate behaal. Ek doen my werk ten minste so goed soos al die ander mense in die beroep. Die een ding wat ek van ouers gekry het, is 'n baie sterk selfbeeld. Dit maak nie vir my saak wat mense sê en doen nie. Daar is niks wat iemand kan sê wat my nie in myself kan laat glo nie.

Hoe het Elsiesrivier die glamour-vrou wat jy nou is, beïnvloed?
Ek was slimmer toe ek jonger was, nou staan alles net stil en ek word ouer... maar ek was van kleins af baie gretig om te leer. Ek was een van daai kinders wat deur die ander kinders gehaat is omdat my huiswerk altyd gedoen was en ek sterretjies gekry het en ek alles gedoen wat die juffrou gesê het. Dit was net tot op onderwys-kollege - toe het ek té verveeld geraak daarmee. Dit was nie altyd maklik om by die huis te leer nie, maar ek het altyd die motivering gehad. Ons huis was 'n eenvertrekhuis en daardie vertrek was alles - slaapkamer, badkamer alles. Geen plafon en geen vloer. Mense het altyd dronknes gehou en dan wag ek maar tot dit stil word en leer dan by 'n kers. Ons het almal bygedra tot ons opvoeding. Ek het op skool die kerk skoongemaak, ek was bediende vir wit én swart mense en in ruil vir dié werk is my skoolfooie betaal.

Is jy baie ambisieus? Het jy, in die jare in Elsiesrivier, gedink dat jy wil uitkom?
Ek het van kleins af geweet dat ek eendag in Johannesburg wil werk en woon. Ek't gedink ek wil 'n aktriéze wees.

Jy is 'n baie mooi vrou. Het jy klomp boyfriends gehad en partie gehou?
Nee man, ek's net mooi met die regte lig en make-up. Ek dink nie aan myself as mooi nie. Jy moet my sien as ek soggens opstaan. Ek is die here-weet 'n nagmerrie. Jy weet, I don't tumble out of bed with my make-up on and my hair all neatly done. Ek het nie eers gedink aan boyfriends totdat ek my onderwyser-sertifikaat in my hand gehad het nie. Ek't nooit gevry en uitgegaan nie. Nooit fliek toe gegaan nie. Dóélgerig - só was ek. Ek is nie spyt daaroor nie. Ek ken nog baie nice boykies. Daar is nog baie tyd om te vry - ek is darem nog nie heeltemal oor die muur nie, né?

Hoekom praat jy nie soos 'n Capie nie? Jy djy en djou glad nie?
Ek het nooit eintlik só gepraat nie - behalwe as dit opsetlik was. My ouers is af die plaas af. My ma is van Stellenbosch en my pa is uit die Karoo en hulle het nie eintlik Kaaps gepraat nie. Mens tel natuurlik die sêgoed op, maar die aksent het ek nooit werklik gepraat nie. Baie daarvan het seker ook maar te doene gehad met onderwyser wees - mens moes altyd voorbeeldig wees. Ook in hoe jy praat.

Wou jy 'n onderwyser word?
Nee, my ouers het glad nie kans gesien vir die aktriéze-storie nie en my ma het gesê as ek een wil word, sal sy my nie steun nie. Jy weet mos - akteur is mos nie 'n regte beroep nie, maar om skool te hou of nurse te word was edel en goed. Toe studeer ek maar vir onderwyser en het skoolgehou vir vier jaar, maar dit was baie boring. Nadat ek studeer het, het ek Johannesburg toe gekom omdat my ma bietjie te veel vir my was - ek wou loskom. Ek het toe gedink dat sy bietjie van 'n control-freak was. Ek dink ek en my ma was baie dieselfde. Ons het nie baie goed oor die weg gekom nie. Ons het altwee sterk persoonlikhede. Sy wou my altyd in haar mold inforseer en ek het my teëgesit. Na drie jaar se skoolhouery, het ek vir drie maande by Liberty Life as 'n klerk gewerk, daarna vir vier maande by Sharp Electronics as 'n personeelbeampte en toe was ek vir meer as drie jaar by Sasol. Daarna was dit die SAUK.

Hoe het jy in die SAUK beland?
Ek het eendag rondgeloop en na Naspers gegaan om te kyk na moontlike werk. In die hysbak ontmoet ek toe vir Koos Bekker van die SAUK wat my vra wat ek met my lewe beoog. Hy sê toe vir my dat hy nie werk vir my het nie omdat ek my visier hoër moet stel. Hy't TV voorgestel. Dit was in 1984 - TV1 was spierwit en toe lag ek sommer. Bekker reël toe 'n oudisie en ek begin by die SAUK, TV1, werk. Dit was nie werklik deel van my ambisies en drome nie - ek het nie eens daaraan gedink nie. Ek is nou nog bietjie verbaas daaroor.

Waar kom jou selfvertroue vandaan?
Van my ouers af... vir albei my ouers is ek beeldskoon. My pa dink daar is niemand op aarde wat so mooi soos ek is nie. Hy is baie sieklik op die oomblik en my ma sê nou die dag vir my dat ek huis toe moet kom sodat my pa weer kan begin eet. Volgens hulle is ek perfek geskape en het ek die vermoë om enigiets te doen wat ek wil doen in die lewe. My pa sê nou: die Boere moet nie my kind mishandel nie.

Het die boere jou mishandel?
Aag nee wat. Hier en daar kry mens 'n enkeling wat probeer. Maar ek dink hulle gee baie gou moed op. Die mense wat wél probleme het met my velkleur en wat ek doen, is gewoonlik die mense wat nie van veel ken nie. Ek kan my tog nie steur aan sulke mense nie - hulle ken my nie en weet nie veel nie.

Is jy 'n snob?
Nee. Ek het al alles gedoen - die switchbord gewerk, bediende gewees. Alles wat ek aanpak, doen ek met groot oorgawe en probeer dit so goed as moontlik doen. Ek dink, daardie tyd toe ek switchbord-operateur was, dat ek die beste in die land was.

Hou jy van die glamour? Wil jy nie soms 'n stukkende T-hemp dra as jy gaan inkopies doen nie?
Nee, ek het nog nooit in my hele lewe stukkende T-hemde gedra nie. Ek het nog nooit in 'n sweetpak gaan shopping doen nie. Jeans en T-shirts is die informeelste klere waarin iemand my sal kry - ek was nog altyd so. Dis nie 'n TV-ding of nuut nie. Die hiper-glam-beeld is nie TV nie. Dis nie ek nie. Ek hou nie daarvan om myself te

behang met balls en beads nie. Ek is eenvoudig-klassiek sou ek sê.

Revue Plus is aan die einde van die jaar verby en dié program het jou op die map gesit - hoe voel jy daaroor?
Revue Plus was goed vir my. Ek het dit vir drie jaar lank gedoen en nou is dit verby en my lewe gaan aan. Ek sal graag nou meer betrokke wil raak in gemeenskap-dinge. Operation Hunger is een van die organisasies waaraan ek beslis tyd wil bestee. Ek was nog altyd betrokke in gemeenskapsorganisasies. Selfs terwyl ek skoolgehou het, ek het vakansies kosgekook vir Meals on Wheels.
Suid-Afrika was goed vir my. Apartheid en al die stront was nog altyd daar en is steeds daar, maar ek het nog altyd 'n goeie, bogemiddelde bestaan gevoer in vergelyking met my pêlle.

Vanwaar die behoefte om welsynswerk te doen?
Ek is so grootgemaak. In ons huis is en was altyd weeskinders. Nou nog is dit só. Daar is altyd ongehude ma's in ons huis. My ma is nog al die jare betrokke in die welsyn. My ma het ons geleer dat mens iets moet gee om iets te ontvang.

Jy is nou betrokke by skoonheidskompetisies, die Mejuffrou-dinge. Dink jy nie dat jy 'n aspek van ons samelewing bevorder wat in wese seksisties en oppervlakig is nie?
Ek voel oor skoonheidskompetisies so gemaklik soos ek voel oor die res van my lewe. Ek glo nie skoonheidskompetisies doen die algemene beeld van vroue skade aan nie. Watter bates mens ook al het, is God-gegewe. Of dit nou skoonheid, intelligensie, sangtalent of wat ook al is. En as mens dié talente kan gebruik om jouself te bevorder en ander mense se lewens, dink ek is dit goed. Ek het 'n probleem met Suid-Afrikaners se siening dat skoonheid en intelligensie twee eksklusiewe dinge is. Daardie siening van: Jy kan nie aantreklik wees én slim wees nie. Ek kan my heeltemal bepaal tot die frivolous-dinge: Naelsvyl, beauty pageants. Maar ek doen baie ander dinge ook. Ek hou nie van shallow mense en oppervlakigheid nie. Met Mej Wêreld voel ek veral baie op my gemak omdat dit saamhang met die hele idee van Beauty With a Purpose. Wat die meisie wat wen doen, is om die geleentheid te kry om vir 'n hele jaar lank vir liefdadigheid te werk. Skoonheid is vyfde, sesde op die lys. Die girls kan kies of hulle in 'n bather (swembroek) wil paradeer. Ek dink die fisiese aspek-klem is besig om te verskuif. Indiër-meisies verskyn nie in 'n baaikostuum nie en die beoordeelaars begin dit besef.

Maar skoonheidskompetisies berus steeds op 'n siening dat skoonheid gelykstaande is aan smal heupe, maer boudjies, grimering, dun middellyfies. Die meeste vroue lyk nie so nie, hulle het childbearing heupe, selluliet, ronde arms. Nie dún stokkies en lááng bene nie. Dié siening van vroue is eendimensioneel en skoonheidskompetisies perpetueer dit.
Ek word nie kwaad vir die bedryf dáároor nie. Ek is baie realisties oor hoe ek lyk. Ek sal, al vas ek vir die res van my dae, nooit maer wees nie. Ek is gebou soos die Barok-, ronde, vetterige vroue. Ek het al die gimmicks nodig: beligting, make-up. Ek beny nie die mense met die twee meter lange bene, lang pragtige hare en so aan nie. As die betrokke persoon goed voel om só voorgestel te word, gaan ek dit wragtag nie veroordeel nie. Ek is 34 jaar oud en voel dat die lewe darem te kort is en dat die beauty-fase van mens se lewe baie gou verby is. As mense dit wil gebruik tot jou voordeel, dan moet jy dit doen.

Dis nie my vraag nie.
Ek rebelleer persoonlik daarteen. Ek dieet nie, ek gaan nie gyms toe nie. Ek gaan nie vir ure my liggaam laat sweet ter wille van dié siening van skoonheid nie.

Wat wil jy met jou lewe doen?
Ek het nog nooit eintlik baie toekomsplanne gehad nie. Ek ontdek dinge en ontken dat ek daarvan hou - soos TV die afgelope nege jaar. Ek werk nou nog in die skakelafdeling van M-Net. Ek doen alles: skryf die briewe, lek die envelopes en lewer soms self die goed af. Ek stel baie belang in aktualiteit. Daar is ongelukkig nie baie scope daarvoor by M-Net nie. Ek sal ook baie daarvan hou om 'n talk-show oor spesifiek vroue te hê op 'n gereelde basis - om te kyk na die status van vroue, hoe verskillende vroue hul lewens lei. Ek sal ook baie daarvan hou om 'n program te begin waar mens kyk na hoe gewone mense op 'n stil manier dinge doen om gesindhede te verander en die land 'n beter plek te maak - dit is alles maar net idees wat ek het.

Wat van mans en lovers en so aan?
Ek is redelik tradisioneel. Ek glo aan die huwelik en ek glo dat mens die regte maat kan kry. As dit nie met my gebeur nie: so be it. Ek was nog nooit getroud of het saam met iemand gewoon nie. Op die oomblik wil ek nie trou nie. Dié man sal baie spesiaal moet wees voordat ek my lewenstyl prys gee.

Is jy 'n moeilik mense om 'n verhouding mee te begin?
Ja, ek dink nogal so. Dat ek in die openbare oog is, maak dinge glad nie makliker nie. Mense erken my op straat, in restaurante. Mans hou meeste van die tyd nie daarvan nie omdat hulle voel dat hulle nie die leiding kan neem nie. Kyk, as 'n ou dit nie kan handle nie, dan moet hy loop. Daar is baie geraamtes langs die pad. Die feit dat my werk my baie oorsee neem, maak dit ook moeilik. Ek het al in die beste hotelle gebly, in die beste restaurante geëet. Nou die macho-storie kom hier in: Mans voel mos dat hulle daarmee moet kompeteer en hulle kan nie. Omdat meeste mense, mans, my nie na die Suide van Frankryk kan neem nie, voel hulle minderwaardig. Ek wil net hê dat mense 'n gesonde selfbeeld moet hê. Hy kan 'n lorriedrywer wees. My werk is net 'n betrekking. Volgende jaar is ek 'n normale mens soos wie weet wie. Die gewildheid is deel van my werk. Dit is nie asof ek dié gewildheid en glamour soek nie. Die lewe in die kalklig is nie altyd lekker nie. Dit plaas baie druk op verhoudings, dit plaas druk op hoe mens lyk, dit plaas ook druk op my familie.

Wou jy nog nooit by die politiek betrokke raak en begin klipgooi nie?
Ek's só laid back. Ek's 'n hippie wat te laat gebore is. I want to make love, not war. Meisie, ek sê jou, as ek wél daardie gevoelens gehad het... ek was vir lang jare by Sasol waar ek die enigste vrou was, behalwe nou dies wat tee gemaak en skoongemaak het. Ek was by die SAUK en selfs by M-Net: mens kry daagliks aanstote. Ek het nie die energie om verbitterd te raak nie. Ek sal nie 'n fight pick tensy mense met 'n geveg begin nie. As mense my of ander mense te na kom, sal ek dit sê. Ek is nie aggressief nie. Party mense dink ek's radikaal, maar ek weet ek is baie mild. Rasseprobleme gaan nie oornag verdwyn nie en ek vind baie mense vréeslik patronising - wat baie erger is as kru rassisme. Maar nou sit een van jou bestuurders se vrou langs jou en jy eet nou nie vleis of iets nie. En nou sal dié vrou aan almal probeer vertel dat jy nou vegetaries is omdat dit ekonomies met jou sleggaan. Ek was nog altyd vegetaries. My ouers ook. Doreen, sal sy sê, jy hoef nou nie sleg te voel daaroor nie. Ons almal moet maar bietjie inkort. Ek hou nie van gemaksugtige mense wat dink die lewe skuld hulle iets nie. Mense moet beheer neem van hul eie lewens en hul talente gebruik.

Wat doen jy dan? Sluk jy dit?
Ja, maar ek sal wag tot later - jy weet mos dat vroue altyd op 'n stadium op 'n streep kleedkamer toe gaan as al die mans begin praat oor politiek en hoe om die land verder te bevark. Dáár sal ek dan vir haar 'n paar dinge vertel. Ek probeer gewoonlik om nie 'n issue van iets te maak nie, maar soms het ek nie 'n keuse nie.

Het jy a-polities grootgeword?
Ja, ek is nie a-polities nie. In terme van die deursnee swartmens in Suid-Afrika, is ek seker. Ek het definitiewe idees oor dinge wat gebeur in die land. Die derde mag byvoorbeeld: dit verbaas my dat daar werklik nog mense is wat betwyfel of dit bestaan. Ek dink vir baie mense is dit net gerieflik en gemaklik om hul koppe soos volstruise in die sand te druk en maak asof hulle nie weet nie.

Wat doen jy as jy nie werk nie?

... hulle maak mos nie meer **swart vroue** soos in die **ou dae** nie

Ek kan vir ure lank niks doen nie - net so vacant soos 'n kopkool sit. Maar as ek werk, doen ek dit met oorgawe en vuur. Ek kan ook baie vinnig werk. Ek is baie georganiseerd en is driven. Ek spandeer baie tyd op my eie. Ek het nie baie vriende nie, maar goeie en lojale vriende. Saterdagoggende gaan ek kerk toe - ek is steeds by die Sewendaagse Adventiste.

Jol jy? Gaan dans jy soms tot die son opkom?
Ek het vroeër soms na klubs gegaan. Vroeër sou ek heelnag dans en die volgende dag gaan werk en net Eyegene in die oë gooi. Ek doen dit nie meer nie. Nou gaan ek soms Kippies en Sof'town toe. My job is een groot partie waar mens openingsaande en goed moet bywoon dat ek nie lus is om wéér te partie in my vrye tyd nie.

Wat is jou talente? Waarmee is jy goed?
Ek dink ek het 'n bogemiddelde oordeelsin - ek sien 'n ding baie ver kom. Dis my gutfeeling. Dit het gewerk met reeks-aankope wat ek in Amerika gedoen het wat baie suksesvol was. Dit is in my private lewe ook só - touch wood, ek het tot dusver nog nie 'n fout gemaak nie. Soms weet ek, byvoorbeeld in 'n verhouding, dat dit 'n fout is, maar dan is ek eerlik daaroor: Ride the wave as long as it lasts. Ek check 'n ding baie gou uit. Ek het 'n sterk selfbeeld ook. In my werk is dit 'n bate - mense sê vir jou jou hare is te kort óf te lank, jou klere is sus of so, jou oorbelle lyk soos die Oostenrykse cowbells. As mens nie in jouself glo nie, sal jy verkrummel. Ek is 'n baie harde werker. Ek kom goed oor die weg met mense - solank hulle nie van jabroers hou nie. Ek kom glad nie oor die weg met iemand wat nie daarvan hou dat ek vir myself dink nie. Mens kry dit baie, veral by mans wat vra: Waar kom jy - nogal 'n swart vrou - vandaan om my mening te bevraagteken. Ek het dit vroeër my M-Net gehad... hulle maak mos nie meer swart vroue soos in die ou dae nie (sy lag hard). Ek pla sulke mense baie omdat ek niemand se rubberstamp is nie. Ek haat outokrate en baasspelerige mense.

Mej Wêreld word in Bophuthatswana aangebied. En as daar nou 'n gróót outokraat is, is dit Lucas Mangope. Het jy nie besware nie? Dié kompetisie kos miljoene en in Bop kry mense baie swaar onder Mangope.
Dis baie moeilik. Ek wil myself nie nou hieroor uitlaat nie. Ons almal weet hoekom die tuislande bestaan. Sun International sê altyd hulle skep werk en ek hoop dat dié hotel mense se lewens kan verbeter. Ek kan persoonlik nooit daai soort van uitgawes regverdig nie. Die derduisende mense wat Anglo American en Sasol afgedank het nadat hulle klaar gebruik is... iets moet van daardie mense ook word. Geld kan op die lang termyn baie beter benut word, maar dit is nie my geld nie. En ek wil nie mense beoordeel nie. Ek sou graag wil glo dat Sun International mooi gedink het hieroor - as ek persoonlik 'n sê gehad het, sou ek dit tien teen een nié gedoen het nie.

Wat dink jy van die Lost City?
Ek's baie koste-bewus en baie bewus van die onderskeid tussen ryk en arm in dié land. Maar ek weet ook dat die adelstand altyd met ons sal wees, net soos die armes. Ek kan nie aanvaar dat 'n Tom Cruise 10 miljoen dollar vir 'n fliek verdien terwyl mense sterf van die honger en dakloos is nie. Aan die einde van die dag moet almal hul stem kan laat gelt - stemreg vir almal in dié land, sal 'n verskil maak. Die Ivana Trumps sal daar altyd wees. Met die Revue Plus wat nou op 'n einde is, het ek daaraan gedink: Doreen, today's peacock is tomorrow's featherduster and that's cool by me.

STEEDS BINNE DIE GRENSE VAN APARTHEIDSDENKE

OOR GRENSE HEEN
Op pad na 'n nasionale pers 1948-1990.
WD Beukes (Redakteur)
Nasionale Pers, 1992.

SAMPIE TERREBLANCHE

DIÉ boek word beskyf as 'n "eietydse pers-geskiedenis" wat "verslag" doen oor die geskiedenis van die land "uit die hoek van die Nasionale Pers".

Die dramatiese tye - 1948 tot 1990 - waaroor verslag gedoen word, is die tydperk waarin die NP onafgebroke aan bewind was, Afrikaners in die brandpunt van die politiek gestaan het, apartheid (in al sy variante) die amptelike beleid was en die Nasionale Pers tot 'n groot kapitalistiese korporasie gegroei het.

Piet Cillié... Wanneer hy Naspers se beweerde onafhanklikheid so oorbeklemtoon, "then the lady doth protest too much, methinks"

'n Mens soek vergeefs in die boek na 'n eerlike ontleding van die onderlinge oorsaaklike verband tussen die NP se politieke monopolie, Afrikaner-hegemonie, apartheid en Naspers se korporatiewe groei.

Die boek is 'n tipiese "neweproduk" van die groot verskeidenheid "produkte" wat deur die groot korporasies van die 20e eeu "geproduseer" word ter wille van korporatiewe selfverdediging. John Kenneth Galbraith beskryf groot korporasies se rol en hul korporatiewe propaganda só:

"The institution that most changes our lives we least understand... That (institution) is the modern corporation... There is a corporate myth which is carefully, assiduously propagated. And there is the reality. They bear little relation to each other. The modern corporation lives in suspension between fiction and truth... Its (acknowledged) purpose... is to make money by making things - to do well by doing good... This is a myth.

(The reality is that) the corporation... shapes the tastes of (its) consumers... (while) no one can fail to be aware of its power... Between the modern corporation and the modern state there is a deeply symbiotic relationship based on shared power and shared rewards... The myth disguises but it does not reassure." - The Ages of Uncertainty, 1977, (pp 257-259).

DIE BOEK oor Naspers se "geskiedenis" het vier hooftemas: die groeiende professionalisering en die lojaliteit van sy werknemers, die onbeskaamde manier waarop Naspers sy eie groei en verdienstes besing, die steun wat die Pers in die betrokke 42 jaar aan die (Nasionale) Party gegee het, en die steun wat die Party - die regering van die dag - aan die Pers gebied het.

Die eerste drie temas word in groot besonderhede beskryf. Die vierde tema skitter in sy afwesigheid, maar 'n leser met 'n geoefende oog - en 'n speurder se instink - kry tussen die reëls heelwat daaroor te lese.

Naspers se groei tot 'n groot korporasie is uit 'n eng bedryfsekonomiese oogpunt 'n imposante verhaal. Oor die professionaliteit en die lojaliteit van baie van die werknemers kan daar nie getwyfel word nie.

Oor grense heen is 'n baie mooi boek. Die skryfstyl, uitleg en taalversorging voldoen aan die hoogste standaarde. Die mense van Naspers kan skryf en hulle kan publiseer.

Sestien van die agtien skrywers is senior Naspersers. Wanneer hulle gelyktydig hul eie en hul groot korporasie se beuel so hard soos in dié boek blaas, maak dit nie alleen 'n groot geraas nie, maar het dit ook 'n holle klank.

Soos Galbraith aantoon, eis moderne groot korporasies vir hulle die reg op om hul mite "carefully (and) assiduously" te propageer. Selfs al sou 'n mens Naspers dié reg gun, moet hy nog die kuns aanleer om sy eie beuel met sorgsaamheid te blaas.

Adam Smith het die Merchant Monopolies - wat hul mag en rykdom aan begunstiging en nepotisme te danke gehad het - skerp veroordeel omdat hulle hul "glamour and sophistry" misbruik het om die gemeenskap te oortuig dat "the private interest of a part, and of a subordinate part of the society, is the general interest of the whole".

WANNEER NASPERS in sy boek met "glamour and sophistry" sy lesers probeer wysmaak dat hy "op pad is na 'n nasionale pers", dat hy in belang van al hoe meer mense" optree, dat hy bewus sy doelstellings verruim en "geleidelik 'n nasionale pers in die breë sin van die woord geword het", dan is hy met daardie soort propagandatruuk besig waarteen Adam Smith so ernstig gewaarsku het. Smith het alle geprivilegeerde monopolieë vermaan dat hy geen kennis dra van "much good done by those affected to trade for the public good". 'n Semi-monopolistiese korporasie soos Naspers (wat ten minste met M-Net begunstig is), behoort beter te weet as om ons met sy goeie bedoelinge (ter wille van die algemene belang van al 40 miljoen Suid-Afrikaners) te probeer beïndruk.

Die tema oor die steun wat die Pers in die apartheidstyd aan die Party gebied het, bereik 'n crescendo in die goedgeskrewe hoofstuk van Piet Cillié. Die verhouding tussen Pers en Party word onder meer beskryf as 'n "spesiale", 'n "simbiotiese", 'n "mooiste verhouding van vriendskap", 'n "vennootskap tussen twee gelykwaardige vennote", "een van daardie geheimenisse (sic) wat sommige mense moeilik vind om te begryp" en "moeilik (vind) om onder woorde te bring", 'n verhouding van "wedersydse gesindheid van respek en die afwesigheid van 'n gevoel van onderhorigheid", "tweelingbroers wat saamwandel", ens.

Skrywers soos Cillié kan nie uitgeskryf raak oor die Pers se beweerde onafhanklikheid teenoor die Party nie ondanks die simbiotiese verhouding tussen hulle. Wanneer Cillié Naspers se beweerde onafhanklikheid so oorbeklemtoon, "then the lady doth protest too much, methinks".

Oor grense heen is in wese 'n boek oor apartheid en die verleenthede en teenstrydighede wat onvermydelik daaruit voortgevloei het. Die boek roem hom daarop dat Naspers-koerante "wegbereiders, verkenners en voorvegters (was)... sodat die Party vinniger kan vorder". Dit is veral die oud-redakteurs wat daarop aanspraak maak dat Naspers-koerante telkens die Party voor was in allerhande hervorminkies, aanpassinkies en uitsonderinkies wat aanhoudend gemaak is in ydel pogings om die apartheidseksperiment te laat slaag en om 'n humane gesig daaraan te probeer verleen.

VANDAG WEET ONS dat apartheid onhervormbaar was en nooit van 'n humane gesig voorsien kan word nie. Dit verstom 'n mens dat die oud-redakteurs hul holklinkende apartheidsargumente steeds met soveel selfvoldaanheid kan aanhaal om geen ander rede nie as om te spog dat hulle telkens 'n treetjie of twee voor die logge ou Party op die "hervormingspad" was. Indien die Naspers-manne ná 2 Februarie 1990 enigsins iets van 'n Damaskuspad-ervaring beleef het, sou hulle hul eie gediskrediteerde apartheidsretoriek aan geskiedskrywers oorgelaat het, of dit met die gepaste skuldbelydenis aan die orde gestel het.

Die ergste van alles is dat Naspers volhou met die stories dat die bedoeling met apartheid tog so goed was! Wie glo vandag nog sulke onsin? Dié boek bevestig dat Naspers steeds vasgevang sit in die denkraamwerk van apartheid. Die Pers het nog lank nie die grens na anderkant apartheid oorgesteek nie. Die lesers van *Oor grense heen* moet hulle nie deur die titel laat mislei nie.

DIE GROWWE immoraliteit van sommige van die argumente waarmee die Pers apartheid probeer goedpraat het, tref 'n mens soos 'n voorhamer teen die kop. In 1956 het prof BB Keet apart-

heid as "wensdromery" beskryf "wat die probleem op die maklike manier wil oplos, omdat dit 'n onmoontlikheid is". Hierop het Cillié vir Keet verwyt dat hy "die probleem van politieke mag" ontwyk en hom daaraan herinner dat "staatsmanne werk met gewone, onheilige mense in die massa"! (Wat sal Cillié sê as Mandela vandag dié argument sou gebruik?)

By 'n ander geleentheid (in 1968) het Dawie opgemerk dat die moeilikste keuses in die staatkunde nie tussen goed en kwaad lê nie, "maar tussen alternatiewe wat klaarblyklik net verskillende vorms van kwaad moet bring". In 1992 weet ons watter kwaad meegebring is deur die keuse wat Pers en Party tussen verskillende vorme van kwaad gedoen het ter wille van die magsbehoud van die Party. Desnieteenstaande dié kwade gevolge bly Naspers se koerante arrogant genoeg om die ANC van magswellus te beskuldig. Wat sê die Bybel nou weer oor die splinter in 'n ander se oog?

Die Pers sou in die tye waarin ons leef aan geloofwaardigheid kon wen as hy sy boek gebruik het om 'n volle weergawe te gee van die bydrae wat die Party - as synde die regering - in die apartheidstyd tot die korporatiewe groei en die winsgewendheid van Naspers gelewer het.

Cillié wys in sy hoofstuk na 'n "konfrontasie" wat in 1977 tussen Party en Pers gedreig het weens die onversetlike houding wat PW Botha in die direksie aangeneem het. Hy haal Phil Weber aan wat sarkasties in sy dagboek geskryf het: "(Dié konfrontasie) kan ons (die Pers) nie bekostig nie." Hoekom nie? Ek brand om te weet wat sodanige konfrontasies die Naspers sou "gekos" het.

Die simbiotiese verhouding - waaroor Cillié so graag skryf - word deur 'n woordeboek gedefinieer as "die saamleef van twee ongelyksoortige organismes tot albei se voordeel". In so 'n verhouding veronderstel diens van die Pers aan die Party tog 'n quidproquo van die Party aan die Pers!

Galbraith sê tereg dat die diepe simbiotiese verhouding tussen die moderne staat en die moderne korporasie - Party en Pers in dié geval - op gedeelde mag en op gedeelde belonings gegrond is.

OMDAT NASPERS IN sy boek oor die tydperk 1949-1990 in gebreke bly om besonderhede te verskaf oor die mag en die belonings wat Naspers deur die simbiotiese verhouding verkry het, is dié boek te eensydig en uit 'n te subjektiewe hoek geskryf om as "persgeskiedenis" te kwalifiseer. Dit is veel eerder 'n propagandapamflet wat 'n mite propageer om baie dinge te bedek, maar daarmee tog geen gerusstelling bring nie.

Indien ons aanvaar dat die Party in die jare 1948 tot 1990 net halfpad so diensvaardig teenoor die Pers was as wat die Pers beweer hy teenoor die Party was, dan verkry die korporatiewe groei en die winsgewendheid van Naspers 'n ander betekenis. Dan word die simbiotiese verhouding 'n geheimenis wat in nasionale belang oopgevlek behoort te word.

Die Naspers is seker een van daardie korporasies wat nie hoef te vrees dat hy deur 'n meerderheidsregering genasionaliseer gaan word nie. Maar indien 'n mens rekening hou daarmee dat die Nasionale Pers en die Nasionale Party al dekades lank simbioties baie intiem en geheimsinnig "saamleef", dan het Naspers seker rede om te vrees dat hy dalk "gedeNasionaliseer" kan word. O wee. Wat sal die implikasies daarvan wees?

Mammie! Derrah-hulle het gemarch

Deur Leonard Koza

ANNA BRUINTJIES was druk besig om aandete te berei toe Lena, haar oudste dogter, vinnig die kombuis binnestorm en sê: "Mammie - Derrah-hulle het oek vandag innie Kaap gemarch."

Haar ma het haar stip aangekyk en toe die deksel toegeklap nadat sy die pot geroer het en geproe het of daar genoeg sout in was.

"Lena!" het haar ma geroep, "het ek reg gehoor wat hy gesê het dat jou pa oek innie Kaap gemarch het?" Met 'n glimlag op haar gesig het Lena gesê: "Ja Mammie, Derrah-hulle het oek innie Kaap gemarch."

Lena se glimlag het onmiddellik verdwyn toe sy gewaar dat haar ma nie so tevrede was met daardie soort van nuus nie. Lena het toe gevra: "Is daar ienage iets vekeerd daarmee?" Haar ma het haar bitsig geantwoord: "Jou pa moet sê as hy 'n kommunis is, want hy het altyd vi' my gesê dat hulle union nie interested is in strikes, boycotts en marches nie. As daai sy style is, vat ek my goed en ga'n terug na my ma toe."

Lena was verbaas om haar ma so te hoor praat nadat sy altyd gekla het dat hulle iets moet doen om die Raad te laat verstaan hoe hulle voel. "Mammie is dan die een wat altyd kla van die min geld en nou wil Mammie teruggaan na Ouma toe en wat word dan van ons?"

Haar ma het weer die pot se deksel gelig en gesê: "Aangesien djulle skoolkinders netsoe vol gemarch is, kan djulle maa' by djulle pa bly, want ek het nie tyd vi' kommuniste nie en virre kaffer-regering het ek nie tyd nie."

Voordat Lena nog kon antwoord, het haar ma gesê: "En djy, madame, argue nie met my nie want ek het al slapelose nagte deurgemaak deu' julle se politiek op skool. Ek sal nooit vergeet hoe die veiligheidspolisie hierdie huis in rep en roer gelos het nie op soek na jou Kommunistiese pamflette. Jy moes weke lang wegkruip en by vrinne slaap, soe hou jou bek!"

Lena het na haar kamer gegaan en die deur hard agter haar toegeklap waarop haar ma geantwoord het: "Jy moet die deu' agter jou toeklap asof ek jou speelmaat is. Ek is lankal dik vannie kaffer-politiek van dié huis. Ek wag vanaand julle pa af, want hy is mos die een wat vi' julle soe encourage om aan te sluit by die ANC. Vanaand moet hy sy keuse maak."

Daar was 'n harde geklop aan die deur. Mevrou Bruintjies het van binne geskree: "Kom binne asseblief." Alhoewel sy hard geskree het vir die persoon om binne te kom, het die geklop aangehou totdat sy maar liewer besluit het om self die deur oop te maak. Met die oopmaak van die deur het sy in die gesig van haar suster, Miena Plaatjies, gestaar. "Naand Anna," het Miena gegroet. "Goeienaand Miena," het Anna teruggegroet, "en wat maak jou my besoek hierdie tyd? Dis mos kosmaaktyd."

Miena het breed geglimlag en 'n koerant uit haar handsak gehaal. "Mamma het gesê ek moet die koerant vi' jou bring om te kom wys dat jou man ook deelgeneem het aan political marches en dat hy dalk nog sy werk kan verloor."

Anna het vir Miena genooi om te sit terwyl sy die ketel gaan aanskakel vir tee. "Vi' kaffers en kommuniste het ek nie tyd nie, sowaar as my tata."

Die water het gekook en sy het die ketel gaan afskakel. "Tee of koffie," het sy uit die kombuis geskree. "Koffie," het Miena gesê, "want dit sal ten minste die koue weghou." Anna het vir haarself tee gemaak. Sy het alles op 'n skinkbord gesit sodat sy saam met Miena kon gesels oor die koerantberig.

"Is daa' nie biscuits nie?" het Miena gevra. Anna het haar net een skewe kyk gegee en gesê: "Djy ko dan nou vi' my vertel dat my man sy werk ga'n verloo' omdat hy gemarch het maa' nou soek djy biscuits?"

Miena het ewe skamerig geantwoord: "Ek het maa' net gevra aangesien djy altyd weekends bak en brou." Anna het die suiker in haar tee geroer terwyl sy saggies aan Miena gesê het: "Nou is dit bak en brou se voet. Vanaand wag ek vi' Pieter in. Hy het nou die dag ons Black and White TV ingeruil vi' 'n colour ene. Dan het hy oek gepraat van 'n decoder, want die kinnes verlang gloe M-Net. As die boere sy gat skop, wie dink hy ga' vi' alles da'i bataal? Hy wiet my familie hou nie van hom nie, want hy is die ienagste skoonseun met 'n swartgat en 'n pittekop. Ek het altyd gehoo' hy en die kinnes praat van apartheid, maa' min het ek gewiet dat hulle al soe ver is dat hulle nou prepared is om te march oek. Dit is mos 'n sign hy en die kinnes is diep innie politiek in." Terwyl sy haar tee drink, het Miena gesê: "Ma het hoekal gesê dat hy nou eers sy kaffergeit uitbring nadat hy al die jare soe stil was."

Daar was skielik 'n geklop aan die voordeur en 'n vinnige oopdraai. Anna en Miena was so diep in gesprek dat hulle nie die geluid van die hekkie gehoor het nie. Altwee van hulle het versteen in die vriendelike gesig gekyk van Pieter Bruintjies, Anna se man, wat tog verbaas was om vir Miena te sien. Miena het nie geweet wat om te sê nie aangesien die skoonmense altyd by die "swartgat en pittekop" skoonseun kuier wanneer hy nie tuis is nie.

Nadat Pieter vir Miena en sy vrou gesoengroet het, wou Miena skielik haastig loop. "Nee wag, djulle kom mos nooit hie' nie. Waarom is djy nou soe haastig?" het Pieter gevra. "Vanaand ga'n djy by o's iet," het Pieter bygevoeg. Miena het versteen na Anna gekyk. "Dit baat nie djy kyk na Anna nie, want haar suster is oek my suster."

Van nie weet wat om te sê nie, het Anna gevra: "Hoekom is djy vanaand soe hêppie? Ek wil nog vanaand êrnstig met jou gesels. Ek sal maa' somme' voo' Miena gesels, want dit maak tog nie saak nie."

Anna was uit die veld geslaan toe Pieter sê: "Ek is vandag bevorder tot voorman met 'n verhoogde salaris en gaa' nie mee' tweeweekliks betaal word nie. My werkgewer het my ingeroep en mooi gevra om tog in die toekoms liewer my probleme met hom te bespreek as om deel te neem aan optogte innie stad. Wat vi' my important is, is dat ek nie verniet gemarch het nie."

Miena het skelmpies die koerantberig opgevou en teruggeplaas in haar handsak.

alternatiewe terapieë

prik jou reg

Waarom dit werk, begryp Westerlinge nie so mooi nie - maar dat akupunktuur wel genesing kan bring, het die tyd lankal bewys. **ESMA ANDERSON** ondersoek die naald-terapie

BYNA 5 000 jaar al span akupunkturiste hul naalde in om mense van hul siektes te genees. En hulle het 'n naald vir byna elke kwaal' - van rumatiek tot verlamming, menstruasieprobleme tot impotensie, van hardlywigheid tot diarree, van spanning tot depressie, slapeloosheid en dwelm-afhanklikheid. Hulle kan jou selfs help verslank. Byna al wat hulle nie kan genees of verlig nie is kanker.

Die wortels van akupunktuur lê diep in die antieke Chinese beskawing. Dit het al omstreeks 3 000vC daar ontkiem - en gegroei tot 'n genesingspraktyk wat vandag, ná die aanvanklike agterdog, ook in die Weste met groot respek bejeën word.

Die antieke Chinese het 'n lewensenergie omskryf wat deur die liggaam vloei. Dié lewensenergie het hulle beskou as die medium van groei sowel as verval - die faktor wat 'n kind mettertyd verander in 'n ou mens en in dié ontwikkeling 'n mens se gesondheid beheer.

Die Chinese het nie net na die liggaam gekyk toe hulle hul teorieë oor gesondheid ontwikkel het nie. Hulle het ook na die heelal en die natuur om hulle gekyk - en tot die slotsom gekom dat die mens die res van die heelal weerspieël.

Dié konsep is nie heeltemal vreemd aan die Weste nie - die Bybel stel dit so: "soos in die hemel, so ook op die aarde".

In die begin, het die Chinese geglo, was die wêreld 'n vormlose, onverdeelbare geheel met geen onderskeid tussen hemel en aarde, vuur en water, dag en nag nie. En as mense in dié toestand sou bestaan, sou hulle vir ewig staties en volmaak gewees het.

Maar vir die wêreld om te bestaan soos dit vandag is, het hulle geglo, moes die heelal in twee verdeel word - twee dele waarin twee komplementêre teenoorgesteldes ontwikkel het: die negatiewe (Jin) en die positiewe (Jang). Dié opvatting lê ten grondslag aan die Chinese wêreld- en mensbeskouing, ook hulle hele teorie oor gesondheid.

Westerlinge ken dié teenoorgesteldes: manlik en vroulik, hard en sag, goed en kwaad, en positiewe en negatiewe elektriese ladings. Maar Westerlinge oor die algemeen verhef dié polariteit nie tot 'n universele wet soos die Chinese nie.

JIN EN JANG is volgens die Chinese teenwoordig in alles - en vir lewe om te kan bestaan moet hulle in ewewig bly. Verandering is die enigste konstante en dié verandering word teweeggebring deur die voortdurende wisselwerking tussen Jin en Jang. Deur dié wisselwerking word die aard van die natuur en ook die mens se gesondheid gereguleer.

Siekte beteken daar is 'n wanbalans - tussen die mens en die natuur, en tussen die Jin- en die Jang-energie binne die mens. Jin en Jang kan ook omskryf word as die twee manifestasies van energie, Chi, wat die dryfkrag agter lewe is, die lewensenergie. Jin is die negatiewe deel van dié energie en Jang die positiewe.

Alle materie, ook die menslike liggaam, bestaan uit Jin en Jang. Siektes is óf Jin óf Jang - en die terapieë om dit te behandel, sal dan ook óf Jin of Jang wees.

CHI, GLO DIE Chinese, betree die liggaam by geboorte en verlaat dit met die dood. En terwyl mense lewe, verkry hulle Chi's deur asem te haal, te eet en te drink. Dié Chi's word dan vervaardig in die longe, maag en milt en vloei deur die liggaam in 'n bepaalde, volgehoue patroon in die vorm van Jin en Jang. Die Chi kom nie lukraak in die liggaam voor nie, hoewel dit deur die hele liggaam vloei. Dié vloei volg 'n stelsel van kanale, of meridiane.

Die meridiane strek af in die arms en bene en om die torso onder die veloppervlak. Dié meridiane word vandag in die Weste beskryf as vertakkings van die senuweestelsel, maar sommige Chinese skole in die akupunktuur hou steeds vol dat dit nie bloot die senuweestelsel verteenwoordig nie, maar onsigbare kanale waarin die lewenskrag-energie vloei.

Omdat die mens 'n weerspieëling van die heelal is, stem die vloei van Chi's in die liggaam ooreen met die vloei van lewenskrag in groter segmente van die natuur: die afwisseling van die seisoene, dag en nag, klimaat, ens. So het die Jin of die Jang op verskillende tye die opperhand, maar deur konstante verandering word dié twee kragte delikaat gebalanseer. Siekte ontstaan as dié balans versteur word.

WANNEER 'N WANBALANS siekte veroorsaak, probeer akupunkturiste vasstel of dit die Jin of die Jang is wat te sterk geword het. Met behulp van hul naalde probeer hulle dan die ewewig herstel deur die vloei van die Chi's te stimuleer en reguleer. In Chinese tekste oor akupunktuur word die effek wat verkry word deur die vel met naalde te prik, die "verkryging van Chi" genoem. Genesing vind plaas as dié Chi's "verkry" word en die ewewig tussen Jin en Jang herstel is.

Die Chinese akupunkturiste stel daarom meer belang in die vloei van lewensenergie as die anatomie en fisiologie waarop die Westerse geneeskunde toegespits is.

Die akupunktuur-punte wat hulle ontwikkel het, is spesifieke punte punte op die energie-meridiane. Het iemand 'n oogprobleem, sal 'n akupunkturis byvoorbeeld sekere punte in die galblaasmeridiaan stimuleer omdat die Chi's nie voldoende in dié meridiaan vloei nie. Een of meer akupunktuurnaalde help dan om dié energievloei te herstel, wat die liggaam in staat stel om homself te genees - en die oogprobleem word opgelos.

Die akupunkturis behandel dus nie die oog of enige ander spesifieke orgaan nie, maar die wanbalans in die pasiënt se energiestelsel.

TOE WESTERLINGE akupunktuur begin verken het, het hulle dit uit 'n Westerse oogpunt benader en gekonsentreer op die senuweestelsel. Hulle prikkel bepaalde senu-eindpunte - byvoorbeeld in die voete, die ore of die rug - om die werking van die ooreenstemmende orgaan te stimuleer. Onlangs het Westerse akupunkturiste ook begin om die afskeiding van endomorfiene te stimuleer om pyn te help verlig.

Die akupunkturiste van die tradisionele skool neem kennis van die Westerse benadering en gebruik sommige aspekte daarvan om hul eie toepassing van akupunktuur aan te vul. Hulle beskou die tradisionele metode egter steeds as die doeltreffendste.

Die akupunkturis Jimmy Lu van Johannesburg (sy Chinese naam is Lu Chien-Ming) sê: "Ons het by die Weste geleer oor sekere ander punte, maar as jy die vloei van Chi's in die meridiane herstel, is die resultate baie beter. Die Westerlinge doen dit gewoonlik nie. Hulle begryp nie die vloei van Chi's nie omdat hulle dit nie kan kwantifiseer en bewys nie. Ons wéét dit bestaan, al kan ons dit nie bewys nie. En ons gebruik dit al duisende jare lank met baie goeie resultate."

DIE LIGGAAM IS so 'n delikaat gebalanseerde meganisme, sê die Chinese, dat iets wat een deel daarvan affekteer, ook 'n invloed sal hê op die ander dele.

Die algemene praktisyn, skryf Dr Felix Mann in sy boek *Acupuncture, Cure For Many Diseases,* neig om die verskillende liggaamsdele in isolasie te beskou. Weens spesialisering vergeet hulle soms dat 'n hoofpyn byvoorbeeld ook deur 'n skeet in die voet veroorsaak kan word.

Juis daarom is die tradisionele Chinese

Pas op vir dié dom hande

"AS jy 'n akupunkturis wil besoek, moet jy lig loop vir die kansvatters, waarsku Jimmy Lu, 'n akupunkturis van Johannesburg en voorsitter van die Vereniging van Chinese Tradisionele Medisyne en Akupunktuur. "Daar is baie mense hier met valse sertifikate of wat lieg oor hulle kwalifikasies."

Lu vertel van 'n dokter in Kaapstad wat vir sommige mense sê hy het tien jaar lank in China gestudeer. Vir Lu het hy te vertelle gehad hy het ses jaar daar gestudeer - maar Lu koop dié storie nie. "Hy kan dan nie eens 'n woord Mandaryns praat nie. Hoe kan jy ses jaar in China studeer sonder dat jy 'n woord Mandaryns kan praat?"

Van die ander kansvatters, sê Lu, volg vir 'n week of twee blitskursusse in akupunktuur in China of Taiwan, kry sertifikate - en spog dan wyd en syd dat hulle "in China gestudeer het". Dit kan gevaarlik wees, meen Lu, want akupunktuur is te ingewikkeld om in twee weke baas te raak.

"Ons gebruik vandag meer as 2 000 punte om werklik doeltreffende behandeling te bied. Ek weet nie wat dié mense dink gee hulle skielik die reg om naalde in mense se lywe te druk nie. Sommige van die punte is op baie gevaarlike plekke. Met 'n kundige akupunkturis hoef jy niks te vrees nie - maar 'n onkundige kan baie skade doen."

Die kansvatters kan weens wanpraktyke akupunktuur 'n slegte naam gee, sê Lu. Daarom bepleit sy vereniging nou dat akupunktuur amptelik erken word as terapie onder beheer van die Suid-Afrikaanse Raad vir Geassosieerde Gesondheidsberoepe.

DIE DEPARTEMENT van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling sê hulle werk tans aan 'n aanbeveling vir die wysiging van die Wet op Geassosieerde Gesondheidsberoepe van 1982 om voorsiening te maak vir die insluiting van ander alternatiewe terapieë. Akupunktuur is een van dié wat dringend oorweeg word. Die wysigings sal aanstaande jaar aan die parlement voorgelê word.

Erkenning van akupunktuur, sê die departement, sal die publiek beskerm teen ongekwalifiseerde praktisyns. In die stadium mag slegs ortodokse medici, wat opleiding in akupunktuur ontvang het, eintlik op dié gebied praktiseer. Die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad (SAMTR) het nie beswaar daarteen as praktisyns die gebruik van akupunktuur goed kan motiveer nie, sê Nico Prinsloo, die registrateur van die Raad.

Maar in die Mediese Vereniging van Suid-Afrika (MVSA) is daar meningsverskille oor akupunktuur. Dr Idoo Barker, voorsitter van die MVSA se Wetenskap- en Onderrigkomitee, sê hulle stel nou ondersoek in na dié terapie.

"Ons besef ons kan nie ons neuse optrek vir akupunktuur net omdat ons nie presies weet en kan bewys hoe dit werk nie. Dis 'n antieke praktyk en mense het al beslis voordeel daaruit getrek. Ek is nie teen akupunktuur gekant nie, inteendeel, ek het waardering daarvoor. Maar ek dink nie dit hoef erken en beheer te word nie. Wat hulle doen, is nie noodwendig gevaarlik nie. Buitendien gebruik baie dokters dié metode. Dit sal baie praktiese probleme veroorsaak om dokters wat onder die SAMTR registreer, nou ook onder die Suid-Afrikaanse Raad vir Geassosieerde Gesondheidsberoepe te laat registreer. Maar miskien kan dié probleme opgelos word."

Lu hoop egter akupunktuur word spoedig erken. "Dan kan ons sekere standaarde stel. Ons hoop om sommer volgende jaar al 'n stelsel van toelatingseksamens in te stel. Net mense wat die eksamen slaag, sal dan kan praktiseer. Dit is in die openbare belang dat dit so gou moontlik gebeur."

geneeskunde gekant teen chirurgie. Die liggaam se onderdele is so heg met mekaar verweef, sê hulle, dat die verwydering van een deel uiteindelik die hele stelsel benadeel.

Akupunktuur is ook minder effektief as die pasiënt al 'n operasie gehad het, sê Lu. Chirurgie versteur die delikate ewewig van die liggaam so erg dat dit soms nie reggestel kan word nie.

Dié holistiese benadering kenmerk ook die manier waarop akupunkturiste 'n diagnose doen. Die belangrikste metode is pols-diagnosering. Die polsslag in albei arms word met drie vingers gevoel. Die akupunkturis luister nie na hoeveel slae daar per minuut is nie, maar bepaal hoe goed sekere sleutelorgane werk deur te voel of die polsslag swak, sterk, vinnig, gereeld, ens is.

Die polsslag van die regterarm weerspieël die werking van die longe, die milt en die niere. Die polsslag van die linkerarm weerspieël die hart, die lewer en die "deur van lewe" (die nier-area tussen die veertiende en die vyftiende rugwerwel).

• Dié metode van diagnosering klink miskien vreemd - maar dit werk. Sonder dat Lu vooraf enigiets van ons geweet het, het hy my en die fotograaf Sally Shorkend presies vertel watter probleme ons het. Van lewerprobleme, probleme met maagsuur, swak bloedsomloop tot pynlike menstruasie. Ons was stomgeslaan.

As verdere hulpmiddels tot diagnose, gebruik Lu iridologie (waarin sekere vlekkies in die oog wys of 'n spesifieke orgaan goed werk of nie), en kyk ook na die kleur van die vel en tong, asook die manier waarop 'n pasiënt beweeg.

En eers nadat hy jou vertel het wat jou alles makeer, vra hy jou of daar enige ander probleme is wat jou laat kom hulp soek het.

"Dit moet 'n bietjie seer wees as jy wil hê dit moet werk" sê Jimmy Lu terwyl hy die naalde in Phillip Nicholas se rug druk. Foto: SALLY SHORKEND

Dit lyk erger as wat dit voel

PHILIP NICHOLAS lê op sy maag in Jimmy Lu se spreekkamers in Johannesburg. Hy word behandel vir rugpyn, maagpyn en hoofpyn. Op verskillende plekke op sy lyf is daar naalde ingedruk: een in elke hand, twee in sy nek net so onderkant sy haarlyn, drie agter op elke been in die enkel-area, een in elke been in die waai van sy knie en ses naalde in sy rug.

Dit lyk seer. (Dié vrees vir naalde kom van die Westerse medisyne.) Maar Nicholas sê: "Dis nie eintlik seer nie. Partykeer steek dit 'n bietjie, maar 'n mens raak gewoond daaraan."

En die naalde in sy hande, waarvoor is dit? "Wat? Is daar naalde in my hande ook?"

As hy dit nie eens agtergekom het nie, kan dit seker nie te seer wees nie.

Maar Lu sê as jy wil hê dit moet werk, dan móét dit seer wees. (No pain, no gain, soos die gewigoptellers sê.) En dit, sê hy, is een van die grootste verskille tussen tradisionele Chinese akupunktuur en die Westerse benadering.

"Die naalde wat vir 'n Westerse mark gemaak word, is baie dunner. Dis omtrent die helfte so dik soos die naalde wat ons gebruik. Ons is nie bang vir naalde nie. Die dikker naalde maak 'n bietjie seerder - maar werk baie beter."

Maar Lu druk nie bloot naalde in die lyf nie. Sommige naalde verbind hy met elektrodes aan 'n masjientjie wat 'n stroom elektro-magnetiese energie deur die liggaam stuur.

Hy wys na die naalde op Nicholas se rug: "Die naalde in die voete, die bene en die hande stimuleer die vloei van Chi's (lewenskrag-energie) deur die hele liggaam. Maar die naalde op die rug, waar die Chi's nie genoeg deur dié meridiane vloei nie, word aan elektrodes verbind om dié vloei meer doeltreffend te stimuleer en te rig.

"Ons gebruik moderner metodes as die antieke Chinese akupunkturiste - maar ons baseer ons behandeling steeds op dié tydbeproefte teorieë."

IN DIE VROUE-AFDELING lê die tiener Tanja Marais op haar rug. Soos Nicholas het sy ook naalde in haar voete en hande - maar daarby ook naalde in haar maag, en vier bo-op haar kop.

Tanja word behandel vir epilepsie. Ná 25 behandelings is haar ma, Estee Marais, baie geesdriftig oor die verbetering in haar toestand.

"Tanja het twee jaar gelede epilepsie-aanvalle begin kry ná 'n operasie. Die neuroloog het baie sterk pille voorgeskryf - vyf per dag - maar sy het daagliks steeds twee of drie ligte aanvalle gekry. Ons was desperaat. Die pille het baie newe-effekte en sy mag geen ander medikasie daarmee saam neem nie.

"Ons huisdokter stel toe akupuntuur voor - en dit werk. Ons het Tanja se medikasie al verminder na drie pille per dag en hoop om dit teen einde Januarie heeltemal te staak.

"Tanja kry baie minder aanvalle - verlede week maar net twee ligte aanvalle. Ek weet sy sal nie heeltemal herstel nie, maar Jimmy meen sy kan die medikasie heeltemal staak en uiteindelik net een of twee ligte aanvalle 'n jaar kry."

LU EN SY PASIëNTE twyfel nie oor die doeltreffendheid van akupunktuur nie. Maar Lu waarsku dat ou mense wat min energie het en afgemat is, nie werklik daarby baat vind nie. Vir hulle, meen hy, is akupunktuur net 'n mors van geld.

En akupunktuur kan nogal duur wees. Die eerste konsultasie kos in die omgewing van R120: R60 vir die naalde, en R60 vir die behandeling. Daarna kos dit R60 vir elke behandeling in die reeks. Die meeste probleme verg omtrent 15 tot 25 behandelings, maar nuwe probleme kan in selfs drie behandelings opgelos word.

Lu sê die probleem in 'n land waar hoofsaaklik net ortodokse medisyne gebruik word, is dat akupunktuur gewoonlik as 'n laaste uitweg gebruik word. En dan is dit al 'n ou probleem, wat langer kos om te genees.

As jy dus wil ophou rook (25 tot 30 behandelings), is akupunktuur peperduur. Maar as jy dit gebruik eerder as medikasie of operasies (dis byvoorbeeld met akupunktuur nie nodig om ooit 'n blindederm of mangel chirurgies te verwyder nie) kan dit baie geld en slytasie aan jou lyf spaar.

Met akupunktuur kan al jou probleme ook gelyktydig behandel word - sodat jy net vir een reeks behandelings betaal.

Deurtastende ondersoek na Afrika se aasvoëls



THE VULTURES OF AFRICA
Deur Peter Mundy, Duncan Butchart, John Ledger en Steven Piper
Acorn Books / Russel Friedman Books, 1992 (hardeband, R140,90)

TIENIE DU PLESSIS

MUNDY, Butchart, Ledger en Piper het uiteindelik hul deurtastende ondersoek na die aasvoëls van Afrika voltooi. In die verre verlede toe ek by die Vulture Study Group betrokke was, is daar al oor dié boek gepraat. Russel Friedman vertel dat dié projek meer as tien jaar gelede geloods is, en hy vee nou nog die sweet van sy voorkop af!

Die eindproduk is 'n indrukwekkende werk waarin drs Mundy, Ledger en Piper elke aspek van die lewe van die aasvoëls van Afrika breedvoerig bespreek. Illustreerder Duncan Butchart en verskeie fotograwe is verantwoordelik vir elf waterverfskilderye, talle potloodsketse en meer as 130 kleurfoto's van dié merkwaardige voëls.

Daar is altesame 22 soorte aasvoëls in die wêreld. Afrika is tuiste vir tien spesies (daar was voorheen elf, maar die grysaasvoël is klaarblyklik nie meer met ons nie). Die vier "ware" aasvoëls - griffioene of grypvoëls (kransaasvoël, Rüppelse griffioen, Eurasiese griffioen en die witrugaasvoël) - word van ons "koningaasvoëls" (ook vier spesies: monnikaasvoëls, swartaasvoël, grysaasvoël en die witkopaasvoël) onderskei deur hul algemeen donkerder kleur. In *Vultures of Africa* word daar na die "dark vultures" verwys. Die baardaasvoël (voorheen lammergier of lammergeier genoem) en die Egiptiese aasvoël vorm die derde groep. Die witaasvoël (Palmnut vulture) staan alleen

"Vultures are the 'big game' of Africa's birdlife..." Elke besoeker aan feitlik enige reservaat in Suider-Afrika sal sekerlik een of meer van dié groot voëls hoog bo die landskap sien sweef. Maar met enkele uitsonderings na is die aasvoëls van Afrika afwesig in stedelike gebiede - aasvoëls, soos die meeste ander "gespesialiseerde" voëls, is besonder gevoelig vit habitat-versteuring. Dus het die aasvreters ook oor 'n groot gedeelte van die landbougrond in Suid-Afrika verdwyn.

VIR MILJOENE JARE het dié voëls elke dag die lugruim van Afrika deurkruis. Skielik het die mens (as "roofdier") ingegryp en vandag word aasvoëls regdeur die kontinent bedreig. In die vroeë jare van dié eeu het die voëlkundige Boyd Alexander geskryf dat die witrugaasvoël 'n gesogte dis vir die mense aan die kus van Wes-Afrika was. In die Ivoorkus was die monnikaasvoël ook soms opgedis.

Maar die gebruik om aasvoëls te volg na 'n karkas en dan self van die beskikbare (of miskien eetbare!) vleis te gebruik, was die mees algemene wyse waarop die mens in regstreekse kompetisie met aasvoëls getree het. Daar is dokumentasie uit 1679 van hoe boesmans die aasvoëls met leeus in verband gebring, en die voëls dan as rigtingwysers tot 'n maaltyd gebruik het. Die roofdiere en aasvoëls word sonder seremonie verwilder en die mens vat sy deel. Die gebruik van sekere dele van 'n aasvoël vir tradisionele medisyne is eeue oud - die vel word in Zimbabwe gebruik in seremonies om met die voorouers te skakel; die vog van die oogbal word in Nigerië gebruik as deel van seremoniële liggaamsverf terwyl daar in Lesotho verskeie gevalle opgeteken is waar die snawels van aasvoëls deur skaapwagtertjies as "beursies" gebruik word. Daar is natuurlik 'n menigte ander tradisionele gebruike van aasvoëldele (vere, pote, brein, oë, ens) en die aanvraag neem steeds toe in feitlik alle dele van Afrika. In "moderne" Suider-Afrika is "aasvoëlprodukte" tans per posbestelling beskikbaar!

DIE AASVOËLPOPULASIE VAN Afrika kon menslike kompetisie en eksploitasie miskien nog hanteer, maar moderne boerderytegnieke en die daarmee gepaardgaande vernietiging van die habitat beteken letterlik dat ook dié voëls in 'n doodloopstraat te lande gekom het. 'n Antagonistiese houding jeens roofdiere en aasvreters kom by sowel oorlewingsboere en die gemeganiseerde "boer-as-sakeman" voor (met hier en daar 'n enkele uitsondering).

Ingevoerde tegnologie en onkunde het 'n verdere spyker in die aasvoël se doodskis geslaan. Gifstowwe is vandag vryelik beskikbaar en heelwat aasvoëls is al in Suider-Afrika doelbewus en per ongeluk vergiftig. So onlangs as 1991 het 'n moderne gifband om 'n skaap se nek (wat roofdiere soos jakkalse moes beheer) vier swartaasvoëls, 'n witrugaasvoël, drie witkruisarende en 'n roofarend vergiftig. Dié gevalle het in Namibië plaasgevind tydens toetse om die doeltreffendheid van dié gifhalsbande te bepaal. Vanjaar was daar in die Noordoos-Kaap 'n geval waar 15 krans- en twee baardaasvoëls deur só 'n nekband gedood is.

The Vultures of Africa is een van daardie volledige natuurleweboeke (soos Smithers se *Soogdiere van Suider-Afrika*) en is sekerlik een van die belangrikste werke oor dié bedreigde voëls. Dit is 'n boek vir elke natuurbewaarder, ornitoloog en voëliefhebber. Die prys van die boek moet niemand afskrik nie - wanneer jy 'n eksemplaar in die boekwinkel optel, sal jy besef dat jy 'n winskoop in die hand het.

('n Derde van die opbrengs van die verkope van dié boek gaan aan die Vulture Study Group. Dié boek kan bestel word by Russel Friedman Books, Posbus 73, Halfweghuis 1685)

para- normale

Pure goetery

Perhan (Davor Dujmovic), die seun in Time of the Gypsies wat 'n lepel soos 'n ballerina kan laat dans

Voorwerpe wat sonder meer deur die lug vlieg, drome wat waar word, lepels wat buig sonder dat iemand daaraan raak, mense wat beweer hulle kan ander se gedagtes lees... **INA VAN DER LINDE** soek na verklarings vir die onverklaarbare

IN Emir Kusturica se rolprent *Time of the Gypsies*, sit die jong Perhan by 'n tafel by die bruilof van Ahmed, leier van die Sigeuner-diefbendes. Hy staar stip na 'n vurk voor hom op die tafel. Die vurk lig stadig op, hang 'n rukkie stil in die lug en pyl dan soos 'n missiel af op Ahmed. Dit tref hom reg in sy nekslagaar dat die bloed so spuit.

In 'n lighartiger bui kan Perhan 'n lepel soos 'n ballerina rondom 'n spieël laat dans sonder om daaraan te raak. Pure goëlery.

Baie mense in die moderne gemeenskap is oortuig daarvan dat sulke buitengewone werklikhede bestaan. Hul geloof is dikwels gegrond op 'n ondervinding van "onverklaarbare" ervaringe in die alledaagse lewe. Byvoorbeeld drome wat waar word, iemand aan wie mens dink wat dan net daarna bel, mense wat beweer hulle kan ander se gedagtes lees, die vele verslae oor vreemde klopgeluide, of dooie voorwerpe wat onverklaarbaar beweeg.

Die studieveld bekend as parapsigologie (PSI) is deur die eeue dikwels bestudeer en behels verskynsels soos buite-sintuiglike waarneming (ESP: extrasensory perception), telepatie, hipnose, voorkennis (prekognisie), en levitasie.

Ook ou Poltergees, of psigokinese (PK: die vermoë om krag uit te oefen op voorwerpe sonder om daaraan te raak) het al dikwels die vergrootglas op hom/haar gehad. Het ons vandag groter helderheid oor die bestaan en aard van die kwelgees?

Ernstige navorsers wat aan die bestaan van PK glo, koppel dit nie aan spiritisme of okkultisme nie, maar meen dis 'n vermoë waaroor rare individue beskik. Maar hoe wetenskaplik is die navorsing tot op hede? Wat is PK-energie? Is daar 'n meganisme wat die wet op swaartekrag, fisika en chemie kan omseil?

En, sê die skeptici, is dit nie maar net 'n geval van kul jou hier en kul jou daar en siedaar nie?

IN DIE WESTE, en veral die VSA en Engeland, is heelwat navorsing gedoen deur die Society for Psychical Research (SPR) wat in 1882 in Brittanje gestig is. Die SPR het begin om bekende sogenaamde paranormale aansprake te ondersoek.

Wanneer 'n mens deur die massas inligting oor die onderwerp swoeg, wemel dit van gevalle waar verskillende wetenskaplikes sekere mense vir hulle psigiese vermoëns toets. Terwyl party wetenskaplikes met eksperimente die bestaan van die vermoëns bevestig, is daar net soveel wat probeer bewys dat alles oëverblindery is, of dat die resultate die gevolg is van slordige en onwetenskaplike metodes.

As voorbeeld die geval van die lepelbuigende super-goëlaar, Uri Geller.

Die aantreklike en charismatiese Israeli het voor duisende TV-kykers sy vermoëns geïllustreer om lepels te buig, kompasse se wysers laat beweeg, en boodskappe in verseëlde koeverte te lees.

Die "Geller-effek" het egter meer behels as kompasse en lepels: hy het 'n oorbluffende vermoë gehad om betroubare wetenskaplikes van die egtheid van sy talente te oortuig. Hy het twee fisici van die Standford Research Institute in Menlo Park, Kalifornië (tussen 1972 en 1973) daarvan oortuig dat hy oor die eienskappe van heldersiendheid, telepatie en PK beskik. Volgens die toetse kon Geller in 6 uit 13 gevalle deur middel van telepatiese vermoëns vasstel hoe teikenprente lyk wat deur die eksperimenteerders in verseëlde koeverte geplaas is. In nog twee gevalle kon hy 'n redelike weergawe van die inhoud van die koeverte gee. 'n Hele dispuut het ontstaan rondom voldoende streng kontrole oor die toets en die feit dat Geller se helper, Shipi, voortdurend in en uit die laboratorium beweeg het.

In nog 'n geval het Geller agt uit tien keer kon raai watter kant van 'n dobbelsteen wat in 'n toe metaalhouer geplaas is, bo lê. 'n Derde toets waar hy weer moes raai hoe prente in verseëlde koerverte lyk, het hy gedop. Hy kon metaal buig, maar Puthoff en Targ kon nie die laboratoriumtoestande voldoende beheer om data beskikbaar te stel nie, is gesê.

IN 'N BOEK, *The Geller Papers: Scientific observations on the paranormal powers of Uri Geller* deur Charles Panati, voormalige wetenskaplike redakteur van *Newsweek*, word ook beweer dat die "Geller-effek" versigtig in 'n wetenskaplike laboratorium bevestig is. Nog 'n fisikus, John Taylor van King's College, University of Londen, was oorbluf deur Geller se vermoë om goed deur die lug te laat vlieg, te laat verdwyn, en 'n kompasnaald in die rondte te laat tol.

Die pretbederwer was die Amerikaanse kulkunstenaar, James Randi. Hy het aan wetenskaplikes gedemonstreer dat hy soortgelyke wonders kan laat gebeur deur vernuftige handtoertjies uit te voer. Soos sleutels buig deur fisieke manipulasie of druk, of deur blote oëverblindery 'n sleutel so te draai dat dit lyk of dit buig. In 'n ander geval het hy spesiaal voorbereide lepels metaaltam gemaak deur dit herhaaldelik te buig. In die laboratorium hoef hy dan bloot liggies daaroor te streel om dit te laat ombuig, of te laat afbreek. Hy kan horlosies se wysers laat draai deur die stelknoppie vernuftig en ongesiens te roer, en kon selfs die inhoud van verseëlde koerverte onthul deur dit onopsigtelik teen die lig te hou.

Geller is uiteindelik ontmasker tydens 'n Johnny Carsons-programop TV. Randi het as adviseur opgetree oor hoe om die omstandighede só te beheer dat dit 'n ware towenaar sou kos om resultate te behaal. Die gevolg was dat Geller vir 20 minute lank rondgewerskaf en verskonings gemaak het, terwyl hy tussendeur opmerkings maak oor hoe senuagtig hy is. Hy kon niks regkry nie.

PAUL KURTZ IN *A sceptic's handbook of Parapsychology* (1985) kom tot die gevolgtrekking dat dit baie maklik is om mense te mislei, veral as daar geen verklaring gevind kan word vir sekere gebeure nie, en as mense dit wil glo.

Maar almal stem nie hiermee saam nie. Twee gerespekteerde sielkundiges, JG Pratt

para- normale

Uri Geller in aksie

en William G Roll (*Theory and Experiment in Psychical Research*, 1975) sê die jongste eksperimente onder streng gekontroleerde omstandighede, suggereer dat PK 'n realiteit is, maar dat daar tot dusver geen bevredigende toetse uitgevoer is wat dit finaal bewys nie. Pratt beweer verskeie studies oor PK dui tog daarop dat dit 'n natuurlike maar seldsame verskynsel is waarvoor die nodige wetenskaplike toetsing nog nie ontwerp is nie.

Intussen het verslae van 'n ander aard veel beter resultate opgelewer. Uit die land van die oer-PSI-goëlaar van alle tye, Gregoire Rasputin, blyk dit dat die hele kwessie heeltemal anders aangepak is.

In hul boek *Psychic Discoveries behind the Iron Curtain* (1970) vertel Sheila Ostrander en Lynn Schroeder dat die Russe ligjare voor die Amerikaners is. Terwyl die Amerikaners nog probeer vasstel of PSI bestaan, is die Russe daarop ingestel om die fenomeen te gebruik. Waar PSI in die VSA die Aspoestertjie van die psigologie is, beskou die Russe dit as 'n nuwe studierigting binne die natuurlike wetenskappe, wat gekoppel kan word aan bionika, fisiologie en biologie. Universiteite en kollegesbeskik oor PSI-laboratoriums en suiwer wetenskaplikes werk in spanne met psigoloë op die gebied saam.

Op die gebied van telepatie is uitvoerige toetse gedoen waarvolgens glo bewys is dat mense nie net "opgelei" kan word in telepatie nie, maar dat die "uitsender" sowel as die "ontvanger" van telepatiese boodskappe tydens die stuurproses drastiese veranderinge in die aard van hul breingolwe ondervind.

Volgens hulle verklaar die toetse waarom vreemdelinge sonder enige rede tot mekaar aangetrokke voel, of mekaar afstoot. Emosies en die geestelike toestand van die mens word deur die elektriese aktiwiteit van die brein weerspieël. Dit is omdat die brein van een mens 'n ritme op die brein van 'n ander kan oorplaas - 'n soort spontane telepatie.

'n Verdere gevolgtrekking is dat negatiewe emosies 'n nare uitwerking op die psigiese sowel as die fisieke het. Vrolike, positiewe denke kan die liggaam daarenteen help om te herstel. Uitvoerige bloedtoetse wat in 1965 gedoen is, het bewys dat positiewe denke pasiënte met 'n lae witbloedtelling opstoot met 1 500, terwyl negatiewe denke die witbloedtelling met 1 600 laat afneem.

OP DIE GEBIED van PK is dit veral die toetse wat op ene Nelya Mikhailova, 41, 'n huisvrou van Leningrad gedoen is, wat aandag trek. Sy beskik glo oor die vermoë om 'n muurhorlosie se pendulum te stop sonder om daaraan te raak, en plastiekhouers, waterbekers, koppies en glase rond te skuif sonder om daaraan te raak - wat Amerikaanse wetenskaplikes dadelik die hamas sou injaag.

Volgens die skrywers het wetenskaplikes en joernaliste Nelya aan verskillende toetse onderwerp, maar kon geen verskuilde magnete, drade of enige ander kultegnieke vind nie.

Die Mendeleyev Instituut van Metrologie het haar bestudeer en tot die gevolgtrekking gekom sy kan aluminiumpype en vuurhoutjies onder die strengs gekontroleerde toestande verskuif. Waarnemings by wyse van geslotebaan was. Dit het sewe uur geduur om die rolprent te maak en daarna was sy so uitgeput dat sy nie kon praat of kon sien nie. Haar bene en arms het gepyn, en sy was vir dae lank duiselig.

DR GENADY SERGEYEV van die Aukromskii Physiological Institute, 'n militêre laboratorium in Leningrad, wou uitvind of PK-energie elektronies gemeet kan word. Om dit te meet het hy 'n toestel ontwerp wat die sogenaamde "biologiese velde" (elektrostaties en magneties) tot 'n omtrek van vier meter rondom die liggaam kan meet. In 'n toestand van rus het Sergeyev bepaal is die elektromagnetiese veld net tien keer minder as die 0,6 gauss as die magnetiese veld van die aarde, wat

Ernstige navorsers wat aan die bestaan van Poltergeeste glo, koppel dit nie aan spiritisme of okkultisme nie.





Friedrich August Kekulé het gedroom van 'n slang wat sy eie stert vasbyt en so op die struktuur van die bensienring afgekom

televisie kon ook geen verduideliking bied vir die verskynsel nie. "Ons het so pas 'n nuwe mag ontdek waaroor mense beskik," het 'n beroemde Sowjet-akademikus, prof A Mikhulin, destyds verklaar.

'n Wetenskaplike rolprent wys 'n vrou met donker oë wat intens op 'n kompas konsentreer. Sy hou haar vingers parallel met 'n tafel, enkele duime bokant die kompas. Dan beweeg sy haar hande in 'n sirkelbeweging. Die naald begin te bewe en stadig anti-kloksgewyse te draai. Later begin die hele kompas binne-in sy plastiekhouer, in die rondte te dans.

Sy kan ook vuurhoutjies beweeg totdat dit soos stompe in 'n rivier beweeg, en voorwerpe binne deurskynende perspekshouers van kant-tot-kant laat beweeg.

In dieselfde rolprent het hulle 'n rou eier in 'n soutoplossing in 'n glas-akwarium geplaas. Nelya het sowat twee meter van die hour af gestaan. Met PK het sy daarin geslaag om die eierwit van die geel te skei, en dit weer bymekaar te sit.

Tydens die verfilming van die rolprent het Nelya drie pond aan gewig verloor. Die stremming op haar hart was so groot dat hulle etlike kere die verfilming moes staak totdat haar hartklop weer normaal baie sterker is as normaal. Haar brein genereer 50 keer meer volt van die agterkant as die voorkant van die kop.

Later verfilm hy haar terwyl sy binne 'n elektronies-geïsoleerde EEG-vertrek sit, elektrodes om haar kop en gewrigte. Nog 'n instrument meet haar hartklop en breingolwe, terwyl die nuwe instrumente die biologiese velde meet. Die oomblik wanneer sy haar PK-kragte aktiveer, toon die EEG geweldige aktiwiteite in die gedeelte van die brein wat sig beheer. Die elektrokardiograaf toon dat haar hartklop met vier keer die normale verhoog tot 240 slae per minuut!

Wanneer die voorwerp begin weeg, begin die kragtige magnetiese velde om haar liggaam pols. Haar brein en hart pols in ritme met die vibrasies rondom haar biologiese kragveld. Die polsende kragveld is gefokus in die rigting waarheen sy kyk. Sergeyev se teorie as dat die vibrasies soos magnetiese velde werk, wat voorwerpe na haar kan aantrek of afstoot. Dié meganisme, meen hy, word deur die brein geaktiveer.

Wie om te glo en wie om nie te glo nie? Oor een ding lyk dit tog of skeptici en PSI-gelowiges saamstem: die 21e eeu bied opwindende moontlikhede vir verdere navorsing oor dié onderwerp.

Nou is dit die dubbelspelspelers se beurt

sê **TIM SANDHAM** in dié week se Sportrubriek

DIE Standard Bank ATP Toer Wêreld-dubbelspelkampioenskap wat vanaf Dinsdag in Johannesburg gespeel word, is voorwaar 'n unieke toernooi. Nie net is die totale prysgeld op die spel $1 miljoen nie, maar dit is ook die enigste tennistoernooi wat slegs dubbelspelwedstryde behels.

Heel jaar lank moet die dubbelspelspelers tweede viool speel teenoor die enkelspelspelers op die ATP Toer. Slegs 'n klein persentasie van die toernooi-prysgeld word aan dubbelspel toegewys, dié wedstryde geniet minder aandag en word meestal op die buitebane beslis.

Dit is jammer dat die dubbelspelfaset van beroepstennis in dié mate afgeskeep word omdat dit grootliks bydra tot die stand en gehalte van die enkelspel faset. Wanneer jong spelers aanvanklik begin toer en onvermydelik in die vroeë rondes uitgeskakel word, moet hulle terugval op dubbelspel- en gemengde dubbelspelkompetisie om finansieel die mas op te kom. Dit is hier waar hulle ervaring opdoen in alle aspekte van die spel en wat vir hulle later van onskatbare waarde is.

Vanjaar was die kompetisie besonder kwaai gewees. 'n Maand gelede was nog net drie van die agt dubbelspelkombinasies verseker van hulle plekke in die kampioenskap. Die volgende agt kombinasies was so naby aan mekaar op die ranglys dat almal noodgedwonge die laaste paar toernooie moes speel om hul plekke te verseker.

Die gunstelinge in die stadium is die Australianers Todd Woodbridge en Mark Woodforde, wat heel jaar al die kombinasie nommer een is. Die kampioenskap volg egter 'n rondomtalieformaat wat bepaal wie in die halfeindronde en finaal gaan speel. Spanne kry dus 'n tweede kans as hulle 'n eerste wedstryd verloor. Dubbelspeltennis op dié vlak is altyd 'n delikate storie en 'n gunsteling kombinasie kan maklik op sy herrie kry. Suid-Afrika se relatief onbekende jongelinge, John Lafnie-de Jager en Marius Barnard het juis verlede week 'n paar groot name laat struikel. Hou 'n oog op die huidige kampioene, Anders Jarryd en John Fitzgerald, wat dalk vir 'n verassing kan sorg.

Dis net jammer Danie Visser en Piet Aldrich is nie meer op die toneel nie.

DAAR IS VOORHEEN IN die rubriek melding gemaak van die aweregse sportdekking van Bop-TV. Op Donderdagaande om 10.50 in 'n program wat bloot as BOP Sport aangedui word, vertoon die kanaal geruime tyd reeds 'n weeklikse program met die prosaïese titel Italian Football. Sonder tierlantyntjies word die beste wedstryd in die Italiaanse sokkerliga van die afgelope naweek gewys. Die aanbieder en kommentator gebruik die suiwerste BBC-Engels en sy mond vorm soms moeilik om party van die Italiaanse spelers se name, maar is die man kundig! Sy kennis van die spel en spelers en alles (en ek bedoel álles) wat daarmee gepaard gaan is verstommend. Na die hoofwedstryd, wat naatloos geredigeer word, word die doele en amper doele van die ander nege wedstryde in die Serie A kortliks gewys.

Groot was my verbasing voorverlede week toe ek in plaas van my weeklikse sokkerinspuiting, 'n opname van die New York-marathon ter aanskoue kry. Vergeleke met die SAUK se dekking van die Comrades was dié Amerikaanse produksie pateties. Die ergste daarvan sonder twyfel was die neerbuigende manier waarop die vrou wat die onderhoud (wat klaarblyklik niks van padatletiek weet nie) met Willie Mtolo gepraat het. (Die sokker het daarna gevolg en wie weet wat nog, dit was te laat vir my.)

Op Sondae het Bop-TV ontslae geraak van die nimmereindigende rofstoeigevegte en wys nou 'n program met die titel NBA Games. So onderbeklemtoon as wat die Italiaanse Brit is, so oordadig is die Amerikaanse produk, maar ook uitstekend. Dieselfde formaat word gevolg, behalwe dat die sportsoort basketbal is. So half teen my sin begin ek meer en meer hou van basketbal en wonder ek of dit nie saam met sokker die toekomstige sport vir Suid-Afrika is nie. Baie ophef is gemaak van hoe wonderlik krieket en hoe swak rugby in die swart woonbuurte bevorder word. Die saak staan so: albei is moeilike sportsorte en albei is elitisties as gevolg van die geld wat benodig word om hulle te beoefen. Daarenteen is die vereistes om sokker of basketbal te geniet baie meer haalbaar. Albei het relatief eenvoudige reëls en die basiese vaardighede kan makliker aangeleer en ingeskerp word.

Al wat vir basketbal benodig word, is 'n stewige staalstruktuur vir die hoepel en 'n sement- of teerblad vir die speeloppervlak. So 'n baan behoort binne 48 uur opgerig te kan word en behoort lank te hou. Die kinders van die omgewing moet self speel en hulle vaardighede slyp. So sal natuurlike talent ontwikkel word. Afrigters moet op naweke klinieke op die einste bane aanbied en die beter spelers uitsif.

Soortgelyke situasies in die armer dele van die groot Amerikaanse stede is die teelaarde van die groot sterre wat in die NBA-ligas deelneem. Die mense moet hulself aanspoor. Om kinders een maal per jaar met busse na die Wanderers of Ellispark aan te ry skep onrealistiese verwagtings en sus skuldige gewetens.

Grootmanne behoort mos beter te weet

sê **FANIE OLIVIER** oor Stoffel van der Merwe se draaie op Agenda en die Springbokafrigter se verstömmende uitsprake

IN 'n week waarin daar loshande die meeste losgepraat was wat ons in jare in Suid-Afrika gehoor het, en 'n los getjommel op Twickenham, en 'n loslootjie by die krieket op Kingsmead, moet mens seker maar ligloop om nie self in 'n losgeding te beland nie.

Sou 'n mens verwag dat groot manne beter weet! Of manne wat voorgee om groot te wees...

Soos ministers en Sekretarisse-Generaal. Soos Stoffel van der Merwe se Agenda-draaitjies wat enige agterspeler skoon wit van jaloesie sal laat word. Soos hy praat, klink dit of hy en sy maatjies niks eintlik te make gehad het met die ellendes van apartheid nie.

Dat die miljoene rande, ons geld, wat as gevolg van swak administrasie verlore geraak het, nou maar toevallig en jammer is, maar dat niemand daarvoor verantwoordelikheid hoef te aanvaar nie.

Nou het die minister sy uittrede aangekondig, gerieflik. O ja, vertel hy, hy't nie eers geweet die verslag gaan vrygestel word nie. En hy was die minister van die departement waaroor die verslag gaan! En hy is die Sekretaris-Generaal van die Nasionale Party.

Dit wys jou net hoe min hy eintlik weet! En wat nog erger is, is dat hy dit nie eers kan wegsteek nie.

Nou vertel hy vir ons hy wil 'n konsultant word, teruggaan na die akademie waaruit hy destyds as die blinkboetie na vore getree het om kleim te kom afsteek in die hervormingspolitiek.

Ek hoop waaragtig dat ons universiteite nog genoeg gesonde verstand het (saam met die min geld) om nie hulle arms oop te gooi vir sulke presteerders nie. Wat gaan die mense van ons professors dink...

VAN UNIVERSITEITE EN groot manne gepraat: die rugby-Springbokke het mos 'n professor vir 'n afrigter, en 'n man wat die afgelope maand of drie die een wonderlike voorspelling na die ander gemaak het oor ons prestasies. Hy is mos immers self 'n speler van formaat, en goed in staat om alles deeglik te oorweeg.

Buitendien is hy regtig ook 'n groot man, soos slotte moet wees. Altans, so lank as wat my rugbygeheue my dit toelaat, kan ek onthou dat slotte lang, groot manne was wat met mening kon spring. "Rank", het ons dit nog genoem.

Nou verklaar die professor-afrigter-slot met groot stelligheid (gelukkig darem nie teenoor Siklops van Rooyen nie) in die grootste Afrikaanse dagblad in die wêreld dat sekere aspekte van Suid-Afrikaanse rugby ernstige aandag sal moet kry.

Hy kom tot die volgende verstommende gevolgtrekkings (wat die betrokke joernalis noop om dit woordeliks aan te haal):



"Alles draai deesdae om die lynstane. Dit is baie belangrik dat moderne slotvoorspelers lank moet wees om die bal te vang." (Dit is my kursivering, want sulke waarhede kan nie verlore gaan nie - op stuk van sake is dit insig waarmee die grense van Suid-Afrikaanse rugby so drasties hersny gaan word dat dit grondwetlike hervorming na 'n kinderkranspiekniek gaan laat lyk.)

"Die spel het sodanig verander," gaan die groot man voort, "dat daar baie meer lynstane is. Dit is noodsaaklik vir 'n span om die lynstane te wen, en ons moet die mense gaan soek wat dit vir ons kan doen."

A! Hoe is die slotte van die afgelope toer dan gekies, as dit nie was om balle in die lynstane te wen nie? Is die ganse Suid-Afrikaanse rugby-publiek eintlik om die bos gelei en is Adolf Malan en kie gekies om iets anders te doen? 'n Geheime sending om verlore miljoene te gaan opspoor, dalk? Ons lees mos bowendien dat daar ook 'n blondine in die toergroep was...

Buitendien is die storie oor die verandering van die spel ook snert. 'n Lynstaan ontstaan wanneer die bal oor die kantlyn gaan: daar is nog steeds net twee kantlyne en een bal. Ek sal daarom verskriklik bly wees as die professor kan verduidelik hoekom daar nou meer lynstane is as vroeër.

Miskien moet Naas (oor wie daar nou vir oulaas los gepraat sal word: dit was 'n dekselse oulike drop daai, hoor!) tog maar die afrigter word. Ons hoef nie te gaan soek nie, troos hy, en bring die opvoedingsbeginsel van verworwe kennis wat toegepas word, na vore:

"Die spelers het baie geleer. Dit wat ons geleer het, moet ons nou tuis gaan toepas. Die kern van die saak is dat ons nou nie weer van vooraf hoef te begin nie."

Wrintie, nè? Dalk moet Naas naas afrigter ook maar professor word.

teater nuwe gesigte by die markteater

CHARL BLIGNAUT gesels met **Jerry Mofokeng,** nuwe vaste regisseur by die Markteater, en met **Mary Slack,** nuwe uitvoerende trustee

"teater, teater, teater en dan teater"

JERRY MOFOKENG

TOE John Kani en Mannie Mannim 'n paar jaar gelede in Amerika op besigheid was, het hulle Jerry Mofokeng probeer oorreed om huis toe te kom om by die Markteater te kom werk. Mofokeng was toe al 'n jaar daar, besig om twee meestersgrade te behaal aan Columbia Universiteit danksy 'n Fulbright-beurs. Hy het die aanbod laat vaar want hy't gemeen die tyd is nog nie reg nie.

"Ek het geen rede gehad om al daardie bronne agter te laat en terug te kom en ná ses maande uitgeput te wees nie nie. So ek het gewag en alles gevat wat ek kon en dit teruggebring vir die mense hier wat nie die kans het om self New York toe te gaan nie."

Drie jaar en hele klomp ondervinding later is Mofokeng terug en hy's besig om die Suid-Afrikaanse teaterbedryf uit alle hoeke in te spuit met sy visie. Hy gee klas in Wits se dramadepartement - toneelspel, regie, die gebruik van drama in opvoeding, die bestuur van die uitvoerende kunste. Hy's ook die Markteater se nuwe vaste regisseur.

Klasgee gee Mofokeng die kans om met toekomstige teaterwerkers saam te werk. "In sekere sin is 'n mens gelukkig om mense te kan leer," sê hy. "My standpunt is dat ons ons eie teater moet vorm. Doen ons dit nie, sal ons maar net aanhou invoer. Die hele Stadskouburg-ding, die opening met Harlem gevolg deur *Chorus Line* - Amerikaanse stof - sê aan ons ons moet ons eie werk lewer. Ons moet kunstenaars, skrywers en regisseurs oplewer om Suid-Afrikaanse teater te skep. Ons moet wegkom van die ding dat een mens die skryfwerk, die regie, die spel, die choreografie behartig. Teater is 'n kuns van samewerking en dit kan net verbeter as 'n mens met ander mense saamwerk. Wits gee my die kans om teater-skeppers in te lig, betrokke te kry en 'n seggenskap te gee."

MOFOKENG IS IN 1956 in Orlando-Wes gebore (hy ondersteun Orlando Pirates geesdriftig). Sy verhouding met die teater het op skool begin. In 1976 was hy as matrikulant betrokke by die Soweto-teatergroep Youth Alive.

Jerry Mofokeng and Mary Slack

"Niks was aan die gebeur nie, toe besluit 'n paar van ons om die vakuum te vul deur iets te doen. Toe vlug ons regisseur land uit en ek moes die regie behartig. Daar was geen tekste nie - ons het maar geïmproviseer."

Mofokeng was by gemeenskapsteater betrokke totdat hy in 1983 aan Wits gaan studeer het. As student het hy ook klas gegee by die Alex Kunssentrum. In 1986 het hy 'n oudisie afgelê vir Peter Brook se *Mahabharata* in die Mark. Hy't die rol gekry - maar terselfdertyd die Fulbright-beurs gewen. "Ek het die Fulbright gekies en is in 1987 New York toe."

Vier jaar later het hy sy meestersgrade in regie en teaterbestuur behaal. Begin vanjaar het hy die pos by Wits aanvaar.

Sy eerste projek by Wits was Zakes Mda se *The Hill*, en by die Mark was dit Michael Ellis se *Chameleon*. Mofokeng kyk met insig na die eietydse kwelpunte van swartwees in Suid-Afrika. Hy't *Chameleon* gekies want: "Ek het gedink hier is iets om te sê aan mede-swartmense. Marcia word 'n spieël vir Benjamin. En die toneelstuk self word 'n spieël vir swart Suid-Afrika. Hulle kan dalk Benjamins wees of hulle kan bydra tot die skepping van Benjamins. Die teks het my hart gesteel en ek het besluit: wat ook al, waar ook al, dié stuk doen ek."

HET HY NIE regie gedoen of klas gegee nie, sou hy akteur wou wees - "Miskien het ons 'n paar mense so mal soos ek nodig om deur die moeilikste tye te worstel. Dis teater, teater, teater en dan teater."

En oor teater is hy optimisties: "Ek kan maar net hoop ek kan die soort toneelstukke aanbied wat mense sal geniet en wat iets betekenisvols genoeg te sê het om dit te regverdig dat hulle teater toe kom en tyd en geld bestee. Dit maak nie saak wat ek hier sê nie. Wat belangrik is, is dit wat ek hulle in daardie ruimte bied."

'in effect the buck stops with me'

MARY SLACK

WHAT does a amanaging trustee do? "Uh, well, in effect the buck stops with me. Technically I report to the board of trustees," replies Mary Slackoes. She's ultimately responsible for the Market theatre, its precinct in Newtown and its 72 employees.

When the last managing trustee resigned there was a debate as to whether the post should be filled by a business or a creatively orientated person. Slack, then a member of the board of trustees, was called in to discuss the issue - and told that it seemed as if she was the perfect person for the job. "I nearly fell off my chair." She began her new beat in February this year.

Part of her job is to raise funds and she's working with Nedbank to initiate a funding project whereby investors have their money returned to them after ten years. She wants to get rid of the Market's debt and invest in new culture. And the Market vision needs extending, the city needs to be revitalised and the precinct has to be seen as a place where it's happening. It needs to step out. She's also trying to initiate a massive education project at the Market.

As far as the direction of the productions is concerned, Slack says there's a conscious effort to continue producing work that serves as a mirror, reflecting the country. "I'm of the view that the Market theatre plays the role that the National theatre plays in any other country. We have to tread a very fine line, not compromising on quality and not falling for commercial certainty."

And Mary Slack's also aware of the complaints of inefficiency directed at the management and believes they're justified. "We're busy getting computerised, it's very expensive and not easy, but we're aware of the irritations of our members."

HOW DOES SHE feel about the constant scene about her filial connections (being an Oppenheimer)? "I want to change the perceptions." She tells about a newspaper report on a function which was published with a photograph of her family. The report discussed all the men - but when it came to the women, all that was written about was what they were wearing. "Perpetuating the male dominance myth."

Is she an outspoken feminist? "No, but I believe women are very powerful people who can make a huge contribution without having to participate in the male power-play world. Women can do something to make peace in this country. Men can have as many committees as they want. Women must take the issues out of their well-worn paths."

Marilyn Nokwe

singing the times

"PATTY NOKWE het 'n Aspoestertjie-lewe gelei," sê haar dogter Tu Nokwe. Nou vertel Tu, haar suster Marilyn en Patty dié verhaal in 'n nuwe musiekspel, *Singing the Times*, wat Dinsdag in die Mark open. Patty is as kind mishandel en moes toe by pleegouers gaan woon. Sy't vetkoek verkoop pleks van skoolgaan. Toe ontdek 'n Italiaanse operaster haar. Barney Simon behartig die regie van die opvoering, wat lyk asof dit 'n treffer gaan wees. Hugh Masekela het saamgewerk aan die musiek.





Alan Alborough (right)
and **Ian Waldeck** (far right)

bart ...ying

formalism

Alan Alborough and **Ian Waldeck** are approaching the condition of theatre and countering the institution, says **KENDELL GEERS** after having a look at their new shows currently hanging at the **Everard Read Contemporary** and the **FIG** galleries

IN his now famous 1967 attack against Minimalist art, American art critic Michael Fried warned that "art degenerates as it approaches the conditions of theatre," theatre being that which "lies between the arts."
Like his mentor, Clement Greenberg, he was advocating an art of pure Formalism where the work of art could be reduced to its formal elements. They believed in a universal notion of quality that transcended the boundaries of commerce, politics, context or history. Ironically Minimalism was the final product of taking Formalism to its ideological extreme.
Twenty five years later Greenberg and Fried's theories continue to dominate the South African art world. The emphasis on gesture, transcendance, purity and aestheticism are uncritically accepted as universal standards for art.
The Minimalists and, in turn, the Conceptual Artists, highlighted the Institution of art as an intrinsic component of manufacturing the content of every work. It was demonstrated that the gallery, museum, collector, viewer, critic and art historian all contribute to the meaning of the work as much if not more than the artist him/herself.
This emphasis on the institutional nature of art within a broader socio-political context is what characterises the current exhibitions by Ian Waldeck and Alan Alborough.

BOTH ARTISTS have extensively employed a dissolution of formal boundaries in order to intentionally "approach the condition of theatre" as a strategic means to critically engage the South African context.
Ideologically the work is indebted to another European artist, Joseph Beuys. Beuys was the first artist to suggest that materials could never be neutral. Whether it is oil paint or barbed wire, they are always ideologically inscribed and therefore political. It is thus unnecessary for artists to advertise their political persuasions since that inevitably degenerates into propaganda.

ALBOROUGH uses bars of Lifebuoy and Lux soap precisely for their socio-political connotations. Any South African should be aware of the social and ideological implications of using either of the two brands.
Through the site specific nature of the work (rawl-bolted into the gallery walls) the institution of art is brought into question. Alborough does, however, acknowledge that art is an ineffective medium to change people's attitudes. At best he is hoping to raise questions about the issues he has been thinking about, leaving the viewer to come to their own conclusions.
WALDECK on the other hand unambiguously states that we now have enough questions and it is time for some answers. Using mirrors, skulls and foil he has totally altered the FIG gallery's interior. He hopes that on experiencing the spatial displacement, the viewer will simultaneously experience an ideological shift in consciousness.
While both artists utilise similar means to disrupt the viewer's "normal" experience of art, their intentions are poles apart. Ultimately, however, we are left with only the work of art and our own preconceptions. It is now the role of the museums, critics, art historians etcetera to locate the shows historically and decide which elements will be preserved for future analysis.

plant 'n boom

Die laventelkoorsbessie *(Croton gratissimus)* Uit: *Transvaal Wild Flowers* deur Anita Fabian en Gerrit Germishuizen

IN die mediese joernaal *The Lancet* van 1899 skryf ene dr Maberley van 'n ou prospekteerder wat aan hom vertel het dat hy sy lewe te danke het aan die bas en "bone" van 'n sekere boom. Die ou prospekteerder, platgetrek deur malaria, het die bas en "some beans" van 'n boom by 'n "African doctor" gekry, dit geëet en gesond geword. Die ou man het nie net die storie aan dr Maberley vertel nie, maar ook van die "bone" aan hom gegee. Maberley het toe op sy beurt sy eie malaria met die "bone" behandel, en later ook dié van sy koorsige pasiënte. Hy kon die boom egter eers 20 jaar later identifiseer as die grootkoorsbessie *(Croton megalobotrys).*

Die Crotons (Croton = Grieks vir bosluis, wat verwys na die dik, gladde sade van dié genus) behoort tot die familie *Euphorbiaceae,* 'n groot familie wat deur meer as 300 genusse en 5 000 spesies wêreldwyd verteenwoordig word. In Suid-Afrika word dié familie deur 49 genusse en 400 spesies verteenwoordig.

Die grootkoorsbessie groei uitsluitlik langs riviere en op vloedvlaktes en is miskien nie die beste Croton om te plant nie. Maar die laventelkoorsbessie *(C. gratissimus)* wat oor 'n groot verskeidenheid van habitats voorkom, kan gerus maar in enige tuin geplant word (gratissimus = Latyns vir "baie aangenaam").

Hulle kom wyd voor in klipperige dele van die bosveld in Namibia, Botswana, Transvaal, Swaziland en Noord-Natal, Zimbabwe, Zambië en Mosambiek.

Dié kleinerige bladwisselende boompies van tot vier meter hoog se laventelgeurige blare is neerhangend; donkergroen bo, silwerig en gestippel met goudbruin skubbe onder. 'n Kenmerkende eienskap van die laventelkoorsbessie is die enkele helder geel of rooi blare wat aan die boom voorkom. Die klein, roomkleurige tot goudgeel blommetjies is óf manlik óf vroulik, in hangende are aan dieselfde boom. Die vrug is 'n drielobbige kapsule wat geel word wanneer dit ryp is.

Die boesmans het die blare van die bome gedroog en fyngemaak en as parfuum gebruik. In Transvaal word die bas verkool en verpoeier en gebruik om bloeiende tandvleise mee te behandel. In Namibia dien dié plante as 'n belangrike veevoer in tye van droogte.

'n Ander, heelwat groter, skaduryker en ewe dekoratiewe Croton, die boskoorsbessie *(C. sylvaticus),* behoort ook baie goed in suburbiaanse tuine te aard. Hoewel hulle op sekere gunstige plekke, soos in die oorblywende stukkies woud aan die Natalse kus, tot 30 meter hoog word, hoef die gewone tuinier nie te vrees dat huis en haard in koelte gehul gaan word nie. Die bome wissel in grootte en in die suide van die Krugerwildtuin kom hulle voor as baie klein struikies. Plant een en kyk wat gebeur.

Terloops, hoewel die grootkoorsbessie die ou prospekteerder, dr Maberley en sy pasiënte se malaria genees het, sê Palgrave daar is nog geen verdere navorsing gedoen oor die medisinale eienskappe van dié boom nie. - RYK HATTINGH

harridans
restaurant
at the market, bree street, newtown tel: 838-6960
SAFE PARKING AVAILABLE

fyn proe
nettie pikeur

MAAK PARTYTJIEKOS VIR DIE HORDES
en drink muskadel in die son

ELKE jaar hou ons 'n kompetisie: Die een wat die eerste Kersversiersels op straat sien, mag die eerste Kerspartytjie hou. Ons het gedink laat-Oktober is darem te vroeg vir sulke jazz - Stutts het sowaar toe al hul eerste goue streamers teen die boekrakke ingeryg - en nou beplan ons die eerste jol vir ná 15 November, wanneer die Kaapse somer amptelik begin.

Als word natuurlik om die kos beplan terwyl ons lang slukke muskadel in die son sit en drink (dodelik lekker) terwyl ons eerstens die vermakerige lys gaste wat NIE genooi gaan word nie, opstel. En elkeen mag 'n voorstel maak. Twintig minute later het ons die tafel met die lekkerste somerkos opgetower, en hier is die voorstelle en resepte sonder meer:

VITELLO TONNATO, daardie Italiaanse skyfies kalfsvleis met tuna-mayonnaise, se sous alleen kan jy meng met omtrent enigiets, van hoenderstukke vir 'n slaai, oor groenboontjies, gemeng met blikbone en gekapte sprietuie. Dis 'n sous wat by alles pas, en hier is die kierangmetode: Klits een bottel vol Hellman's Mayonnaise (of maak jou eie) met een blik gedreineerde tuna, 'n halwe botteltjie kapers en een blikkie gekapte ansjovisstukkies.

Versier die gereg met die res van die kapers.

VEGETARIESE LASAGNE is 'n vullende kaasryke bakvol pasta: maak 'n dik geurige sous van 2 gekapte uie, 3 soetrissies, knoffel, 2 pakke sampioene, 2 blikke heel tamaties, 2 stokke gekapte seldery, 1 koppie wyn en kruie na smaak, wat jy als afkook.

Meng in 'n bak: 250 g roomkaas, 2 eetlepels bloukaas en 150 ml joghurt, terwyl jy 300 g pasta vir lasagne kook. Pak die sous, kase en pasta laag op laag in 'n oondvaste bak, en strooi 'n boonste dik laag Parmesan oor. Bak anderhalf uur in 'n matige oond tot bruin.

PREIEPASTA is heerlike somerkos. Maak 8 of 10 jong preie (die ou dikkes is te houterig) goed skoon en sny in lang repe. Braai in klonte botter en voeg lepelsvol suurroom by terwyl die preie gaar word en die sous afkook tot effens verdik. Geur met baie peper, neutmuskaat en gekapte grasui, laat effens afkoel en klits 2 eierdooiers versigtig by.

Voer 'n diep tertbord met blaardeeg, giet die preiemengsel daarin, en plaas nog 'n dun laag deeg bo-oor. Bak 45 minute tot die kors mooi bruin is. Dis heerlik warm of koud.

SELDERY-EN-OESTERSOP, stel iemand voor. Ons dink dis veels te lamey, maar toe onthou vrind Gabriel hy het groterige blikke gekookte oesters op special in die supermark gesien. Kap 2 bosse blaarseldery fyn en kook tot sag in sowat 2 koppies hoenderstock. Gooi dit in die menger, voeg 2 koppies room by, en gooi terug in die pot. Voeg die oesters met juice en al by, meng deeglik en garneer met selderyblare en paprika.

GEBAKTE VINKEL is nog 'n groentegereg wat Italianers aan smul. Koop daardie peperduur vinkelbolle en trim hulle mooi - jy skil nogal baie af, gooi skille vir die dassies - en sny in dun skywe. Verhit 'n halwe koppie olyfolie, braai 1 dun gesnyde ui en 2 huisies knoffel en voeg dan die plat skywe vinkel by. Braai en roer tot die vinkel bruinerig en amper sag is.

Giet 'n halwe koppie witwyn of sommer water oor, en proe vir sout. Die vinkelgeur sal enige ander kruid weerstaan. Pak die vinkel en uie in 'n plat oondbak, sprinkel 'n dik laag broodkrummels oor (growwebrood maak heerlike en gesonde krummels), strooi Parmesan oor en rasper dan die skil van 'n suurlemoen oor alles. Drup nog olyfolie oor die gereg en bak vir 'n halfuur tot bruin.

BROCCOLI MET RISSIE EN NEUTE sit jy koud voor. Dompel die groente in kookwater vir net 10 minute, haal uit en verfris, soos hulle sê, onder koue water. Rangskik mooi in 'n glasbak, en strooi dan gebraaide gekapte neute soos amandels, okkerneute, of, as jy dit kan bekostig, macadamias oor.

Kap 'n brandrissie fyn-fyn, klits 'n vinaigrette met baie suurlemoen, en giet oor die broccoli net voor julle eet.

SOETPATATS neul iemand. Hulle wil soetpatats hê. Okay, dit kan ook gebak word en later weer warm gemaak word. Skil en sny 4 groot patats in skyfies (jy kan dit in die Magimix doen met die groentesnylem). Kook die patats in 2 koppies melk. Plaas alles in 'n bak met sout en peper en bak vir 20 minute in 'n matige oond. Dan strooi jy 'n koppie klam bruinsuiker oor en bak nog 10 minute. Dit maak 'n heerlike mush, en is die soort ding wat mans snags gaan opeet as hulle honger wakker word.

GEVULDE SOETRISSIES is ook 'n lekker partytjie-standby. Sny hulle toppe af en dompel in kookwater vir 5 minute, dreineer en vul met 'n maalvleis- en rysmengsel gegeur met baie tiemie. Pak die gevulde rissies styf teen mekaar in 'n oondbak, sprinkel olyfolie oor, en gooi 'n halwe koppie stock in die bak. Bak in 'n warm oond vir 20-30 minute.

Eet net so warm, of laat koud word, en bedien met joghurt.

En vir poeding? Toe is ons gô uit van al die lekker kos en die sondeurdrenkte muskadel, en ons stel voor roomys - goeie Aylesbury - met nektaryne, nog soetwyn, stroopvye en bloukaas.

Roomys en bloukaas? Hoekom nie, sê Gabriel, dis somer in die Kaap, kyk hoe bol die seile van daai wit bootjie in die baai...

ELMARI RAUTENBACH SKRYF *OOR DIE WEEK SE TV*

WAAR WAS SCHWARTZ?

DIT was, sover bekend, die eerste keer dat een van ons ambassadeurs in die buiteland die Suid-Afrikaanse regering in die openbaar kritiseer en dan nog in geen onsekere taal nie. "Ek is woedend en ek weet ek praat namens die hele ambassade as ek sê hoe gefrustreerd dié soort ding ons laat voel," het Harry Schwartz, Suid-Afrika se ambassadeur in Washington, gesê oor die onthulling van politieke vuilspel in die geledere van die Suid-Afrikaanse weermag soos bekendgemaak deur regter Richard Goldstone en sy ondersoekspan. Nietemin het die SAUK verkies om dié stukkie nuus in sy geheel te ignoreer op Woensdagaand se hoofnuusbulletyn om agtuur...

'n Beter voorbeeld kon 'n mens skaars kry van die subtiele manier waarop die SAUK steeds die regering in sy nuusprogramme bevoordeel.

In 'n artikel wat Sondag in die *Sunday Times* verskyn het, skryf Bronwyn Keene-Young, 'n media-navorser vir COM (Campaign for Open Media), oor die bevindinge van dié organisasie nadat COM die SAUK se nuusprogramme sedert begin vanjaar dopgehou en ontleed het om te sien of die SAUK so onbevooroordeeld en onafhanklik is soos hy volhou hy is. Die gevolgtrekking waartoe gekom is, is nee; dat die SAUK en in besonder TV1 wat die grootste persentasie nuus uitsaai steeds die regering in sy beriggewing bevoordeel - soms deur net die manier waarop 'n berig geskryf is.

Een van die voorbeelde wat Keene-Young noem, is dat internasionale lof vir die doen en late van die regering dikwels lank en volledig weergegee word, terwyl die minimum aandag gegee word aan kritiek. Harry Schwartz se opmerking het genoeg nuuswaarde gehad om minstens net genoem te word. Maar nóg sy uitbarsting nóg enige ander punt van kritiek uit internasionale geledere is dié aand genoem...

Keene-Young het ook daarop gewys dat die SAUK intensiewe aandag gee aan alles wat die Staatspresident sê - ongeag die nuuswaarde daarvan; dat kritiek op regeringsbesluite geminimaliseer word; dat verslaggewing oor korrupsie in regeringsgeledere dikwels begin met die woorde: "Die regering het gereageer op/ ontken dat...." wat die regering van 'n verhoog voorsien vir sy menings sonder dat die aantygings na behore weergegee is; en dat landwye geweldvoorvalle - ongeag of dit polities van aard is of nie - dikwels in een berig opgesom word wat die indruk wek of bevestig van swart-op-swart-geweld.

WAT DIE BEVINDINGE van dié ondersoek so ontstellend maak, is dat 'n mens daagliks voorbeelde daarvan kan sien; dat die SAUK se TV-dienste vir alle praktiese doeleindes 'n monopolie het op nuusuitsending; en dat die SAUK, soos in die verlede al oor en oor bewys is, nie 'n instansie is wat kritiek na waarde ag óf werklik konstruktief en dinamies daarop reageer nie.

Kritiek op die gebrekkige manier waarop *Topsport* Saterdag die eerste kriekettoets in 22 jaar op Suid-Afrikaase bodem hanteer het, is afgewys met die woorde: Daar is altyd mense wat kla. 'n Mens kan nie almal tevrede stel nie, asook iets in die trant van: daar moenie te veel mededinging met M-Net wees nie. Laasgenoemde is die soort stelling wat 'n mens net jou hande laat saamslaan...

Keene-Young se pleidooi dat die funksie van die SAUK opnuut 'n belangrike openbare debatspunt moet word, is een wat elke Suid-Afrikaner behoort te steun. 'n Onpartydige, onafhanklike, openbare inligtingsbron kan 'n kritieke rol speel in die paadjie wat Suid-Afrika moet loop na ware demokrasie.

Die vraag is hoe moet ons daarby uitkom. Die voor die hand liggende antwoord is dat die Staat nie effektiewe beheer oor die inhoud van programme moet hê nie - hetsy direk of indirek. Gee die uitsaaidienste dus terug aan die publiek. Privatiseer. Beter nog: om die huidige monopolistiese situasie te vermy, kan die verskillende dienste soos die nasionale radiodienste, streekdienste, TV1, CCV en so meer afsonderlik van die hand gesit word. Dit sal 'n broodnodige inkomste vir die Staat beteken wat nie later van die belastingbetaler verhaal hoef te word nie, en boonop mededinging tussen die verskillende radiostasies en TV-kanale én met M-Net verhoog. En dit, het ons al agtergekom in die ses jaar van M-Net se bestaan, het reeds wondere gedoen vir die gehalte van die SAUK se programme.

M-NET MAAK HUIS SKOON

'n Kanaal wat klaarblyklik besig is om in alle erns huis skoon te maak, is M-Net. Teen einde vanjaar sal 'n paar van die betaalkanaal se oënskynlik suksesvolle plaaslike produksies by wyse van spreke in die werkwinkel wees. *The John Berks Show* is al vroeër vanjaar van die lug gehaal omdat gevoel is daar is 'n behoefte aan nuwe aanbiedersgesigte en nuwe talent. Gerugte het dit dat M-Net nie op bekendes wil besluit nie, maar eers oudisies landwyd wil hou voordat finaal besluit word wie volgende jaar dié geselsprogram gaan behartig. Berks was glo só die hoenders in oor dié stap dat hy geweier het om by die nuwe formaat betrek te word en selfs gedreig het om sy program na die SAUK te vat.

Revue Plus is nog 'n plaaslike program wat al etlike jare heel suksesvol was, maar nou in sy geheel verander gaan word. Pieter Cilliers, *Carte Blanche* se uitvoerende regisseur en voorheen uitvoerende regisseur van die ewe suksesvolle *Potpourri* op TV1, neem *Revue Plus* van volgende jaar oor. Hy beoog 'n nuwe konsep, 'n nuwe titel, nuwe aanbieders en inhoud met die oog op die thirtysomething-teikenmark. Terwyl Pieter *Carte Blanche* vervaardig het onder die vaandel van Combined Artists, gaan dié program deur sy eie maatskappy gemaak word wat hom vanselfsprekend heelwat meer artistieke vryheid sal gee.

Carte Blanche sal oorgeneem word deur Linda Vermaas, wat die afgelope drie jaar al gereeld insetsels gemaak het vir die program.

Ons sien uit na die nuwe jaar.

NAGSLUIPERS AAN DIE SKEDELKUS

'n Hoogtepunt die naweek is 'n verslag oor die skaars strandwolf van die Namibiese Skedelkus, gemaak deur die bekroonde regisseur Richard Goff, wat Sondagaand om 7nm op TV1 se *50/50* uitgesaai word.

Goff, sy kameraman Kim Wolhuter en hulle span het 18 maande lank die bruin hiëna of strandwolf agtervolg waar dit snags in spookdorpies na kos soek en in holtes van die sandduine sy werpsel versorg. *Survivor of the Skeleton Coast* is gemaak met Lüderitz as werkbasis en nadat spesiale toestemming verkry is van Consolidated Diamond Mining om daar te verfilm omdat dié en omliggende gebiede steeds deel is van die verbode spergebied.

Een van Goff se vorige programme, The Sisterhood oor die gevlekte hiëna, het wêreldwye erkenning gekry.

Oor twee weke, op 6 Desember, word 'n korter program, *The Making of Survivor*, op *50/50* vertoon. Hierin doen Liz Dick verslag oor die spesiale voorbereidings en verfilmingstrategie van Goff en sy span, soos die manier waarop hulle ná maande se probeerslae uiteindelik daarin kon slaag om radiohalsbande aan 'n paar hiënas te sit en dit later met ingeplante sendertjies te vervang. Debbie Rogers is die regisseur van die tweede program en Mike Burts die kameraman.

Al op 'n Vrydag of Saterdag na **Vrye Weekblad** gaan soek net om te hoor dit is uitverkoop?
Hier is die oplossing:
laat dit elke Vrydagoggend op jou voorstoep aflewer.

dis net jou skuld as jy iets mis

Ons doen huisaflewerings op die volgende plekke:

Die PWV-gebied, wat insluit Johannesburg, Pretoria, Verwoerdburg, Midrand, Sandton, Randburg, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp, Florida, Germiston, Alberton, Bedfordview, Kemptonpark, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan, Vereeniging en Vanderbijlpark. In Transvaal is ons ook beskikbaar in die sentrale dele van Witbank en Nelspruit, en in die Vrystaat ook in sekere dele van Bloemfontein. In die Kaapse Skiereiland lewer ons af in Woodstock, Rosebank, Observatory, Mowbray, Claremont, Newlands, Bishopscourt, Wynberg, Kenilworth, Constantia, Tuine, Oranjezicht, Vredehoek, Higgovale en Bellville (slegs sekere dele). VWB word ook in Stellenbosch en Somerset-wes afgelewer.

En as jy buite een van dié streke val, stuur ons VWB teen dieselfde koste per pos aan. So moenie elke Vrydag skarrel om jou gunsteling nuustydskrif in die hande te kry nie, stuur liewer nou R150 en ontvang VWB vir 'n jaar of R80 vir ses maande (BTW en aflewering ingesluit).

Vul dié vorm vandag nog in en stuur saam met jou tjek of poswissel aan: VWB Verspreiding Posbus 177, Newtown 2113.

Stuur VWB vir my per pos/tuisaflewering aan vir
☐ 1 jaar
☐ 6 maande

Naam .....
Adres (aflewering) .....
.....
Adres (korrespondensie) .....
.....
.....Poskode .....
Telefoonnommer .....

Sale vol gespitste ore

Lanklaas was daar so 'n geesdriftige opkoms by simfoniekonserte soos in die Nasionale Simfonie Orkes se derde seisoen vanjaar, skryf **HENNING VILJOEN**

'n Toneel uit Plautus se *Die Tou*

die laaang tou

Marthinus Basson se produksie van Plautus se *Die Tou,* nou op die planke in die Nico Malan-Arena, wys jou net wat verbeeldingskrag alles kan vermag, sê **ARNOLD BLUMER**

WAT maak 'n regisseur wat 'n "vermaaklike stuk" soek "wat ook toeganklik sou wees vir die breër publiek" vir "hierdie tyd van die jaar" en boonop nog in "die huidige SA"?

Hy gaan staan voor sy boekrak en kopkrap, sê Marthinus Basson in sy program. Daar kry hy 'n stokou Romeinse komedie, gee dit vir die woordgoëlaar Nerina Ferreira om te vertaal, klap 'n klompie spelers nader en begin speel met dié antieke spieël dat die lagtrane lóóp oor die gesigte wat daarin weerkaats word.

Dis 'n laaang tou waarmee die vissermanslaaf Gripus (André Samuels) die trommel vol geld wat die koppelaar Labrax (Louw Verwey) verloor het op die verhoog trek. En net so lank ('n bietjie te lank) is die twis tussen Gripus en Trashalie (Peter Butler) oor wie se trommel dit nou eintlik is. Maar ander tonele vergoed daarvoor - soos die bibber-duet tussen Labrax en Charmides (Blaise Koch), of die Robinsonade van die twee prostitute, Palaestra (Elma van Wijk) en Ampelisca (Michelle Scott), wat met begeleiding van Charl-Johan Lingenfelder se skalkse musiek barokagtige arias en resitatiewe sing. Alleen Louw Verwey se bedremmelde koppelaar met 'n gesig wat soos 'n kardoes kan opfrommel, is die lag werd. Die hele gedoente word omraam deur die skreeusnaakse god/godin Arcturus (Mary Dreyer) en drie macho-chippendale engele.

Marthinus Basson, maklik die land se vindingrykste regisseur, bewys weereens met sy regie en sy dekor- en kostuumontwerp wát verbeeldingskrag alles kan vermag. Daar is selfs 'n standbeeld van Venus wat letterlik haar seën op dié opvoering laat neerreën.

IN die derde simfonie-seisoen van die Nasionale Simfonie Orkes, waarin sommige konserte saam met die Transvaalse Filharmoniese Orkes uitgevoer is, het 'n mens weer die opwinding onder die gehoor begin beleef van jare gelede toe simfoniekonserte byna al ernstige vermaak in die land was. Vol sale wat uit hulle nate bars en geesdriftige gehore.

Dit was veral interessant om dieselfde konsert in die Stadsaal van Johannesburg sowel as in die Staatsteater in Pretoria te kon bywoon. Die Stadsaal met sy badkamer-akoestiek, wat vokale uitvoerings bevoordeel maar pianiste kelder, en 'n egte orrelklank wat 'n mens kan voel; teenoor die Staatsteater waar die klavier tot sy reg kom, maar groot koorwerke se klank net êrens verdwyn en 'n mens die "plastic" orrel glad nie kan voel nie. Ook die gehore se smaak en oordeel verskil. Wat in Johannesburg 'n oorweldigende applous ontlok, soos die slotgedeelte van "Siegfried", is in Pretoria net beleef erken, terwyl Berlioz se "Te Deum" in Johannesburg lou ontvang, maar in Pretoria staande toegejuig is.

Die seisoen was die afskeidsoptrede van Gabor Ötvös as hoofdirigent van albei orkeste. In Mahler se Vyfde Simfonie het hy 'n besielde vertolking uit die gekombineerde orkeste ontlok, met veral imposante spel deur die trompetspeler Robin Finlay en die Franse horingspeler Shamil Loutfrakhmanov. Hoewel die gewilde stadige gedeelte van die simfonie na my smaak te vinnig was, is dit glo in ooreenstemming met wat Mahler self oorspronklik in gedagte gehad het. Mahler het dié gedeelte in sowat 8 minute gedirigeer, teenoor die 13-15 minute wat die meeste moderne vertolkings vandag kenmerk.

Ötvös se Franse aand met werke van Bizet, Ravel, Debussy en Dukas was 'n eendimensionale en geroetineerde konsert, sonder dat ek oor enige vertolking werklik opgewonde kon raak. Dat Wagner sy eintlike domein is, was duidelik uit die uitmuntende weergawe van die slot van Siegfried met Marita Napier as 'n stralende Brünnhilde en Georg Kok as Siegfried. Die keuse van Berlioz se "Te Deum" in die tweede helfte van die konsert is ietwat enigmaties - dié fragmentariese werk hoort liefs in 'n argief as om opgevoer te word.

Die twee konserte met Omri Hadari op die podium was loutere musikale genot. Veral die sjarmante vertolking van Poulenc se konsert vir twee klaviere deur Nettle en Markham sal 'n mens nog lank bybly, asook die intens deurleefde vertolking van Moussorgsky se "Prente op 'n tentoonstelling".

Ek het baie respek vir Richard Cock as koormeester, maar as dirigent wil ek amper sê: "Skoenmaker hou jou by jou lees". Beethoven se Koning Stefan-ouverture en Agste Simfonie is onder sy leiding onderworpe aan grootskaalse verminking in die orkes, met van die heel swakste spel onder blasers wat ek nog in my lewe gehoor het. 'n Derderangse Heilsleërorkes speel beter.

Die futlose spel van Detlev Eislinger in Beethoven se Vierde Klavierkonsert het ook nie gehelp om die aand van 'n musikale ramp te red nie. "All the notes were there, but meant nothing." Dieselfde futloosheid het Eislinger se spel gekenmerk in Chopin se Tweede Klavierkonsert saam met die Transvaalse Filharmoniese Orkes met Carlo Franci as dirigent.

EEN VAN DIE SEISOEN se hoogtepunte was John Lill se briljante vertolking van Brahms se Eerste Klavierkonsert met Wolfgang Bothe as dirigent. Lill se deurdagte vertolking het 'n transparantheid aan dié majestueuse werk van Brahms verleen.

Ongelukkig kon Bothe nie dieselfde deursigtgheid in Brahms se Eerste Simfonie bewerkstellig nie. Hier het veral die strykers met 'n wollerige klankpalet na vore gekom. Veel beter was die weergawe van Tjaikofski se Vyfde Simfonie in die daaropvolgende konsert waar Bothe die klankargitektuur van die werk baie beter verwerklik het.

In dié konsert, uitsluitlik gewy aan Tjaikofski-werke, was ek minder beïndruk deur Alexander Peskanov se brutale vertolking van Tjaikofski se Eerste Klavierkonsert. Vinniger en harder was nog nooit 'n wenresep in dié werk nie, want dan verval dit te maklik in 'n totale kakafonie.

Hoewel nie deel van die simfonieseisoen nie, is die jaar op 'n wonderlike hoogtepunt afgesluit met Truk se jaarlikse Opera Gala in medewerking met SAL. Vanjaar is die Gala deur jong Suid-Afrikaanse soliste aangebied saam met die Transvaalse Filharmoniese Orkes en Carlo Franci, die nuwe hoofdirigent van die orkes, op die podium. Die ster van die aand was Sidwill Hartman, wat die gehoor oorrompel het met sy uiters genuanseerde vertolkings van die gewilde "Nessun Dorma" uit Turandot en "Celeste Aida" uit Aida. Wat 'n pragstem het die man nie! Ewe indrukwekkend was Evgenij Demerdjiev se sprankelende weergawe van "Largo al factotum" uit Rossini se Barbier van Siviglia en Hanli Stapela se sielvolle weergawe van "Caro Nome" uit Rigoletto.

'n Mens sou meer dikwels operakonserte van dié aard wil hoor. Die konsert het onderstreep watter ongelooflike potensiaal onder plaaslike talent net wag om meer gehoor te word.

van fallusse tot CHARL BLIGNAUT het dié week gaan musiek luister

funk

Coenie de Villiers... selfs op 'n keer fok gesê

Nataniël... op sy giftigste

Jennifer Ferguson...an angel in the architecture



Amampondo... naturally funky

FM BLUES

COENIE DE VILLIERS se nuwe stuk "radioaktiewe musiekteater" begin met sy inleiding op die klavier in die middel van 'n verhoog vol pastelkleurige berge, twee koniese fallusse en 'n reusagtige radio in die agtergrond. Coenie byt sy onderlip en hamer op die klavier vir 'n paar minute. Dan draai hy om en, vol selfvertroue en vreeslik sincere, begin hy met sy gehoor te praat. So asof die vader van Afrikaanse crossover kabaret weet sy fans is ook sy buddies.

Hy vertel 'n army-storie en dan sing hy 'n army-song; hy lag vir sy eie grappe en dan sing hy in 'n growwe stem; hy sing kabaretliedjies met woorde soos "kabaret" daarin; hy doen selfs 'n paar toorkunsies en af en toe bond hy vinnig met sy backing band en kyk dan van agter die skadu van sy brille met deernis en beskeidenheid na sy gehoor, sy buddies.

Hy's nie 'n prude nie, hy't selfs op 'n keer fok gesê en 'n mens weet sommer hy weet hoe om saam met die okes uit te hang. Sy backing vocalists is Steyn Fourie en Lieze Stassen (dank die liewe vader van Afrikaanse ligte musiek vir Lieze Stassen, sy't styl en presence en 'n heerlike stem).

Anyway, in 'n stadium kom Stassen en Fourie met etniese potte in hul wit hande op die verhoog en begin in Zoeloe te sing. Coenie vertel aan sy Nuwe Suid-Afrikaanse gehoor die verhaal van Sipho. Dit begin met 'n simboliese storie van 'n tweeling wat gebore word en eindig met Sipho se reis na Johannesburg. Sipho kom in Johannesburg aan en speel klavier in 'n klub. Die nare kritici skiet hom af en Sipho gaan weer huis toe... Dit word baie diep en innig en daar verskyn 'n helder rooi lig op die pastelkleurige berge.

En so gaan dit aan totdat 'n mens dink dis verby, maar die mense klap hande en Coenie kom terug na die glunderende applous van sy buddies en Coenie gaan weer weg en die mense klap hande en Coenie kom terug en hy wil net nie weg gaan nie.

Eindelik bedaar alles en 'n mens verskyn op die verhoog en sê dankie vir die borge wat soveel geld vir Coenie gegee het, dat hulle in Coenie belê het en dat Coenie vanaand gewys het wat se soort eksperimentering kan plaasvind in die dinamiese wêreld van Afrikaanse ligte musiek. En toe word onse eie Coenie teruggeroep om nogmaals bedank te word vir sy eksperimentele radioaktiewe musiekteater.

NATANIËL IN KONSERT

NATANIËL alleen op die verhoog van die Roodepoortse Stadskouburg. Daar's nie pastelkleurige berge of fallusse nie. Net 'n ou music hall-gevoel omtrent alles. Hy dra 'n devious uitrusting met tie-up tights. Die show bestaan uit die gewildste afwykende stories en beste liedjies van die afgelope paar seisoene se opvoerings.

Sy stemr is wired, sy tydsberekening volmaak en die gehoor raak met tye amper histeries. Hy's op sy giftigste, maar die mense begin leer hoe om dit te handle. Sy band is uitstekend en maak die beste van die teater se akoestiek.

Later sing Lydia vom Hagen saam en dié moeitelose duette is afgerond en die twee komplimenteer mekaar goed. Hoewel daar meer magic aan die begin was, en van die blues-liedjies 'n bietjie geforseer aangedoen het, is dié 'n shithot show en 'n stylvolle illustrasie van minimalistiese verwerking. Nataniël bly 'n fenomeen en dit lyk of sy loopbaan 'n heel nuwe fase betree het.

JO'BURG QUIET/UNDERCOVER

VOLGENDE Donderdag en Sondag is daar steeds geleentheid om Jennifer Ferguson se jongste opvoering, *Undercover/Jo'burg Quiet* te gaan kyk. Die show, by Harlequins-restaurant in Rosebank, is 'n heartbreaker.

In *Undercover* sing Ferguson covers van haar eie gunstelinge. Die liefde word ondersoek, maar nie sonder die waansin, ironie, hartstog en verhoudings waarna almal op soek is nie. Sy weet hoe om met haar gehoor om te gaan.

Ferguson verander hier en daar aan die covers wat sy doen, en illustreer op haar veelsydige manier hoe 'n kunstenaar steeds skeppend met die reeds geskepte kan omgaan. *Jo'burg Quiet* bestaan uit haar eie komposisies. As jy nie kaartjies op Grahamstad kon kry nie, moenie dat dit in Johannesburg ook met jou gebeur nie.

AN IMAGE OF AFRICA

THE new generation of Pondoland wanted to preserve the spirit of their music and take it into the world. The group Amampondo consists of seven core members and some dancers and they've just returned from another tour abroad and are on at the Market theatre.

Amampondo offer some of the most unique sounds you're likely to hear. Their songs and instruments are drawn from throughout Africa and their key sound is the marimba. The show's visual and well regulated.

They've got a relaxed performance sense, body paint, bright colours, ethno-hip, baby. There's energy, there's vibe, there's a message of love, there's cultural communication, there's that nameless World Music edge that's born from natural funk.

The only problem with the Market venue is the divide that a regular theatre creates between the performers and the audience. I'd like to see Amampondo in a club space, where the audience can get into the scene with them.

MUSIEK DEUR DIE WEEK

DIE CULTURE TALK FESTIVAL vind by The Network in Kaapstad plaas. Daar's reggae raves, kunsuitstallings en 'n klomp bands. Donderdag 26e speel The Reggae Project. Vrydag 27e is die Dance Hall Massive daar. Saterdag 28e speel The Reggae Project weer - saam met Wiseman Doctrine, The Black Sufferers, The Redeemers, The Originals, dub poets, dansers, die hele trip.

Nog 'n fees is die Buskers Folk Club se **ACOUSTIC MUSIC REVIVAL** op die 27e en 28e in die AW Muller Stadium, Henleystraat, Brixton. Opvoerings deur o.a. Steve Newman & Ian Herman van Tananas, Edi Nederlander, James Phillips, Roger Lucey, Jeremy Taylor, die Waldorf String Band en Larry Amos. **THE GENUINES** speel nou daagliks by Kippies. Gaan loer so van 9nm af in. By Sof'Town speel **SIPHO GUMEDE BIG BAND** dié naweek. Hulle spring ook om 9nm weg. **JOHANNES KERKORREL** se Blou Aarde Toer is in Pretoria te sien in Cherry's Too op Woensdag 25e, Donderdag 26e en Sondag 29e. Komponis **KEITH VOLANS** praat Woensdag 25e oor sy musiek in Wits se musiekskool. Hy's in Pietermaritzburg gebore en is die mens wat oorspronklik Ladysmith Black Mambaza ontdek het. Sy strykkwartet White Man Sleeps het die kern gevorm van die plaat Pieces of Africa, wat 26 weke nommer een onder die Klassieke & World Music se treffersparade was. Die grootste nuus van die week is **MISTER KANDA BONGA MAN** uit Zaïre - Afrika se grootste plateverkoper en wêreldbekend vir sy Kwassa Kwassa funk. Mr World Music. Hy speel Vrydag 27e en Saterdag 28e in die Escape Club in Jo'burg. Time to Kwasa Kwasa wid da Kwanda Bongo Man!



MARKET THEATRE

832-1641
AMAMPONDO
AN IMAGE OF AFRICA
LAST 3 SHOWS

LAAGER THEATRE
832 1641

SINGING THE TIMES
THE SONG OF THEIR LIVES
AS TOLD BY PATTY NOKWE
AND WRITTEN BY
TU NOKWE.
STARRING : PATTY NOKWE,
TU NOKWE,
MARILYN NOKWE.
DIRECTED BY BARNEY
SIMON
MON - FRI 8.15PM
SAT 6.15PM & 9.15PM

UPSTAIRS THEATRE
832-1641

PROPHETS ON
THE BLACK SKY
STARRING : SELLO MAAKE,
THEMBI MTSHALI,
OWEN SEJAKE
DIRECTED BY JOHN
MATSHIKIZA
FROM 25 NOVEMBER
MON - FRI 8.15PM
SAT 6.15PM & 9.15PM

SPECIAL OFFER: MONDAYS
TICKETS ARE R10.00

KIPPIES
832 1641

17 - 21 NOVEMBER 1992
THE GENUINES
(WEEKDAYS) R10.00
(WEEKENDS) R12.00

MARKET GALLERIES
22 NOVEMBER -
4 DECEMBER
PAINTING, SCULPTURE,
GRAPHIC, PRINTMAKING
AND DRAWING
BY STUDENTS OF THE FINE
ARTS DEPARTMENT, WITS
TECHNIKON.

FLEA MARKET
SPEND YOUR SATURDAYS
AT THE ORIGINAL JOHAN-
NESBURG FLEA MARKET
WHERE YOU ENJOY LIVE
ENTERTAINMENT WHILE
YOU BROWSE BARGAIN
HUNT IN OUR EXCITING
SELECTION OF STORES.

CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN bekyk die bedwelming van bloed in **Knight Moves** en die bekoring van bloedskande in **Forever**

moeders & slagters

(Knight Moves)

NOG 'n riller met 'n psigotiese reeksmoordenaar as die sappige aantrekkingskrag. Dié een vermoor nie per ongeluk soos die moordenaar in *Single White Female* nie, maar opsetlik - en op 'n bloedige, ritualistiese wyse, genoeg om fliekgangers se hare te laat rys van pure lekker.

Die moorde word op die tema van 'n skaakspel gepleeg. Die "geslagte" pionne - mooi jong vroue - word met lipstiffie en ooggrimering versier. 'n Kriptiese woord word in bloed bo hul koppe geverf.

En so aan. Behalwe vir die hoofverhaal, is daar ook interpersoonlike struwelinge en die romantiese/seks-element om die sap nog sappiger te maak.

Carl Schenkel, die regisseur, is gelukkig genoeg om met 'n draaiboek te werk wat daarin slaag om die een mens ná die ander verdag laat lyk. Van die mooi held Peter Sanderson (Christopher Lambert) tot die onbeskofte (en swak gespeelde) polisiebuffel (Daniel Baldwin).

Naas al die verminkte vroue het ons darem ook 'n paar lewendes: die slim en ernstige, dog koketterige sielkundige (Diane Lane) sorg vir vriendelike en vermaaklike seks met Sanderson. O ja, en sy pluis aan die einde (toe dit te laat is) die moordenaar se identiteit uit.

Dan is daar die oulike dogtertjie (Katharine Isobel) wat wys dat die stugge skaakspeler Sanderson darem ook 'n binneste het - en sy maak hom ook kwesbaar, want raai wie wil die moordenaar aan die einde beetkry?

HIER HET JY 'n goeie riller wat jou vir oomblikke effens laat sweet en aan jou onderlip laat kou. Waar die film egter lelik vou, is in die Hollywood-einde. So laat ek nou maar onaangenaam wees en die einde bespreek. Die mans (moordenaar en Sanderson) veg morsig om hul lewens in die vlak water wat op onverklaarbare wyse in die hotelkelder gekom het. Die kind is vasgebind en aanskou die petalje. Sanderson oorrompel die moordenaar, en wil sy skedel inslaan met 'n pyp wat gerieflik byderhand is. Skielik gil sy kind: "Daddy, don't!"

Lieflike klein dogtertjie, sou mens kon dink. Dis nou die einste kind wat aanskou het hoe oom Moordenaar oom Polisieman se keel afsny, hoe hy probeer het om Pappa te verdrink, sy kop oop te kloof en so aan.

Dan kom die Hollywood-einde: moordenaar dryf bebloed in die water en lyk morsdood. Maar skielik kom hy wonderbaarlik orent, gryp Sanderson en Die Geveg gaan voort. Hy slaan Sanderson se kop herhaaldelik teen 'n metaalbalk - jy hoor net kopbeen knars.

Okay, die ander polisieman en die sielkundige (let wel: laasgenoemde ís vroulik) arriveer. Terwyl die sielkundige hulpeloos rondplas, sny die moordenaar nóg 'n keel af. Sielkundige se moederinstink neem oor - ta-ta-ta-daam: sy's al wat tussen die kind en die moordenaar staan. Gryp sy een van die twee rewolwers op die toneel? Of die nuttige pyp van vroeër?

Nee, sy storm op die kind af. Om wat te doen, weet niemand nie, maar dis soos dit 'n moeder/vrou betaam. Die polisieman roggel op sy rug in die water en Sanderson is ook maar stil. Die moordenaar se bloedlus loop hoog - hy móét die kele afsny wat nog oorbly.

Die sielkundige sien 'n uitweg: sy moet hom net oortuig van die onwenslikheid daarvan. Die probleem in sy lewe is sy ma (uit die aard van die saak) en sy spits haar daarop toe. Sy verstaan, sê die moeder voor hom. Sy gesig vertrek, hy word 'n seuntjie. Dan besef hy wat haar plan is en kry 'n nare uitdrukking op sy gesig. Sielkundige los haar slimpraatjies en wend haar tot dit wat vroue gewoonlik maar onsuksesvol doen: pleit.

Sit dit hom af? Nee - wat hom afsit, is die skielike sekure koeëls uit die rewolwer in die onverwags besielde Sanderson se hand. Dan kom die one-liner wat jou ook afsit. "The game is over," sê Sanderson somber.

Berenice rits op pappie se skoot in Forever

(Forever) ruiter van die windjie

MAN kyk na vrou, ligte speling van 'n glimlag om sy manlike lippe. Sy glimlag verbouereerd. Haar gesig word strak. 'n Paar minute later volg sy hom die bosse in.

Praat van dierlike magnetisme! Ja, dis nou Ben Gazzara vir jou. Dun lip, dik skof en al. Ou Ben het dit lucky gestrike: behalwe vir sy wederhelf, het hy ook drie minnaresse. Maar nog is dit het einde niet: sy dogter hou ook van hom. Jy weet, op dáái manier.

Daar is egter 'n baie eenvoudige rede vir Ben se onverstaanbare onweerstaanbaarheid: hy leer vroue van die wind. Jip. Dis dit.

So tussen die Europese wet dream (jong vroue en ou man) en middeljarige mans in te knap pakke deur, is daar ook die Misterieuse. Ja, dié film het ook 'n dieper dimensie: dit word aangedui met sinne soos "I eat all flesh, I drink all blood" en verwysings na Caligula.

Nou ja, Caligula was 'n dekadente en bloeddorstige Romeinse keiser. Dit pla die uitdrukkinglose, maar volslae versotte dogter (Eva Grimaldi) nie. Sy dink dis baie sexy dat haar pa hom so sterk vereenselwig met Caligula. En sy wil hom HÊ.

Sy fantaseer oor hoe hy haar verkrag op 'n berg (waar hy die wind vir haar gaan wys het); hoe hy en 'n minnares kortasem kopuleer in saunas. Viriel vir so 'n ou man, dié Ben.

Grimaldi sukkel met gesigsuitdrukkings - sy het een, en dis onleesbaar. Moontlik omdat sy net té beïndruk is met haar treffende wenkbroue. Moontlik omdat sy geen idee het waarom die fliek gemaak is nie. Wie weet.

shelly, shelly, shelly

Blonde lesbo's, the perpetuation of stereotypes and **ROGER YOUNG**

And on the left,

Mädchen Amick (Tanya, aka Shelly) nearly becomes the Brady's brunch

IT'S been a two-dimensional week that I'd rather forget, I still haven't got credit on a new pair of socks, I got caught in two hail storms and the large-breasted waitress never came together. But these are personal details and you would much rather have the lowdown on the new Big Steve King flick, wouldn't you?
Or rather, my lowdown, as your kind has already been out there and eaten this baby right up and (apparently) have your own opinion. But for those who haven't or don't, let me just say one word, BEASTS, no sorry two words, ECTOPLASMIC BEASTS.

sleepwalkers

The plot is classic Steve, kinda a new twist on the vampire thing - small-town America gets a visit from the lifeforce-sucking Bradys. Anyway, Shelly from *Twin Peaks* is the girl who refuses to take this bullcrap lying down (unfortunately), and Alice Krige is mom Brady who just wants to suck Shell dry. The flick also features a lot of cats (as in felines, not seventies black dudes) who eventually save the world as we know it - i.e. Shelly.

It's all a bit predictable, I mean, sweet jesus, this girl has dealt with Wyndam Earle and Leo Johnson, so of course she's going to take out the South African chick.

It's worth it, firstly because not only is Steve in it himself, but so is - apart from John Landis, Joe Dante and Clive Barker - Tobe Hooper, the one and only creator of *Texas Chainsaw Massacre*, albeit all only for about a second combined. And secondly because of the long lingering close-ups of Shelly and thirdly because of the way Shelly bites her lip when she smiles.

This may be love, and for this reason alone I call it feature of the week (unless you count *The Good, The Bad and The Ugly* which was on CCV on Saturday). But don't walk into the cinema expecting to discover a great piece of film-making, after all, the director's credits include *Psycho 4* and *Critters 2,* so we're not talking zenith of horror film achivement. Plus there is no normal obligatory beast-coming-back-from the-dead-just-as-we-thought-everything-was-okay scene.

But do go, just to see Shelly's smile.

the power of one

Now I want to get deep for a second or two, I mean I should lay into *The Power of One,* I really should. It is an atrocious piece of film-making and seriously naïve. But if we were to lose the first 45 minutes and the bad accents, well it's heart is in the right place (arguably, so is FW's) even though it's an incredibly tedious place. I just feel that a film that deals with this kind of emotional issue should at least try to steer away from stereotypical representations, because the bottom line is we come away so amused by Afrikaners with Scottish accents and Morgan Freeman's "yes little baas'es" that it becomes impossible to accept the message. Furthermore, because it entrenches these stereotypes into the collective perception of this country (which already lends itself to the opinion that Afrikaners commit heinous crimes as a matter of course) and this (no matter how hopeful the theme) is a pretty destructive approach.

OK, so this boy PK grows up tormented by Afrikaans boys because he's English, gets taught to box by Morgan Freeman, has "stone eggs" laid in his heart by the "bird of loneliness", falls in love with Daniel Malan's (Marius Weyers turning in another 2-D Boer) daughter, meets black people and teaches them to read English. Then the girl is killed and he walks off into the sunset with his black boxing buddy to educate the masses.

Get the picture?

But after all its inherent crapness - the bad characterizations and "verdomde kaffers" - maybe somehow it will be seen by people who normally frequent the crap end of the commercial film department and maybe, even though it does perpetuate stereotypes, just maybe it might change some racist bastards' perception of the history of Apartheid. And for this reason, no matter how bad it is as a film, I cannot wholly condemn it.

mission of justice

But I can condemn *Mission of Justice,* purely because Brigitte Nielson is in it. In fact, if truth be known, I condemned it even before I saw it and because I'm just so bloody brilliant I was right.

It's not a crap film in the Jackie Chan sense, where excellent chopsocky is punctuated by truly surreal dubbed dialouge and the characters treat every punch as an excuse for a truly bad one-liner. No it's a crap film in the sense that even the kung-fu is badly choreographed and it takes itself far too seriously. There is, after all, nothing worse than a film that aspires to pure morals when it can't even synchronise the sound of a punch properly.

Jeff Wincott is Kurt Harris, the cop with but one expression for a whole gamut of emotions. He joined the police force because he wanted to uphold justice, but he feels that the system is corrupt, so he resigns (yay Jeff).

Meanwhile Brigitte (who gets to wear a serious amount of wigs) is setting up a devious and twisted orginization of crack killers and twisted publicity agents in her bid to take over Eastgate (no, not the mall). But she makes the stupid mistake of killing Jeff's mentor because he wouldn't pose on the election poster... oh shit yes, she's also running for mayor (excellent how her PR managed to cover up her lesbian past).

So Jeff gets mad, calms down and decides to get even.

But it is obvious that Jeff is a eunuch, not only because of the number of times he gets kicked in the balls and carries on moving but also because he is never, not once, tempted by his female partner (don't blame him, seriously ugly), nor by Erica, Brigette's beautiful assistant who has hair like Erin Gray from *Buck Rogers* and some really bad dialogue, nor by Brigette who never tries to bed anyone.

No, we're looking at one sexless, souless, bad Kung-fu turkey. Even the final showdown is lame.

Nothing good is happening this week really, besides *Beauty and the Beast* and if I have to deal with another chemical soaked weekend, riding around on Sunday morning, wishing for sleep and wired to fuck, I'll kill myself (you'd like that wouldn't you, Tim?). So I'm going to Cape Town to check out some French flicks at the Labia (and hopefully some French labia at the flicks), relax on the beach with a whack of Bloody Mary's and dream of Mädchen.

This column is a work of fiction and does not necessarily express the views of the author, although it probably does.

nu metro - jhb

VILLAGE WALK 883-9558

BEAUTY AND THE BEAST
Walt Disney's Animated Classic (A)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

HOUSESITTER
Steve Martin, Goldie Hawn (A)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

KNIGHT MOVES
Christopher Lambert, Diane Lane (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

UNFORGIVEN
Clint Eastwood, Gene Hackman (2-16)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

THE POWER OF ONE
Morgan Freeman, Stephen Dorf (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

BOOMERANG
Eddie Murphy, Robin Givens (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

THE PLAYER
Tim Robbins, Greta Scacchi (2-16)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

THE CUTTING EDGE
D.B. Sweeney, Moira Kelly (A)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

PATRIOT GAMES
Harrison Ford, Anne Archer (2-13)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45,10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

CATCHFIRE
Dennis Hopper, Jodie Foster (2-18)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

BEDFORDVIEW 616-6828

BEAUTY AND THE BEAST
Walt Disney's Animated Classic (A)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

BOOMERANG
Eddie Murphy, Robin Givens (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

HOUSESITTER
Steve Martin, Goldie Hawn (A)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

UNFORGIVEN
Clint Eastwood, Gene Hackman (2-16)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

KNIGHT MOVES
Christopher Lambert, Diane Lane (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

PATRIOT GAMES
Harrison Ford, Anne Archer (2-13)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45,10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

OPENING AT BEDFORDVIEW 4 ADDITIONAL LUXURY CINEMAS ON DECEMBER 4TH

NU METRO 1-6 HYDE PARK 447-3091

BEAUTY AND THE BEAST
Walt Disney's Animated Classic (A)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

THE POWER OF ONE
Morgan Freeman, Stephen Dorf (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

UNFORGIVEN
Clint Eastwood, Gene Hackman (2-16)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY 2.30,5.30, 8.00

BOOMERANG
Eddie Murphy, Robin Givens (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

KNIGHT MOVES
Christopher Lambert, Diane Lane (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

SINGLE WHITE FEMALE
Bridget Fonda, Jennifer Jason-Leigh (2-18)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

NU METRO RANDBURG 787-0340

UNFORGIVEN
Clint Eastwood, Gene Hackman (2-16)
MON-THURS: 5.15, 7.45 FRI-SAT: 2.30, 5.15, 7.45

NU METRO 1-2 BALFOUR PARK 887-8548

BEAUTY AND THE BEAST
Walt Disney's Animated Classic (A)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

BOOMERANG
Eddie Murphy, Robin Givens (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266

400

WAYNE'S WORLD
Mike Meyers, Dona Carney (PG2-10)
MON-FRI. 7.00, 9.00 SAT: 5.00, 7.00, 9.00

7 ARTS NORWOOD 483-1680/1

THE MATADOR
Assumpta Serna, Antonio Branderas (2-19)
MON-THUR: 12.00, 2.00, 6.00, 8.00
FRI-SAT 12.00, 2.00, 6.00, 8.00, 10.00

NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362

THE LAWNMOWER MAN
Pierce Brosnan, Jeff Fahey (2-10)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BOOMERANG
Eddie Murphy, Robin Givens (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339

SARAFINA
Whoopie Goldberg, Loleti Khumalo (2-14)
MON-SAT. 9.30, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.15

THE LAWNMOWER MAN
Pierce Brosnan, Jeff Fahey (2-10)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MEGACITY NU METRO MMABATHO (0140) 2-3553

MON-SAT. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SUN: 2.45, 5.15, 7.45

YEAR OF THE COMET
Penelope Ann Miller, Tim Daly (A)

COMPANY BUSINESS
Gene Hackman, Mikhail Baryshnikov (2-13)

RUSH
Conrad Nicholas, Jason Miller (A)

FOUR ASSASSINS
ARCHIE (4-12)

NU METRO 1-10 HORIZON VIEW 760-1732/3

KNIGHT MOVES
Christopher Lambert, Diane Lane (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

BEAUTY AND THE BEAST
Walt Disney's Animated Classic (A)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

BOOMERANG
Eddie Murphy, Robin Givens (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

CATCHFIRE
Dennis Hopper, Jodie Foster (2-18)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY. 2.30, 5.30, 8.00

THE CUTTING EDGE
D.B. Sweeney, Moira Kelly (A)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

SHADOWCHASER
Meg Foster, Martin Kove (2-16)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

TOUGH LUCK
Tolla van der Merwe, Frank Opperman (A)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

SISTER ACT
Whoopie Goldberg, Maggie Smith (A)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

UNFORGIVEN
Clint Eastwood, Gene Hackman (2-16)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

THE PLAYER
Tim Robbins, Greta Scacchi (2-16)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

LEBA KLERKSDORP (018) 462-4564

COMPANY BUSINESS
Gene Hackman, Mikhail Baryshnikov (2-13)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00

KNIGHT MOVES
Christopher Lambert, Diane Lane (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO 1-7 HILLBROW 725-1095

150

THE LAWNMOWER MAN
Pierce Brosnan, Jeff Fahey (2-10)
MON-FRI. 7.00, 9.00 SAT: 5.00, 7.00, 9.00

THE POWER OF ONE
Morgan Freeman, Stephen Dorf (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

BOOMERANG
Eddie Murphy, Robin Givens (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY. 2.30, 5.30, 8.00

BEAUTY AND THE BEAST
Walt Disney's Animated Classic (A)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45,10.00
SUNDAY 2.30, 5.30, 8.00

UNFORGIVEN
Clint Eastwood, Gene Hackman (2-16)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

KNIGHT MOVES
Christopher Lambert, Diane Lane (2-18)
MON-SAT: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SUNDAY: 2.30, 5.30, 8.00

LAST BLOOD
Andy Lau (A)
